

Jou Forever Vakansie begin **HIER**



MPUMALANGA

1. Badplaas, 'n Forever Oord
2. Leopard's Trail, 'n Forever Retreat
3. Loskopdam, 'n Forever Oord
4. Isiyala, 'n Forever Lodge
5. Matombu, 'n Forever Lodge
6. Silver Falls, 'n Forever Retreat
7. Blyde Canyon, 'n Forever Oord

VRYSTAAT

8. Gariep, 'n Forever Oord

LIMPOPO

9. Swadini, 'n Forever Oord
10. Phalaborwa Safari Park, 'n Forever Oord
11. Tshipise, 'n Forever Oord
12. Ramoswe, 'n Forever Lodge
13. Lapa Lodge, 'n Forever Lodge
14. Warmbaths, 'n Forever Oord

WES-KAAP

15. Plettenberg, 'n Forever Oord

Met nuwe en opwindende bestemmings om elke hoek en draai, **nooi Forever Resorts** jou uit om ons beeldskone land van nader te aanskou.

Beplan en bespreek jou FOREVER vakansieroete vandag nog!

**BESPREEK
VANDAG
AANLYN**



Weg!
Ry & Sleep

Oordgids


2021

EKSTRA!
20 VAN ONS
LESERS SE
GUNSTELING-
OORDE

80 uitgesoekte
kampplekke in
Suid-Afrika

R100,00 (BTW ingesluit)
Namibië N\$100,00

21005



9 780620 717052



Foto's



GPS-punte



Geriewe



10 hengeloorde

Vakansies



sonder die

BEPLANNING-STRES



Verbeel jou net hoeveel makliker vakansie-beplanning
sou wees as jy **VANDAG** kon **BESPREEK**
en **LATER** kon **BETAAL**.

**DIT IS PRESIES WAT JY NOU BY
FOREVER RESORTS KAN DOEN!**





**FOREVER IS ALTYD OP DIE
UITKYK VIR NUWE MANIERE
OM DIE VAKANSIETYD MEER
ONTSPANNEND VIR ONS
GASTE TE MAAK.**

Daarom het ons onlangs
#PayYourWay bekendgestel –
’n eenvoudige betalingsopsie wat
jou toelaat om ’n welverdiende
vakansie te bespreek, en dit dan
in **paaiemente af te betaal** tot
aanloop van jou vakansie.

En as jy steeds “uhm” en “ahh” oor
jou 2021-wegbreek, sal jy bly wees
om te hoor dat jy in die nuwe jaar
steeds 2020-tariewe betaal –
so jy spaar al die pad!

**Gee jouself iets om na uit te
sien in die nuwe jaar! Bespreek
jou Forever vakansie vandag
nog en...**

#PayYourWay



TEL: +27 (0)12 423 5600
E-POS: info@foreversa.co.za
WEBTUISTE: www.foreversa.co.za



IKONE



Kragpunt gebruik gewone driepunthuisprop



Kragpunt gebruik blou woonwaprop (Fredlin-prop)



Selfoonontvangs in die oord



Winkel met 'n skaaflike verskeidenheid kruideniersware



Restaurant op die perseel



Troeteldiere toegelaat



Hengel toegelaat



Veilige swemplek soos swembad, dam of stroom



Het braaiplek – permanent of losstaande



Wifi-sein in die oord

Ons kan weer kamp!

As gevolg van verlede jaar se Covid-19-inperkingsmaatreëls kon ons vir die eerste keer beleef hoe dit voel om nié te mag kamp nie. En hoewel dit nie lekker was nie, het dit wel 'n positiewe nadraai gehad: 'n Mens voel nou skoon uitgehonger om jou woonwa te haak en weer te mik na jou gunstelingkamp-plek. Of dalk is dit somer ook tyd om 'n nuwe kampplek te probeer.

Dit is net hier waar jy maklik geholpe sal raak met 2021 se *Oordgids*. Ons begin met 50 bestemmingsoorde reg oor die land – en vanjaar sluit ons ook twee van Sanparke se gewildste reservate in. Dit is natuurlik die Krugerwildtuin en die Kgalagadi-oorgrenspark. Ons vertel jou meer van al 13 kampplekke in die


Kruger en van die hoofkampe in die Kgalagadi wat jy selfs met jou stadskarretjie en tent in die katebak kan bereik.

Net soos laasjaar deel ons ook 20 oorde waarvan ons lesers ons in die laaste jaar of twee vertel het – jy hoor dit dus uit die perd se bek. En dan sluit ons af met 10 gawe hengeloorde waar jy ewe lekker kan kamp.

Leon

REDAKTEUR: OORDGIDS 2021

leon.botha@media24.com





INVADER

Off-Road Campers

'n Ligte kampeerwa
wat die luukshede
van 'n karavaan bied
met die
vermoëns van 'n
4x4 sleepwa.



Net so tuis in 'n
karavaanpark
soos op verafgeleë
Afrika-paaie



QUATTRO

Ontwerp vir die avonturier aan die beweeg...



GAUTENG

Kempton Karavane 011 974 5595
Invader Pretoria 083 700 2552
Lynnwood Trailers 012 807 5651

KWAZULU-NATAL

Natal Karavane 031 702 7291

WES-KAAP

Tygerberg Karavane 021 982 4670

MPUMALANGA

Middelburg Karavane 013 243 5060



Volg ons op
Facebook & Instagram



EPOS: sales@invader.co.za | WEBTUISTE: www.invader.co.za | NASIONALE VERKOPE: 0861 INVADER

Inhoud

BESTEMMINGSOORDE

Krugerwildtuin en omstreke

Punda Maria	11
Shingwedzi	12
Tsendze	14
Letaba	16
Balule	18
Satara	20
Skukuza	22
Maroela	24
Onder-Sabie	25
Pretoriuskop	26
Krokodilbrug	28
Berg-en-Dal	30
Malelane	32
Henk van Rooyen	34
Forever Swadini	36
Hippo Water Front	38
Forever Badplaas	40

Sentraal-Noorde

Abba-wildlodge	42
ATKV-Klein-Kariba	44
Forever Warmbad	46
Dinokeng Camp & Leisure	52
Ruah Park	54
Rust-oord	56
ATKV-Bufferpoort	58

Vrystaat tot Ooskus

Meiringskloof	60
Forever Gariep	62
ATKV-Drakensville	64
Mountain Splendour	66
Dragon Peaks	68
Dolphin	70
Salt Rock	72
ATKV-Natalia	74
Profcon	76
Nqweba	78
Areena	80
Yellow Sands	82

Suide van die Wes-Kaap

Forever Plettenberg	84
ATKV-Hartenbos	86
Altydwater	88
Slanghoek	90
Moreson	92

Weskus en Kalahari

Lambertsbaai	94
Strandfontein	96
Hondeklipbaai	98

McDougallsbaai	100
Molopo Kalahari-lodge	102
Kgalagadi-lodge	104
Mata Mata	106
Twee Rivieren	108
Nossob	110

LESERSKEUSE

Sentraal-Noorde

Weesgerus	116
Almega	117
WagonDrift	119

Vrystaat tot Ooskus

Tava-Lingwe	120
River Destiny	122

Suide van die Wes-Kaap

Eagle Falls	123
Kleinplaas	125
Molenrivier	126
Gouritsmond	128
Warmwaterberg	129
Umshanti	131
Montagu Guano Cave	132
Montagu-woonwapark	134
Bonnievale-rivierlodge	135
Onrus	137
Kleine Eike	138
Dwarsberg Trout Hideaway	140

Weskus en Kalahari

Yzerfontein	141
Balie se Gat	143
Marcuskraal-4x4	144

HENGELOORDE

Krugerwildtuin en omstreke

Nooitgedacht-forellodge	150
-------------------------------	-----

Sentraal-Noorde

Gasteplaas Hartebeesfontein	151
Bush 'n Buck	153
Bass Lake	154
Wonderland 45	156

Vrystaat tot Ooskus

Bassfeather Country-lodge	157
Uithoek	159
Dwesa	160
Trennerys	161

Suide van die Wes-Kaap

L'Agulhas	162
-----------------	-----

Oordgids 2021

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER ✉ schalk.jonker@media24.com
 REDAKTEUR: OORDGIDS 2021 LEON BOTHA ✉ leon.botha@media24.com
 JOERNALISTE CYRIL KLOPPER ✉ cyril.klopper@media24.com
 KYLE KOCK ✉ kyle.kock@media24.com
 UITLEGKUNSTENAARS DOMINIC WIENAND ✉ dominic.wienand@media24.com
 OWEN WILLOUGHBY ✉ owen.willoughby@media24.com
 TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD ✉ peter@subteks.co.za
 MEDEWERKERS DE JONGH BORCHARDT, HELENUS KRUGER, LIANA MOCKE
 EN ANTOINETTE SCHOEMAN

UITVOERENDE HOOF MEDIA24 ISHMET DAVIDSON

UITVOERENDE HOOF DRUKMEDIA RIKA SWART

HOOFBESTUURDER LEEFSTYL MINETTE FERREIRA

HOOFBEMARKINGSBESTUURDER LEEFSTYL NERISA COETZEE

HOOF PROJEKBESTUUR RAJ LALBAHADUR

FINANSIËLE BESTUURDER MELANIE LEEMAN

SIRKULASIEBESTUURDER ARMAND KASSELMAN

✉ armand.kasselman@onthedot.co.za

ADVERTENSIEVERKOPE

DANIE NELL ✉ danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542
 SHARLENE SMITH ✉ sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604
 VERNETTE WESSELS ✉ vrautenb@media24.com ☎ 082 766 1705

BESTUURDER: KOMMERSIEEL LISE VAN BREDA ✉ Lise.Coetsee@media24.com



MEDIA24 LEEFSTYL KREATIEWE ATELJEE

KREATIEWE HOOF MICHAEL DE BEER

BESTURENDE REDAKTEUR: KOMMERSIEEL GERDA ENGELBRECHT

HOOF: GELEENTHEDE FRANCOIS MALAN

HOOF: BORGSKAPPE NIKKI RUTTIMANN ✉ nikkir@media24.com

BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI ✉ Andile.Nkosi@media24.com

TEKSREDAKTEUR: ADVERTENSIES BRIGITTE BLANCKENBERG

PRODUKSIE KERRY NASH

AANLYNWINKEL AMINA ESSOP ✉ Amina.Essop@media24.com

KONTAK ONS

AMINA ESSOP ✉ Amina.Essop@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES 19de verdieping, Media24-gebou,
 Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191



DRUKWERK CTP
 Alle regte word
 voorbehou.



Ry & Sleep is 'n lid van
 die Ouditburo vir
 Sirkulasie



© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of
 algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die
 redakteur is streng verbode.

MEDIA24

Jou avontuur wag op jou



Camp Dome 405

245 (L) x 245 (W) x 140 (H) cm
2000 m-waterkolom
Verpakte gewig 3,9 kg

> **SLAAP 4**

TE KRY BY:
game



Family Cabin 490

• 440 (L) x 260 (H) x 210 (W) cm
• 2000 mm-waterkolom
• Verpakte gewig 13,2 kg

> **SLAAP 4**

TE KRY BY:
makro



Koel- boks

30 liter

- Pas 2L-bottel wat staan
- Nietoksies & voedselveilig
- 2 bekerhouers op deksel

TE KRY BY:
makro
game



Deluxe 300 HOËRUGSTOEL

- Kompak wanneer gevou
- Bekerhouer

> **110 kg**
gewigsteun

TE KRY BY:
game



Caravanner VERSTELBARE STOEL

- Ten volle opgestop
- 5 verstelbare posisies

> **150 kg**
gewigsteun

TE KRY BY:
makro



Savannah DIREKTEURSTOEL

- Opgestop
- Sytafel
- Ingeboude koelsak
- Beker- en selfoonhouer

> **150 kg**
gewigsteun

TE KRY BY:
makro



Classic 750 MEGA-STOEL

- Bekerhouer
- Nutsakkie
- Ingeboude koelsak

> **200 kg**
gewigsteun

TE KRY BY:
game



UV 50+
weerstand

SLUIT IN 3 sypanele

TE KRY BY:
game

Instant Shade 210

- 298 (L) x 298 (W) x 305 (H) cm
- 600 D-Oxfordmateriaal
- Silwerlaag-dekseil vir ekstra koelheid
- Sluit in toue, penne & drasak



EEN-DRUK-MEGANISME
Enkelpersoon-opstelling

SLUITBARE HEFBOOM
Verstelling vir verskeie hoogtes

ROLSAK
Maklike vervoer

Solo Touch Gazebo

- 300 (L) x 300 (W) cm gazebo
- Sentrale sluitmeganisme
- Penne en toue ingesluit
- Silwervoeëring vir ligbeskerming & ekstra koelheid
- Drasak met wiele
- Verbeterde raamontwerp

TE KRY BY:
makro



TE KRY BY:
makro

35 liter-ys/vrieskas

- 12 en 220 Volt
- Sterk plastiekkabinet
- Digitale termostaat
- Spanning-afsluiter
- Sluit 2 mandjies in

LAAT WIEL EN LAAT WAAI!



HIER IS JOU GELEENTHEID OM 'N BETER 2021 TE HÊ!

Jy het reg gehoor! **ONS HET BESLUIT OM NIE ONS PRYSE IN 2021 OP TE STOOT NIE**, want jy verdien die geleentheid om bietjie uit te kom en die beste jaar ooit te hê – teen sakpas pryse!



TEL: +27 (0)12 423 5600




E-POS: info@foreversa.co.za

WEBTUISTE: www.foreversa.co.za



BY FOREVER, IS DIE BUILEWE JOUNE OM TE VERKEN IN 2021!
AL WAT JY NOU MOET BESLUIT IS: **WATTER FOREVER OORD**
GAAN JY EERSTE BESOEK?

MPUMALANGA WES-KAAP VRYSTAAT LIMPOPO



Bespreek aanlyn • Laai die Forever Toep af • Kontak ons Sentrale Besprekingspan

BESPREEK JOU 2021 VAKANSIE
TEEN 2020 PRYSE VANDAG!

BESPREEK
AANLYN




Punda Maria

Punda Maria is die noordelikste kampplek in die Krugerwildtuin; hier kamp jy net 'n paar kilometer van die grens met Zimbabwe en Mosambiek af.

Punda Maria was omtrent 'n eeu gelede 'n veldwagterspos met kaptein J.J. Coetzer aan die stuur van sake. Van die eerste diere wat kaptein J.J. ná sy aankoms hier gesien het, was sebras. Die Swahilinaam vir 'n sebra is "punda malia", en die kaptein se vrou, Maria, het 'n voorliefde vir kleren met swart en wit strepe gehad; toe noem hy dié plek Punda Maria.

Dit is uitgelê aan die voet van 'n koppie, en sodra 'n mens direk ná die hek verby die vulstasie ry, moet jy met 'n steil paadjie uit tot by die kantoor. Maar haak eers af vóór jy na die kantoor toe ry. Die staanplekke is links af, en waar die paadjie oploop, maan 'n bordjie woonwaens mag nie verder nie. As jy per ongeluk die bordjie miskyk, sal



jy bo in die parkeerplek jou draai kan kry, maar die kans is goed jy sal moet afhaak, omdraai en weer haak.

Die staanplekke is net so ruim en ver uitmekaar as by Shingwedzi, maar teen die heining is sommige van die staanplekke teen mekaar en ander meer privaat. Soos in die ander kampe in die Kruger is hier geen teken van 'n lowergroen grasmak op jou staanplek nie, maar 'n stuk skoongemaakte grond. Die staanplekke is nie afgebaken nie en jy kies 'n plek om jou wa staan te maak.

As jy nie betyds is vir 'n plek teen die heining nie, is hier darem 'n troos: Hier is dele waar jy nie teen die heining mag kamp opslaan nie, wat beteken mense wat verder

weg staan, kry ook kans om die wilde diere langs die kamp te sien. 'n Verdieping hoë voëlskuiling met 'n grasdak staan teen die draad en 'n mens kan die waterrat langs-aan nóg beter sien. Weerskante hiervan, seker 'n goeie 20 m na elke kant toe, mag niemand kamp opslaan nie.

Die een badkamer sit skuins agter die skuiling en die ander een tussen die kampplek en die voetpaadjie waar 'n mens oploop na die kantoor.

Die braaiplekke en die kragpunte staan rond en bont en hier is heelwat koelte-bome. As jy afhanklik is van krag, kan die lengte van jou verlengkoord die verskil beteken tussen koelte en son.



Kortliks | Punda Maria



Kampplek 40 staanplekke met krag en 21 daarsonder aan die voet van 'n koppie met genoeg koeltebome, maar van die staanplekke is nie gelyk nie. Die eerste prys is die drie staanplekke weerskante van die voëlskuiling waar jy net die draad tussen jou en die watergat het.

Ablusiegeriewe 2 eenderse ablusie-blokke en 2 kombuisgeboue rofweg in die middel van al die staanplekke.

Prys Afhangend van die seisoen en staanplek R250-R390 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.




Kontak 013 735 6873 of 082 802 0066

Naaste hek Punda Maria 8,4 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die kampplek.

GPS S22.692072 E31.018108

Ry & Sleep sê Die swembad is geleë regoor die badkamer die naaste aan die kantoor, en die waskamer sit net bo dié badkamers.





Shingwedzi



Hierdie kamp staan kop en skouers bo die res uit as dit kom by gelyk staanplekke, en dan is hier boonop ook reusagtige mopaniebome.

Shingwedzi was die eerste van al die Krugerwildtuin se kampe wat heiningstaanplekke vooraf toewys, en jy betaal boonop duurder daarvoor. (Shingwedzi s'n is ook die duurste in die Kruger.)

Omdat jy in 'n ry staan teen die heining, kamp jy reg op die drumpel van jou buurman, maar dis 'n klein prys om te betaal vir jou onbelemmerde uitsig deur die heining.

Die ander helfte van die staanplekke lê agter die heiningstaanplekke en dis opvallend hoeveel ruimte 'n mens rondom jou het, selfs al is die kampplek volbespreek.





Kortliks | Shingwedzi



Kampplek 60 gelyk staanplekke met krag en heelwat koelte. Ongeveer die helfte van hulle is langs die heining, maar daarvoor betaal jy meer.

Ablusiegeriewe 2 ablusieblokke nader aan die een kant en 2 kombuisgeboue nader aan die ander kant.

Prys Afhangend van die seisoen en staanplek R300-R450 p.n. per staanplek vir

Die kragpunte is rond en bont geplant, en eers pla dit 'n mens nie, want jy kan vir jou 'n kol naby die kragpunt uitsoek. Maar op van die staanplekke het 'n mens geen ander keuse nie as om jou verlengkoord oor die pad tot by die kragpunt te lê.

Van die staalbraaiers staan geplant met 'n swaairooster, maar hier is ook losstaande modelle wat jy nader aan jou staanplek kan skuif.

Die ligging van die badkamers is effens vreemd. Die een gebou staan op een van die punte waar 'n mens die kampterrein binnery, en die ander een in die middel rond, oorkant die pad tussen die chalets, maar buite die grens van die kampterrein. Gelukkig het jy 'n keuse, én hier is geriewe vir mense in 'n rolstoel.

Die storthokkies is soortgelyk aan dié van Satara en ook net so beknop. Die waskamer is by die ander badkamer, maar wees geduldig, want van die kampeerders vergeet soms hulle wasgoed in die wasmasjiene en jy moet maar kom loer wanneer jy 'n beurt kan kry.

Een van die Kruger se tipiese vierkantige kombuisgeboue staan aan die swembadkant van die kampplek en die ander een nader aan die middel.

Shingwedzi se omheinde swembad is reusagtig. Die hekkie soontoe is tussen die boonste staanplekke, aan die teenoorgestelde kant van die onderste badkamers. Wanneer die son begin water trek, kan die kinders voortbaljaar, want daar's 'n groot spreilig langs die swembad wat outomaties aangaan sodra dit donker raak. Jy mag tot 21:00 swem.

die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6806/7 of 082 889 4376

Naaste hek Punda Maria 72,5 km.


Hoe lyk die pad? Teer tot by die kampplek.

GPS S23.108452 E31.435543

Ry & Sleep sê As jy ooit 'n kampwaterpas uitvind, kan jy hom op hierdie staanplekke kom kalibreer.



Tsendze



Tsendze is 'n kampplek waar 'n mens móét gaan inloer, al is dit net om self te sien waarom so baie kampeerders dit uitsonder as hulle gunstelingkampplek in die Kruger.

Dié kamp het nie sy eie ontvangskantoor nie, en jy moet 'n paar kilometer verby hou tot by die Mopanikamp om in te teken.

By Tsendze is dinge agtermekaar en elke staanplek duidelik genommer. Die amptenaar waar jy inteken, benadruk ook dat jy op die staanplek moet kamp wat hulle aan jou toewys.

Tsendze se borshoogte houtheek moet jy self oopmaak om die kamp binne te ry. Kyk maar goed rond vóór iemand uit die kar spring om dié takie te verrig, want daar's dalk wilde diere. Met ons besoek was daar net 'n paar honderd meter van die afdraai na die kamp af 'n klompie olifante.

Aanwysingsbordjies wys watter afdraai jy moet vat na watter kampplek toe. Die staanplekke is groot skoongemaakte kolle in die bos, party heel privaat en ander effens nader aan mekaar, maar niemand is in niemand se pad nie. In die middel van

die dag is dit doodstil in die kamp – dit voel omtrent soos 'n Sondagmiddag.

Die omgewing buite rondom Tsendze het meestal menshoogte bome met gras onderlangs. Maar langs die H1-5-teerpad, naby die Mooiplaas-piekniekplek, is 'n klomp groot bome op 'n kol wat van die buitekant af soos 'n woud lyk. Binne die woud is die Tsendze-kamp, waar 'n mens kan sien hoe groot mopaniebome kan word (hier's ook hardekoolbome van vier verdiepings hoog).

Op jou staanplek is die kans op koelte




dus goed, al is dit net op die een hoek. Verder is daar net drie dinge op jou staanplek: 'n staanpleknommer, 'n vullisdrom en 'n geplante staalbraaiplek. Die braaiplekke staan nie op dieselfde posisie op die staanplekke nie, en op sommige kan dit selfs in die pad wees as jy jou wa op 'n sekere manier wil trek. As braai 'n belangrike deel van jou kampelewe is, is dit veiliger om jou eie toestel te bring.

Hier is twee badkamers naby mekaar. Hulle lyk identies en is omtrent in die middel van die kamp. Baie kampeerdere

stryk aan badkamer toe en steek voor die deur vas – dan mik hulle na 'n ander deur, want weerskante van elke ingang is 'n ope-lugstort. Dit is privaat, maar jou plafon is die blou hemel en dit voel sommer net reg as jy in die bos uitspan. Jy het 'n bankie waarop jy jou saamdragoed kan sit, en 'n handdoekreling vir die res. Die stort self is ruim genoeg.

Die badkamers binne het ligte, maar hulle werk net snags. Dit het vir ons gelyk asof die ligte aan 'n dag-en-nag-skakelaar gekoppel is.

Kortliks | Tsendze



Kampplek 34 gelyk staanplekke sonder krag, elk op 'n skoongemaakte deel in die bos met taamlike koelte.

Ablusiegeriewe Netjies, goggaloos met binne- en buitelugstorte.

Prys Afhangend van die seisoen R300-R390 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.


Kontak 013 735 6535/6 of 082 802 1113

Naaste hek Phalaborwa 68,4 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 270 m is 'n netjiese grondpad.

GPS S23.556463 E31.444190

Ry & Sleep sê Terwyl jy by die Mopani-kamp inteken, kan jy in die winkel sommer ook vars produkte aanvul en die dieseltank volmaak vóór jy in die bos by Tsendze afsaal.



Letaba

Letaba lê so te sê op die naeltjie van die Krugerwildtuin. Dit is olifantwêreld dié; selfs op Phala-borwa verwys toergidse jou na die “Olifantmuseum” in Letaba. As dié een-tonners jou interesseer, sit gerus ’n uur of twee opsy om ’n draai te maak by die Omgewingsopvoedkundige Sentrum net agter die ontvangsgebou.

’n Massiewe veselglasolifant wag jou voor die deur in. Die sentrum voel soos ’n bogrondse begraafplaas van die plooi-velle. Hier kan jy sien hoe groot is ’n regte olifanthart, jouself meet teen die geraamte van een van die kolosse, en selfs na hulle eie heldeakker gaan kyk. Ook deel van die tentoonstelling is die ivoor wat behoort het aan van die grootste grootvoete wat nóg die park bewandel het. Onder hulle tel Mafunyane, wat volgens kenners een

van die bekendste “Groot Sewe”-olifante van die Kruger was. Sy naam beteken “die iesegrimmige” en hy het op 57-jarige ouderdom naby Shingwedzi sy laaste asem uitgeblaas.


Wildkyk in die omgewing kos nogal fyn kyk, want die wêreld hier is oortrek met digte mopaniebos (jy kamp ook tussen ’n plaat mopaniebome). Wanneer jy jou langs een van die bome bevind, besef ’n mens hulle word groter as wat jy dink – hulle maak selfs skaflike koelte. Maar al staan daar oral van hulle, kan jy steeds ’n ordentlike wa onder hulle trek.

Die staanplekke is genommer met geverfde betonblokke, maar dit is nie afgebaken nie. Die kragpunte staan ook versprei oor die kampplek met groen waterkrane apart daarvan, elk met ’n gemesselde vloertjie rondom.





Kortliks | Letaba



Kampplek 60 staanplekke met krag tussen mopaniebome.

Prys Afhangend van die seisoen R300-R390 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6636/7 of 082 802 1255

Naaste hek Phalaborwa 50,7 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S23.853953 E31.574657

Ry & Sleep sê Hierdie kampplek in die "woud" is hipernetjies – selfs die paaie word soggens gevee.





Balule

Met net 15 staanplekke elk is Malelane en Balule die kampe in die Krugerwildtuin met die minste staanplekke.

Balule is net-net kleiner as 'n rugbyveld. Die staanplekke lê al langs die heiningdraad, maar word nie ordentlik afgebaken nie. Hier en daar is 'n staanpleknommer teen 'n paaltjie vasgeskroef, maar dis onduidelik wie waar moet staan. Kampeersders kom binne en kies self 'n kol langs die draad, maar dit lyk nie of almal ewe bedagsaam is nie. Net soos wanneer twee karre weerskante van 'n oop parkeerplek te naby ingetrek het en geen kar dan daar kan inkom nie, gebeur dit ook hier. Dit mors die kosbare plek langs die heining.

Heel regs kan jy 'n ent weg van die heining af staan, en dan is daar ook 'n paar kampplekke net ná die hek links.

Op jou staanplek trap 'n mens stof uit die aarde en die grond is effens klipperig. Met die eerste oogopslag lyk dit of jou tentpenne gaan les opsê wanneer jy dit inkap, maar verbasend genoeg gaan hulle sonder veel moeite in. En wanneer dit oppaktyd is, kry 'n mens dit weer uit sonder om 'n agterdyspier te verrek.

Hier is 'n hele klompie bome, maar niks wat 'n mens kan beskryf as ordentlike koeltebome nie. Staalbraaiplekke staan 'n ent uitmekaar geplant, maar omdat kampeersders lukraak kamp opslaan, kan jy nie sommer net een vir jouself toeëien

nie. Hier staan darem 'n paar los staalbraai-plekke rond wat jy kan nader dra as jy nie jou eie een gebring het nie. Krane is skaars en jy moet mooi kyk om hulle raak te sien, veral in die winter, want dan is hulle net so vaal soos die omgewing.

Die groen gras in die middel van die kampplek laat 'n mens aan 'n stadsplein dink waar mense oor middagete 'n blaaskans vat. Dit is ook waar die kombuis onder 'n grasdak is.

Die badkamers is regs van die inrypad en hier word paraffienlanterns gebruik vir lig deur die nag. Dit is heeltemal goed genoeg om jouself te oriënteer in die vertrek, maar dis omtrent al.

Die lanterns brand heel nag.





Kortliks | Balule



Kampplek 15 gelyk staanplekke sonder krag waarvan die meeste langs die heiningdraad is.

Ablusiegeriewe Klein en netjies. In die middel van die kamp is 'n opwasplek.

Prys Afhangend van die seisoen R300-R390 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6606/7

Naaste hek Orpen 94,8 km en Phalaborwa 96,3 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 7 km is grondpad.

GPS S24.053941 E31.733340

Ry & Sleep sê 'n Mens kan nie by Balule self inboek nie; jy moet eers by die Olifants- of Satara-kamp gaan aanmeld.



Die Krugerwildtuin se Satara is sinoniem met groot katte soos leeus, luiperds en jagluiperds, en soos 'n mens nader aan die kamp ry, staan die groot ou koorsbome met hulle geelgroen stamme uit teen die res van veld. Die kantoor, restaurant en winkel is langs die bome en is Satara se bedrywigste deel.

Die kampplek is 'n halwe kilometer verder, verby die swembad, vulstasie en chalets.

'n Mens kan die kamp in drie verdeel: Twee dele is links en regs van jou (elk met 'n ablusieblok), en dan is daar die strook verder wat teen die heining lê, ook met 'n ablusieblok.


As jy een van die heiningstaanplekke oorweeg, ry eers teen die heining af om te sien of jy nog 'n gaatjie kry. As 'n mens kyk wie met wat kamp, lyk dit of jou kans om hier te staan groter is as jy 'n woonwa het, want ons het net drie koepeltente gesien. Uiteraard lê die meeste van die 100-plus staanplekke weg van die heining. Die staanplekke sonder krag is links en regs van jou waar jy die kampplek binnery, en die bome in die kamp staan taamlik yl, indien jy 'n koeltekol soek. Probeer nader aan die badkamers die naaste aan die heining staan as jy nuwer geriewe verkies.

'n Mens kan nie kla oor die netjiese leiklipwerk om die versonke wasbakke nie, en agter teen die muur is spieëls. Die storthokkies is ongelukkig baie klein en 'n mens moet eers tot in die trog van die stort klim voor jy die deur agter jou kan toemaak.

Al is die kampplek tjokkenblok, is die uitleg van só 'n aard dat niemand oor mekaar se voete val nie. Dit gee jou 'n gevoel van ruimte en jy hoef nie nog kop te krap om jou sleepvoertuig iewers in te wurm nie. Uiteraard is dit nie die geval met die voorste ry nie: Hier staan jy teen jou buurman.


Die geplante staalbraaiers en kragpunte staan lukraak rond. Die blinkgepoetsde koperkrane by die kombuisgeboue is 'n bewys van hoe skoon Sanparke se mense die geriewe hou.

Die swembad is ongeveer so groot soos 'n ronde plaasdam. Hier is ook 'n kleiner poeletjie vir die kinders én 'n klimraam as hulle begin tande tel op jou staanplek.



Satara





Kortliks | Satara



Kampplek 88 staanplekke met krag en 15 daarsonder – die koelte is min.

Ablusiegeriewe 2 ouer blokke en 1 met nuwe byderwetse geriewe (wat opwasplekke insluit).

Prys Afhangend van die seisoen en staanplek R260-R410 p.n. vir die eerste 2 mense;

daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6306/7 of 082 802 1209

Naaste hek Orpen 45,5 km.

Hoe lyk die pad? Teer al die pad.

GPS S24.392865 E31.779552

Ry & Sleep sê Al is Skukuza die Kruger se hoofkamp, het Satara 18 staanplekke meer – altesame 103.





Skukuza

As jy wil weet presies hoe gewild 'n kampplek is, gaan kyk hoe besig dit is wanneer die omstandighede minder gunstig is. In die Krugerwildtuin is dit in die middel van die somer, want dan gaan draai die kwik by 40°C, die somerreën sorg vir geil en groen bosse, en malaria kan hoogty vier.

In Skukuza, die wildtuin se hoofkamp, gaan jy vir lief moet neem met die magdom mense, regdeur die jaar, maar hier kan jy jou besig hou met 'n paar dinge wat nie by ander kampe beskikbaar is nie. Hier is ook 'n magdom voëls wat sit en sing en in die bome rondskarrel.

As jy inry, is daar nie parkeerplek vir jou kar en wa voor die ontvangskantoor nie. Ry net verby die gebou; links agter is 'n groot oop parkeerplek waar jy kan wag terwyl jou wederhelfte die papierwerk afhandel.

By Skukuza kry jy alles – van 'n poskantoor (met poshokkies) tot 'n volwaardige FNB-tak (met kassiere). Regs van die ontvangskantoor is 'n werk van die beeldhouer Phil Minnaar teen die muur: drie gesigte wat 'n mens herinner dat Paul Kruger nie al die eer vir die park kan kry nie. Weerskante van die staatsman pronk die strak gesigte van Piet Grobler, destydse minister van lande van die Unie van Suid-Afrika, en lt.kol. James Stevenson-Hamilton, die Kruger se eerste bestuurder.

Die staanplekke lê links en regs van 'n teerpad waarmee jy die kamp binnery. Albei kante is uitgelê teen 'n bultjie af met 'n badkamer weerskante bo. Links kamp jy op gelykgemaakte terrasse, gebou met driekwartmaan-betonblokke, en aan die ander kant hou gemesselde klipmure die staanoppervlakke stewig.

Van die staanplekke is ruim, maar plekplek gaan jou Exclusive nie inpas nie.

Die linkerkantse kampeersers staan die naaste aan die swembad, wat 'n beskeie grootte is as jy die status van Skukuza in ag neem.

Moenie in die somermaande sonder 'n waaier of jou wa se lugversorger opdaag nie, want dit raak bloedig warm in dié wêreld.

By die badkamers kan dit vroegoggend besig raak – dit voel amper soos 'n familie-saamtrek. Wildvreemdes groet jou soos jy die badkamer instap. Al is dit besig, wag jy nie vir 'n storthokkie nie.





Kortliks | Skukuza



Kampplek 85 staanplekke met krag weerskante van die inrypad (min of meer in die helfte gedeel). Die heining is aan die regterkant en die swembad links.

Ablusiegeriewe Jy sal moet saamleef met die klein storthokkies en stortgordyne.

Prys Afhangend van die seisoen R310-R410 p.n. per staanplek vir die

eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 4196 of 082 802 1204

Naaste hek Paul Kruger 12,1 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.


GPS S24.995723 E31.592046

Ry & Sleep sê Dit is 'n plek vir kampeerders wat net so lief is vir mense as vir wilde diere.





Kortliks | Maroela



Kampplek 20 staanplekke met krag en heelwat koelte. Nie al die staanplekke is ewe gelyk nie.

Ablusiegeriewe Baie skoon en nader aan die staanplekke digby die hek.

Prys Afhangend van die seisoen R310-R410 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6355 of 082 802 0686

Naaste hek Orpen 3,2 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2,1 km is 'n netjiese grondpad.

GPS S24.456351 E31.399463

Ry & Sleep sê 'n Boskamp na aan die beskawing, maar ver genoeg in die natuur sodat jy rus en vrede kry.

Maroela

Die Maroela-kamp is skaars vyf minute se ry van die Krugerwildtuin se Orpenhek af, en dit is ook waar jy jou moet aanmeld as jy hier wil kamp opslaan.

Maroela is dus 'n satellietkamp – en saam met Tsendze en Balule een van die boskampe. Maar al is dit so diep in die bos, is jy skoon verbaas as jy die eerste keer die kamp sien, want die gewone woonwaens staan behoorlik ingeryg.

Natuurlik word die staanplekke nie toegewezen nie. As jy dus vroeg is, kan jy vir jou 'n kampplek teen die grensdraad uitsoek, naby die wild. Die eerste prys is een van die staanplekke aan die rivierkant waar jou kans selfs groter is om diere te sien.

Iets wat 'n mens nie in 'n "boskamp" verwag nie, is die kragpunte – Balule en Tsendze het byvoorbeeld geen krag nie. Die sokke is netjies toe in 'n boks waarvan die voorkant opslaan.

Die staanplekke is teen 'n effense helling uitgelê, maar hier is darem heelwat koeltebome. Ongelukkig het nie almal 'n vullisdrom, staalbraai en kraan nie.


In die middel van Maroela staan 'n groot appelblaarboom wat lekker baie skaduwee gooi.

Die badkamers is wat 'n mens van Sanparke sal verwag, en aan die oorkant is 'n opwasgebou met 'n paar elektriese tweekleefstudies en 'n kisvrieskas.



Onder-Sabie

Foto Mike Lester-Olivier



Onder-Sabie lê op die oewer van die Sabierivier en is 'n lieflike ruskamp in die wildtuin waar dit omtrent wemel van die wild.

Die kampeerterrein is direk voor jou soos jy Onder-Sabie binnery, met die parkeerplekke vir die kantoor links van jou. Dit is dus mooi in die middel van die kamp en sommer digby die winkel en restaurant. Die swembad is wel op die verste punt regs – 'n goeie 300 m se stap.

In die kampeerterrein is bome wat groot genoeg is vir lekker skaduwee en daar is ook kleiner bome tussen die staanplekke wat sorg vir 'n bietjie meer privaatheid. Hulle is boonop gelyk en dit is maklik om

jou woonwa waterpas te trek. Hier is kragpunte, krane en braaidromme.

Die opwasgeriewe is goed toegerus met die gebruiklike elektriese stoofplate en kookwater.

Steek die braaivuurgas aan stap ná ete oor na die restaurant vir 'n skemerkelkie op die dek.

Van hier af kan jy sit en kyk na die skynbaar oneindige stroom diere wat in troppe by die rivier kom keel natmaak. Daar is ook 'n goeie kans dat jy die raserige kleingeelvinke of bonrugwewers in versamelvoëlneste sal aantref, sowel as 'n verskeidenheid watervoëls soos die groenrug- en reuserier.

Kortliks | Onder-Sabie



Kampplek 34 kleinerige staanplekke met krag en netjiese baksteenrandjies rondom.

Ablusiegeriewe Uiters netjies, wat 'n waskamer insluit.

Prys Afhangend van die seisoen R360-R410 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6056/7 of 082 888 6562


Naaste hek Krokodilbrug 35,7 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S25.119452 E31.915727

Ry & Sleep sê Dis nie aldag dat jou staanplek in die Kruger afgebaken is nie.

Foto Neels van Heerden





Pretoriuskop

Hierdie is die oudste van al die kampe in die Krugerwildtuin. Hier is vier groepe staanplekke langs mekaar, almal min of meer teen die heining af. Omtrent 10 van dié teen die heining het elk 'n voltydse tent en word uitgehou vir spesiale besprekings.

Dit is 'n agtermekaar kamp hierdie met twee badkamers – een by die eerste staanplekke en die ander by die verste klomp. Die waskamer is min of meer in die middel en die masjiene werk met R5-munte. Vir die skottelgoed stap jy net verby die eerste badkamers.

Die kombuisgeboue is die vierkantige



gebou sonder symure (soos in die meeste van die Kruger se kampplekke). Hierin is onder meer opwasplek, 'n paar elektriese tweekatstowe en dan, jou beste vriend: daardie kitskookwatertoestel.

As Pretoriuskop 'n eerste plek verdien, is dit vir sy swembad. Goed, dis seker een van die swembaddens in die Kruger wat die verste van die staanplekke af is, maar die vyf minute se stap tot hier is deur en deur die moeite werd. Dis gebou op die kant van 'n rots wat etlike meters bo die grond uitsteek, en die water is kristalhelder. Bo-op die klip is selfs 'n plonspoel vir die kinders waaruit 'n stroompie tot in die groter poel

afloop. Selfs al is die kampplek tjokkenblok en die kraaie gaap, is die swembad nooit te besig nie.

Selfs al staan jy nie teen die heining nie, kan jy steeds die wild waardeer. Die tarentale in die kamp is hoendermak en trek soos 'n trae warrelwind van die een staanplek na die volgende – jy kan hulle sommer van naby afneem. (Moenie skrik as jy inzoem nie, want dan lyk daai verrimpelde kop soos dié van 'n oervoël.)

Nie al die ape in die kamp is vol streke nie. Party van hulle hang net rond in die boom langs jou staanplek, so al asof hulle ook maar net 'n blaaskans soek.



Kortliks | Pretoriuskop



Kampplek 43 staanplekke met krag, maar van hulle het permanente tente.

Ablusiegeriewe 'n Badkamer op albei punte van die kampplek, 'n waskamer in die middel en die kombuis by die boonste punt. Hier is ook rolstoel-vriendelike geriewe.

Prys Afhangend van die seisoen R310-R410 p.n. per staanplek vir die eerste

2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.


Kontak 013 735 5128/32 of 082 802 1203

Naaste hek Numbi 8,5 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot hier.

GPS S25.169094 E31.268733

Ry & Sleep sê As 'n groot swembad die gesin gelukkig sal hou, kan jy met 'n geruste hart hier bespreek.





Krokodilbrug



Krokodilbrug is 'n klein kampplek, maar kan beswaarlik beter – en daarom is dit baie gewild onder besoekers aan die Kruger. Die ontvangsmense laat 'n mens tuis voel en dit lyk of hulle trots is op hulle werk.

Soos jy die kampplek binnery, is die staanplekke bymekaar aan jou linkerkant – en net minder as die helfte van hulle teen die heining. Jy kamp op 'n gelyk stuk aarde met klippiesgrond wat 'n mens baie laat dink aan Shingwedzi, maar dis pynlik netjies. Dit lyk ook of elkeen wat hier afsaal, darem 'n stukkie koelte kry.

Vroegoggend al sal jy waarskynlik 'n man sien blare hark, en die kop van die brandblusserkraan langs van die staanplekke is blinkgepoets. Die as in die losstaande staalbraaier by jou staanplek word soggens nie net uitgegooi nie, maar ook met water uitgespoel.

Hier is 'n hele paar vierkantige groen


kaste waarin die vullisdromme staan. Die kaste het elk twee deure: een vir herwinbare produkte en die ander vir gewone vullis. Daar is twee krane langs die inrypad, maar die ander moet jy in die kamp soek.

Hier is net 20 staanplekke met die ablusieblok regoor hulle. Aan die een kant van die lang gebou is plek om jou kassettoilet te dreineer plus die waskamer (die wasmasjiene en tuimeldroërs werk met R5-munte).

Die kombuis is oorkant die pad, by die hek waar die staanplekke begin. Dit is 'n oop vertrek met twee wasbakke, vier elektriese tweekplaatstowe en 'n kitskookwatertoestel.

Die vulstasie is by die kamp se ingang en die winkel regs hiervan.

'n Familie vlakvarke loop soos werfhoenders rond, maar die ape is bedrewe grypdiewe – hou dus maar jou vars goed veilig agter slot en grendel.



WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME-

the biggest Internet portal,
providing you various content:
brand new books, trending movies,
fresh magazines, hot games,
recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price

Cheap constant access to piping hot media

Protect your downloadings from Big brother

Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages

Brand new content

One site




AVXLIVE • ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open <https://avxlive.icu>



Kortliks | Krokodilbrug



Kampplek 20 gelyk staanplekke (met krag) op grond met taamlike koelte.

Ablusiegeriewe Netjiese geriewe teenaan die staanplekke weg van die kampheining.

Prys Afhangend van die seisoen R310-R410 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6012 of 082 801 9898

Naaste hek Krokodilbrug 160 m.

Hoe lyk die pad? Teer tot in die kamp.

GPS S25.358475 E31.893490

Ry & Sleep sê Die kanse dat jy oor vakansietye 'n bespreking hier gaan kry, is skraal. Bespreek dus eerste by Krokodilbrug as dié kamp deel van jou Krugerverblyf gaan wees.



Berg-en-Dal

As jy van die Vrystaat of KwaZulu-Natal se kant af kom, is Berg-en-Dal die naaste as jy nie by Malelane wil kamp nie. Dié kamp het die hoogste reënvalsyfer in die Krugerwildtuin en lê tussen granietskoppies op die oewer van die Mtjulaspruit.

Die kampterrein is 'n goeie 400 m terug op jou spoor nadat jy by die kantoor aangemeld het. Met die inryslag kan jy vir jou 'n staanplek links of regs uitkies, maar die kampkolle teen die grensdraad af is uiteraard die gewildste. As jy verder ry, loop die pad dood in 'n smal strook waar minder kampeerders inpas. Dit is meer privaat en ook langs die draad.

Al is die kampplek heeltemal vol, is die staanplekke van só 'n aard dat jy genoeg ruimte rondom jou het, en hulle is meestal ook gelyk. As jy graag onder een van die grootste koeltebome in die kampplek wil kamp opslaan – boonop reg langs die draad – hou heel regs wanneer jy die kampplek binnery.


Bring 'n verlengkoord van minstens 10 m saam, want die kragpunte en koeltebome is nie altyd bymekaar nie. Hier is ook ligte

by die kragpunte, maar dit sit laag en is effens weggesteek. Pleks daarvan om die kol direk by die kragpunt te verlig skyn dit af grond toe en dien eintlik geen doel nie. Bring dus jou flits as jy ná sononder badkamers toe wil stap. Hier is drie ablu-sieblokke en elkeen van hulle het rolstoel-vriendelike geriewe met opwasplekke aan die agterkant.

Soos jy van die kantoor af na die kampplek toe ry, is die waskamer en swembad links, net voor die kampterrein. Die wasmasjiene werk met R5-munte en die swembad het heelwat koeltebome rondom. Hier is geen vertrapping nie en almal – oud en jonk – geniet dit gate uit.

As jy vinnig 'n draai by die winkel wil maak – dié is langs die kantoor – is dit te naby om soontoe te ry, maar te ver om te stap, veral as die son op sy stukke is. Maak 'n uitstappie daarvan en stap al met die heining langs in die rigting van die kantoor. Dit is die Renoster-wandelroete en hier is heelwat koelte. Moet ook nie verbaas wees as jy olifante sommer hier digby jou sien nie. As jy só naby hulle kom, besef jy eers hoe groot die ou reuse in werklikheid is.





Kortliks | Berg-en-Dal



Kampplek 82 staanplekke, met die heining wat regs van die kampterrein gespan is. Die eerste staanplekke is weg van die heining, maar nader aan die swembad en kantoor.

Ablusiegeriewe 3 badkamers wat deur die kamp versprei is, met meer as ruim opwasplekke.

Prys Afhangend van die seisoen R310-R410 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6106/7 of 082 802 1201

Naaste hek Malelane 12,7 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S25.426516 E31.449517

Ry & Sleep sê Die ape in die kamp kan 'n mens grys hare gee. Ons is voorheen al gewaarsku dat die pestilensies hulle selfs deur die seil van jou woonwa se opwipdak kan wikkel.



“

Nie almal verkies gerief nie, en vir dié mense is daar Malelane. Hier het jy 'n staanplek en 'n badkamer en niks verder nie.

”

Malelane

Malelane, ongeveer 11 km van Berg-en-Dal af, is die suidelikste kamp in die Krugerwildtuin. Die deursnee-wildtuinkampeerder gaan eerder vir Berg-en-Dal mik, want dit is 'n groot, netjiese kamp. Maar nie almal verkies gerief nie, en vir dié mense is daar Malelane. Hier het jy net 'n staanplek en 'n badkamer en niks verder nie.

Die staanplekke is links van die hek en strek in 'n L-vorm weg van jou af. Die kort been van die L loop in die rigting van die Krokodilrivier. Die staanplekke het almal 'n effense helling na die rivier se kant toe en die bome is skraap. Die vullisdromme vir herwinning is versprei en die krane staan weggesteek.

Soek eers mooi vir 'n kragpunt vóór jy opslaan – ons het net vier gesien. As jy in die hoek staan, gaan jou verlengkoord omtrent 50 m lank moet wees om by die kragpunt uit te kom, en die mense nader aan dié kant seker 40 m. Hier staan ook 'n paar los staalbraaiers.

Die badkamer is regs soos jy na die kampplekke toe draai. Langsaan is 'n toe kombuis met onder meer 'n kisvrieskas, yskas en gasstoof, en langs dit 'n oop kombuis met 'n wasbak, kookwater en ook 'n yskas.

Langs die heining is 'n groot grasperk waar jy kan afkyk na die Krokodilrivier, maar dis taamlik bebos voor jou en jy sien nie te veel nie.





Kortliks | Malelane



Kampplek 15 ongelyk staanplekke met min koelte.

Ablusiegeriewe Klein en netjies.

Prys Afhangend van die seisoen R310-R410 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders). Plus 'n bewaringstarief van R105 p.p.p.d. (kinders R52) as jy nie 'n Wild Card het nie. Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 013 735 6152

Naaste hek Malelane 4,3 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 1,2 km is grondpad.

GPS S25.476487 E31.511640

Ry & Sleep sê Hier is nie 'n kantoor nie en jy moet eers by die Malelanehek aanmeld vóór jy jou tent kan kom opslaan.



Henk van Rooyen

Marlothpark lê net meer as 400 km oos van Pretoria, en met die N4 langs sal dit jou ongeveer vier uur neem om tot hier te kom. Daar is twee afdraaie na Marlothpark; neem eerder die tweede een (S25.43552 E31.82231) op die Tenboschpad, veral as dit jou eerste besoek is aan die Henk van Rooyen-vakansieoord.

Dié pad is 12 km langer, maar hy's goed geteer en neem jou verby twee winkelsentrums sodat jy kan sien waar om braaivleis en drinkgoed in die hande te kry. Met jou tweede besoek kan jy die eerste afdraai neem, maar hou in gedagte dis 'n grondpad.

Wys jou ID by die oord se hek en 'n sekerheidswag sal dit met sy besoekerslys vergelyk en jou binne wuif.

Die ontvangsgebou het parkeerplek vir sleepkombinasies en jy kry aanwysings hoe om by die kampplek uit te kom. Ná die formaliteite ry jy verby 'n klompie chalets en rondawels, en uiteindelik, 200 m verder, is jy by jou staanplek.

Hier is 20 ruim staanplekke waarvan 10 uitsluitlik vir woonwaens is. Elkeen van

dié plekke het 'n groot skadunet waar- onder 'n dubbelaswoonwa én sy stoep- tent lag-lag sal pas.

Jou woonwa staan waterpas op plavei- stene, maar jy sal 'n grondseil moet uitrol op die grond voor jou woonwa. Die staan- plekke is sowat 15 m uitmekaar en elk- een het sy eie braaiplek tussen jou wa en die wildheining.

Elke braaiplek is van sierstene gebou en het 'n dik betonblad. Jy maak vuur op die regterkant van die blad ('n oop rooster word verskaf) en links is plek om jou toe- knyprooster te pak. Onder die werkopper- vlak is 'n vullisdrom en jy kan sakkies hout onder die vuurmaakdeel bêre.


Van jou stoep- tent af het jy ongelukkig nie 'n onbelemmerde uitsig op die Kruger nie, want daar is 'n ry boompies tussen jou braaiplek en die wildheining. Jy kan wel tussen die boompies se stamme deur sien of daar 'n trop olifante verbystap, maar as jy die seekoeie in die Krokodilrivier wil bekyk, moet jy tussen die boompies deur- stap en by jou kampplek se eie betontafel en -bankies gaan sit.

Snags kan jy hier uitspan en elke dan en wan jou flitslig se straal oor die rivier se oorkantste oewer swiep op soek na die blink oë van 'n groot kat wat water drink. En omdat jy 'n paar meter weg is van die woonwaens, sal jou lig nie slapende kam- peeders pla nie.

By jou staanplek is 'n kouewaterkraan en kragpunt teenaan een van die pale wat jou skadunet omhoog hou. Dié kragpunt het 'n skakelaar vir jou kamplig, 'n aardlek- wipskakelaar, 'n driepuntkrag sok én 'n blou sok.

Die ander 10 kampplekke is meer geskik vir tente of boswaens en hulle het nie skadunette nie, geen uitsig op die rivier nie en geen braaiplekke, krag of water nie. Hulle is egter voldoende as jy slegs vir een nag selfversorgend wil kamp as deel van 'n langer reis, byvoorbeeld na Mosambiek of die Kruger.

Tussen die staanplekke en die ablusie- blok is 'n breë grasperk met speelplek vir die kinders. Hier is helder- kleurige buite-



Kortliks | Henk van Rooyen-vakansieoord



Kampplek 20 staanplekke, waarvan 10 vir woonwaens is met uitsigte op die rivier. Die ander is onder bome, verder weg van die rivier, en bedoel vir tente.

Ablusiegeriewe 1 ablusieblok met aparte geriewe vir mans en vroue.

Prys Afhangend van die seisoen R250-R500 p.n. per staanplek vir tot 6 mense.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 10:00.

Kontak 072 282 2256 of 082 726 5948

henkvanrooyen.co.za

info@henkvanrooyen.co.za

Naaste dorp Komatipoort 27 km.

Hoe lyk die pad? Binne die oord wag 200 m goeie grondpad.

GPS S25.36803 E31.75832

Ry & Sleep sê Dis 'n gawe manier om die Kruger uit 'n ander hoek te beleef.

bande waaroor hulle kan klouter, asook swaie en 'n wipplank. Hier is 'n lamppaal waarvan die lig heelnag skyn om die pad na die ablusieblok te verlig.

Die ablusiegeriewe het aparte geriewe vir mans en vroue. Die vrouekant het drie toilethokkies en vier wasbakke, elk met 'n spieël. Hier is 'n badkamer met sy eie wasbak en twee storthokkies, elk met 'n seepbakkie en vensterbank waarop jy sjampoe en haaropknapper kan uitpak. Die storthokkies is taamlik klein en hier is nie baie plek om uit en aan te trek nie. Die mansgeriewe het 'n spieëlbeelduitleg, behalwe dat daar twee toilette en een urinaal is.

Die mans- en vrouegeriewe word deur 'n opwaskamer geskei. Die ingang is aan die voorkant van die ablusieblok (wat na jou kampplek toe wys) en hier is 'n klompie wasbakke met warm en koue water waar Pa en die kinders kan skottelgoed was.

By die ontvangsgebou is 'n swembad, speelplek, tennisbaan en 'n stalletjie wat worsbroodjies verkoop. En 'n restaurant.



Forever Swadini

Swadini is een van die mees be-
kroonde kampterreine in die land.
As jy eers jou staan kry hier aan
die voet van die Blyderiviercanyon,
sukkel jy nie om te verstaan hoekom nie.
Jy word omring deur die spitse van die
Drakensberg, 'n bosveldlushof omvou jou,
en tussen die wild is jy geheel en al verwy-
der van jou alledaagse bestaan.

As jy lus voel om die Groot Vyf te gaan
soek, is die Orpenhek net 75 km ver, en as
jy die canyon wil beleef soos nog nooit
tevore nie, moet jy 'n bootrit op die Blyde-
poortdam bespreek. Jou toergids vertel
jou alles van die geskiedenis van die dam,
die plantegroei en dierelewe, en neem jou
tot reg by die Kadishi Tufa-waterval, wat
ook bekend staan as die natuur se hui-
lende gesig. Jy kry die beste uitsig op die
wêreldbekende Drie Rondawels en gaan
soek dan krokodille en seekoeie.

Maar jy hóéf nie by die oordhek uit te
ry as jy op soek is na doendinge nie, want
hier is meer as genoeg in die oord om jou,
jou skoonma en die kleintjies besig te hou.
Jy kan een van twee staproetes aandurf, in
die koue- of warmwaterswembad baljaar
of ietsie in die restaurant of kroeg gaan
geniet. En as jy die kinders onder jou voete



wil uitkry, kan jy hulle “vriendelik versoek”
om minigholf of tennis te gaan speel of
om op die trampoliens van hulle oortollige
energie ontslae te raak.

Die staanplekke in die woonwapark
is in 'n lang strook langs die Blyderivier
uitgelê. Van die staanplekke het 'n plavei-
selblad van 10 x 10 m en is heeltemal vol-
doende om jou wa en tent op die gelykte
te laat staan.

Die voorste staanplekke is so te sê op
die oewer van die rivier; daar is net 'n elek-
triese heining tussen jou en die water.

Nodeloos om te sê gaan daardie elek-
triese heining nie maklik 'n seekoei stuit
nie; hou dus jou oë oop vir hulle, veral as
die watervlak hoog is. En as jy nie op jou
hoede is nie, sal die ape en bobbejane ook
kom kyk wat hulle in die kiste kan stop.

Hier is 'n groot verskeidenheid geveer-
des om die voëlkykers besig te hou.
Met ons besoek het ons die blougrys-
vlieëvanger, swart- en withelmlaksman,
baardwipstert, groenvlekduif, sneeubal
en die Kaapse glasooi sommer binne net
een dag gewaar.



Kortliks | Forever Swadini



Kampplek 220 genommerde staanplekke met krag, 'n vullisdrom en braaier. Altesame 100 van hulle het 'n plaveiselblad en die meeste koelte. Gras is egter skaars.

Ablusiegeriewe 6 groot en moderne ablusieblokke; van hulle is ingerig vir mense in 'n rolstoel.

Prys Afhangend van die seisoen R80-R285 p.n. per staanplek plus R95-R160 p.p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 15:00 en 11:00.

Kontak 015 795 5141 foreverswadini.co.za swadinires@foreversa.co.za


Naaste dorp Hoedspruit 35 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S24.516299 E30.810045

Ry & Sleep sê Wagter en Wollie moet tuis bly wanneer jy by Swadini kom kamp.

Troeteldiere word glad nie toegelaat nie.



Die agterste staanplekke is op 'n hoër terras uitgelê – van hier af het jy 'n goeie uitsig oor die berge. Elke staanplek is toegerus met 'n blousok-kragpunt en vullisdrom, en jy kry 'n staanbraaier met 'n rooster wanneer jy aanland.

Jy gaan sukkel om nie in koelte te kamp nie, hoewel gras maar aan die skaars kant is. Daar is nie 'n afskorting tussen jou en jou buurman nie, maar die staanplekke is groot genoeg dat julle nie op mekaar kamp en oor mekaar se tenttoue val nie.

Julle gaan egter wel 'n kraan moet deel.

Hier is ses groot ablusieblokke in die kampterrein versprei, en nêrens stap jy verder as 100 m om jou tande te gaan borsel nie. Die geriewe is in baksteen-geboue met grasdakke. Hier is aparte geriewe vir mans en vroue, en dis voldoende, selfs al is die oord stampvol. Nie al die blokke het dieselfde aantal storte, badkamers en toilette nie, maar die uitleg is basies dieselfde.

Die opwasplek vir jou skottelgoed is aan

die buitekant, aan albei kante van die blok, en elke blok het ook wasgoedgeriewe met 'n wasmasjien en tuimeldroer (wat met ruilmunte werk) en 'n strykplank.

As jy iets vergeet het of kaneel nodig het vir die pannekoek wat jy op die gasstoof bak, sal jy in die oordwinkel geholpe raak. Hier kry jy enigiets van brood, melk, vleis en groente tot speelpoppe, braaibakke, 'n Bloubul-stoelkussing en 'n sonhoed met Swadini se wapen daarop. Langsaan is 'n klein drankwinkel.

Hippo Water Front-lodge

Nelspruit het 'n byna tropiese klimaat, en in die winter voel dit omtrent altyd of dit 'n koel somersdag is. Daarom groei enigiets van lemoene, mango's en piesangs tot advokadopere en neute sonder sukkel in dié wêreld – g'n wonder dit word die vrugtemandjie van Suid-Afrika genoem nie.

Dit beteken natuurlik 'n mens kan heeljaar tussen die welige plantegroei kom kamp. Omdat die Wildtuin net 'n hanetree weg is, is hier heelwat bekende en gewilde kampplekke, maar daar is ook 'n paar minder bekende oorde waar jy in stilte en rustigheid in die natuur kan kamp. Die Hippo Water Front-lodge is só 'n oord.

As jy met die N4 van Pretoria se kant af ry, draai 'n grondpad sowat 10 km voor Nelspruit links af na die lodge. Jy ry oor 'n treinspoor, waarna die netjiese grondpad by die enkelbrug oor die Krokodilrivier vernou. 'n Steil bultjie lê voor, en net enkele kilometers verder staan jy voor die oord se elektriese hek. Jy bel die kantoor en die oordmense gee vir jou die kode wat jy inpons.


Anderkant die hek is 'n goedversorgde tuin met 'n lieflike grastapyt onder doringbome. Tussen die groenigheid deur loop 'n geteerde tweespoorpad effens bultaf, verby 'n bordjie wat teen seekoeie waarsku, tot by die kantoor.

Wanneer jy stilhou, kom groet die oordmense en stap dan sowat 50 m vooruit om die staanplekke vir jou te wys. Die kampkolle is nie afgebaken nie en jy kan vir jou 'n afsaalplek uitsoek naby een van die twee kragbokse, wat omtrent 30 m uitmekaar staan. Die bokse het blou woonwa- en driepuntsokke, en oorkant jou staanplek is 'n vierkantige gebou met jou eie badkamer.

Jy gaan ver soek om 'n groter koeltekade te kry as by Hippo Water Front. Die bome staan 2-3 verdiepings hoog, en al kamp jy ook waar, gaan die son jou nie bykom nie.

Waar baie koelte is, is gewoonlik min



**Kortliks | Hippo Water Front-lodge**

Kampplek 6 gelyk staanplekke (onafgebaken) met hope koelte.

Ablusiegeriewe Netjies en jou eie.

Prys R350 p.n. per staanplek (vir tot 4 mense), plus R50 p.p. vir die vyfde en sesde kampeerder.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak 082 825 1105

hippowaterfront@absamail.co.za

hippowaterfront.com

Naaste dorp Nelspruit 14 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 3,6 km is 'n grondpad met 'n steil gedeelte wat op een plek klipperig is, maar dit is goed genoeg om 'n gewone woonwa op te sleep.

GPS S25.435911 E30.868657

Ry & Sleep sê Die N4 loop 1 km van die kampplek af verby. Jy hoor snags die verkeer, maar dit is darem nie steurend nie.



gras, maar hier is dit allermens die geval. Omtrent 80% van die ooptes waar jy kan staan, is toegegroe. Dis ook nie nodig om die hoekstutte myle uit te draai nie, want die grond is mooi gelyk.

Hier en daar staan 'n vullisdrom en daar's ook 'n heuphoogte kraan of twee wat teen 'n houtpaal geanker is. Hier is ook staalbraaiers wat kampeerders kan gebruik en wat soggens skoongemaak word – en selfs al bring jy jou eie braaier, word dié ook sommer onder hande geneem: Jy neem omtrent jou braaier skoner huis toe as wat hy was toe jy gekom het.

Die badkamergebou het 'n deur aan drie kante, en op die punt die naaste aan die kantoor is plek om jou vuil skottelgoed te was. Hier is ook 'n verskeidenheid potte en panne plus koppies en pierings én 'n ketel, elektriese tweeplaatstoof en yskas wat kampeerders kan gebruik.

In jou badkamer is 'n wasbak, hangplek vir jou handdoek, 'n stort met 'n gordyn voor en 'n toilet. Voor die stort lê 'n skoon handdoek sodat jy nie ná jou warm stort-

bad op die koue teëlvloer hoef te trap nie. Om jou eie badkamer te hê is gaaf, maar 'n mens kan doen met meer pakplek. Langs die wasbak is 'n hoekrakkie waarop niks meer as 'n badkamersakkie pas nie.

Hippo Water Front lê langs 300 m van die Krokodilrivier se oewer, en op die grasperk langs die water is piekniekplek vir 'n hele skool. Oorkant die kantoor, in die rigting van die water, is 'n onderdakkroeg waar jy soggens vir jou koffie kan skink. Van die kroeg se dek af kan jy die seekoeie in die rivier dophou. Hier is ook 'n restaurant waar jy vir ontbyt en aandete kan aansit.

Saans hoor jy die seekoeie se genurk in die water, en hulle loop glo soms tot reg by die woonwaens. Ons het ses van hulle gesien wat skaars 30 m van die oewer af in 'n groepie in die water gedryf het. Die oordmense het ons egter die versekering gegee dat hier nog nooit moeilikheid met 'n seekoei was nie.

Langs die staanplekke is 'n omheinde swembad waarin jy kan afkoel as die Laeveldse hitte begin druk.





Forever Badplaas

By Badplaas, so te sê halfpad tussen Barberton en Carolina in Mpumalanga, trek jy 'n regmerkies langs elkeen van jou verwagtinge vir 'n goeie gesinsoord.

Goed om te doen? Ja, hier is amper te veel. Die warmwaterswembaddens (hier is koues ook), die waterwurm, die glybane, die minigholfbaan, die Rinkhals waar jy met binnebande in 'n betonvoor afdryf, die verfbalbaan, die knortjorre, die 9 putjie-gholfbaan, die museum, die wildritte, perdry...

En dan praat ons nie eens van die Hydro waar Oupa sy seer knie in die water van 42 °C kan gaan regdokter nie. O ja, hier is dinge om te doen.

Maats? Sonder twyfel. Badplaas is een van die gewildste oorde in die land en jy is so te sê verseker dat hier oor naweke en skoolvakansies mense gaan wees.

En jy kan ook met taamlike sekerheid sê hier gaan van jou kinders se portuur wees, en dit gaan nie 'n honderd jaar wees nie voor jy oor middagete 'n ekstra worsbroodjie of drie vir die nuwe maatjies moet maak.



Lekker weer? In die kol. Hier in die suide van Mpumalanga is van die gematigste weer in Suid-Afrika. Goed, die mense wat hier rond woon, verskil natuurlik met dié stelling en sweer dit word bitterlik koud in die winter, maar vir die res van ons is die weer vir die grootste deel van die jaar heel gangbaar. 'n Mens kan maar in vrede in die winter hier 'n plekkie bespreek sonder om jou te bekommer dat die koue jou in die tent vasgekeer gaan hou.

Carolina, die naaste dorp, is 50 km weg en die naaste plek met 'n winkelsentrum is Nelspruit – 'n goeie 130 km. Maar dit maak nie saak nie, want Badplaas is 'n dorp in die klein. Hier is 'n supermark, slaghuis, drankwinkel, apteek, haarkapper, restaurant, kroeg en kitsbanke. Alles net soos by die huis.

As die papierwerk afgehandel is, kies jy koers na die kampterrein. Die woonwapark is in 'n A- en B-kamp verdeel, maar met ons besoek was net die A-kamp oop. Tussen die twee kampe is daar amper 300 staanplekke waaruit jy kan kies. Hier is nie regtig gras om oor huis toe te skryf nie; maak dus seker jy bring jou grondseil saam.



Jou gazebo en silwerseil kan vir jou besoek aan Badplaas maar in die motorhuis bly, want so te sê elke staanplek het oorgenoeg koelte.

Die staanplekke is genommer, maar nie met paaltjies of muurtjies afgebaken nie. Dit is egter duidelik genoeg om te sien waar jou staanplek eindig en jou buurman s'n begin. Jy kry 'n blousok-kragpunt, staanbraaier met rooster en 'n vullisdrom. Daar is ook 'n kraan vir ongeveer elke vier staanplekke.

Die kinders gaan waarskynlik beweer dit is onnodig om te bad as hulle heeldag in die swembad was, maar as jy hulle uiteindelik sover kry om te gaan skrop, is die ablusiegeriewe tops.

Hier is ses groot ablusieblokke in die woonwapark en die geriewe is modern en word deurgaans skoongemaak. Die mans en vroue het aparte badkamers in rondawels wat regoor mekaar staan, en hier is meer as genoeg storthokkies, baddens, toilette, en wasbakke – jy gaan nie sommer in 'n ry hoef te staan nie.

Die twee ablusierondawels word aan mekaar verbind met buitemure, en hier is die opwasplek vir jou skottelgoed plus diep wasbakke, wasmasjiene en tuimeldroers vir jou wasgoed én plek om jou kassettoilet uit te spoel.

Die skoonmakers is daaglik hier en dit voel by tye of daar iemand instap om skoon te maak sodra jy uitstap.

Kortliks | Forever Badplaas



Kampplek 308 genommerde staanplekke met krag, die meeste het koelte, maar min tot geen gras. Jy kan 'n braaidrom huur teen R50 p.d.

Ablusiegeriewe 6 groot en moderne ablusieblokke.

Prys R140-R200 p.n. per staanplek, afhangend wanneer jy kamp, en R150-R220 p.p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 15:00 en 11:00.


Kontak 017 844 8000 foreverbadplaas.co.za badplaas@foreversa.co.za

Naaste dorp Carolina 50 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S25.956596 E30.562910

Ry & Sleep sê Geen staanplekke word vooraf toegeken nie.





Abba-wildlodge

Rondom Modimolle is daar 'n klomp kampplekke waaruit 'n mens kan kies. By die meeste van hulle is daar 'n stukkie grondpad, en hoewel dit hier by Abba ook die geval is, gaan jy ver moet soek vir 'n netjieser een.

Die grondpad is 11 km lank, maar dit word gereeld geskraap en jy ry die meeste van die tyd op vasgetrapte rooi sand wat soos Kalaharisand lyk. Selfs al het jy 'n woonwa wat nie eintlik vir grondpad gebou is nie, kan jy hom maar hier sleep.

Saam met jou kampgeld moet jy 'n administrasietarief van R50 betaal. En terwyl jy nou in die kantoor is, bespreek sommer ook vir 'n wildrit, want jy word nie

toegelaat om op jou eie in die wildkamp rond te ry nie. Dié lê anderkant die rantjie, agter die staanplekke, en hier is 'n hele rits wilde diere te sien: koedoes, njalas, blou-wildebeeste, kameelperde, waterbokke, blesbokke, gemsbokke, elande, sebras, rooihartbeeste en selfs volstruise, klipspringers en duikers.

En dit is nie die enigste plek waar jy wild sien nie. Die rooibokke is mak en loop tussen die staanplekke rond – hulle is glad nie bang vir kampeerders nie. Ook die springbokke loop gereeld in 'n ry in die paadjie voor die kampplek verby, so al asof hulle die plek patrolleer.

Hier by Abba is jy ver weg van die stads-

gedruis en elke dag se gejaag, en jy kan ook maar vergeet van selfoonsein. Maar jy is darem nie heeltemal afgesny van die wêreld nie, want op die wifi – wat by die kantoor, restaurant, kroeg en die aangrensende kouewaterswembad beskikbaar is – kan jy met die familie by die huis kontak maak.

Regoor die kantoor is 'n verhitte onderdakswembad in 'n grasdakgebou met deurskynende mure van plastiekskerms.

Die staanplekke lê 200-300 m verby die kantoor, en op die vlakte voor die kampplek is 'n minigholfbaan, trampolien en 'n betonblad waarop jy jou woonwa mag was.



Kortliks | Abba-wildlodge



Kampplek 15 staanplekke met 'n grasdak elk en 12 daarsonder. Die koeltebome is skraps, maar jy het 'n braaiplek en kragpunt. Die 6 private staanplekke is eenkant met soortgelyke geriewe.

Ablusiegeriewe Netjiese badkamers (vir mans en vroue), maar ook private badkamers vir almal. Dan is daar private geriewe by 6 staanplekke.

Prys Afhangend van die dag R250 of R350 p.n. vir 'n staanplek sonder 'n lapa. Vir een met 'n lapa (ook die staanplekke met eie badkamers) kos dit R350 of R500 p.n. Maksimum 6 mense per staanplek. (Pryse geldig tot Februarie 2021.)

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak 087 820 5298 of 079 488 1679

reception@abbagame.co.za


abbagamelodge.co.za

Naaste dorp Modimolle 16 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 11 km is 'n netjiese grondpad.

GPS S24.680085 E28.274018

Ry & Sleep sê Bring jou kruideniersware saam, want die winkeltjie verkoop net basiese dinge soos gebottelde water, rakmelk, batterye en hout.



Jy kan kies of jy 'n staanplek met of sonder 'n grasdak wil hê. Een met 'n dak (en plaveisel daaronder) kos 'n paar rand duurder, maar dit is die geld werd: Die dak is groot genoeg sodat jy 'n middel-slag-woonwa aan die een kant kan intrek en die ander kant dan jou onderdakkuierplek kan maak. Jy kan wel nie jou wa se stoep- of voltent onder die dak opslaan nie.

Jou kragpunt (driepunt) is ook onder die dak, met 'n lig daarby, én jy het 'n vulisdrom by jou staanplek. Van die afdakke het 'n betonbankie en -tafel. 'n Ent van die grasdak af het jy 'n geplante staalbraaier met 'n rooster. Hier is ook 'n kraan waar jy jou hande kan afspoel en koffiewater tap.

Die staanplekke sonder afdakke is op gras, maar koeltebome is skaars. Op dié staanplekke het jy wel ook 'n kragpunt en geplante staalbraaier.

Die ses staanplekke met hulle eie badkamergeriewe is die nuutste toevoeging by Abba en geleë op die verste punt. Jou badkamertjie het 'n stort, toilet en wasbak ingebou, met nog 'n wasbak aan die buitekant. Hier is nie afdakke nie, maar wel plaveisel. Hier is ook gewone huissokke en jou braaiplek is 'n geboude een sonder 'n rooster.

Die grasdakbadkamers by die gewone staanplekke is omtrent in die middel van diékantse kampplek.

Waar jy instap by die badkamer, is drie wasbakke met spieëls teen die regtermuur. Die netjies geteelde storte is in 'n ry langs mekaar, elkeen met 'n gordyn. Elke stort het aan die voorkant ook twee sypanele met nog 'n gordyn sodat jy in privaatheid kan aantrek wanneer jy uit die stort klim.

Binne die stort is 'n draadbakkie vir jou seep, maar jou sjampoe moet jy maar op die trog se lae muurtjie staanmaak, want hier is nie ander pakplek nie. Tussen die mans- en vrouekant is private stort- en badkamers wat almal mag gebruik.

Die skottelgoedwasbakke is op die hoek van die badkamergebou die naaste aan die kantoor.

ATKV-Klein-Kariba

Hierdie bekende ATKV-oord is een van dié gewildste kampbestemmings in Suid-Afrika, en dis nie moeilik om te sien hoekom soveel mense hierheen stroom nie. Dit is 'n raps meer as 'n uur se ry van Pretoria af – en die versinnebeelding van gesinsvermaak. Hier kry jy doendinge te kus en te keur, vir almal, ongeag hoe oud hulle is.

Die staanplekke lê weerskante van die pad wat deur die oord loop, met dié aan die regterkant van die pad wat oorwegend groter is as dié aan die linkerkant. Van die staanplekke links is ook in twee verdeel, maar hulle word meestal aan tentkampeers toegeken.

Hier is nie gras om oor huis toe te skryf nie, maar elke staanplek het 'n plaveiblad waarop jy jou wa trek. 'n Mens kan sien die bome – waaronder raasblaar, doring en karee – is nie gister geplant nie; op die meeste kampkolle het jy êrens deur die loop van die dag koelte. Sommige van die staanplekke het ook groot skadunette oorgespan en daar is selfs 'n rioolkoppeling.

Jy hou skaars stil of die oord se werkers is daar om hand by te sit met jou opslanery. Jou blousokkragpunt gaan dalk 'n entjie van jou staanplek af wees, wat beteken jy moet liefies maar 'n verlengkoord saambring. Jy kry 'n losstaande staalbraaier met 'n rooster wat jy kan skuif waar jy hom wil hê, en jy deel 'n vullisdrom met jou bure.

Onthou die kinders se fietse. Hulle kan na hartelus rondry, maar die kampterrein is ook 'n entjie van die speelplek en swembaddens af.

Die swembadgebied is die grootste attraksie. Dis 'n goeie 500 m se stap van die kampterrein af tot by die eerste warmwaterswembad, en jy stap verby dié teen 'n bult op tot by die groot warmwaterswembad wat die middelpunt van die aksie vorm. Hier is 'n groot grasperk om die swembad met heerlike koeltebome waar jy jou kan kom tuismaak terwyl die kinders swem.

Langsaan is die kleintjies se swemplek. Dié het 'n skadunet oor én sy eie glyplank, en aan die ander kant van die groot swembad is die onderdakwarmwaterswemplek waar die water selfs warmer is.



Die waterwurm en minigolfbaan is 'n entjie verder teen die bult op.




Die ingang na die oordwinkel is aan die ander kant van die onderdakswembad. Dit is presies wat jy van 'n ATKV-oordwinkel verwag: Hier kan jy enigiets van bevrore vleis tot hout en hardhout en selfs tydskrifte en sonroom koop. Hier is ook 'n kitsbank en kaartgeriewe.

Die speletjieskamer is langs die winkel en die kinders kan mekaar hier op die pool-tafel kom uitdaag of videospeletjies en tafelsokker speel.

Die restaurant is ook in dié deel van die oord en julle kan hier aansit vir ontbyt, middag- of aandete. Die winkel en restaurant is albei oorgedoen ná 2014 se vloed.

Hier is twee moderne ablusieblokke in die kampterrein met min of meer dieselfde geriewe, en dit word deurgaans skoon gehou. Die eerste een is in die middel van die onderste deel van die woonwapark en die tweede 'n entjie hoër op.

In die mansgeriewe is vier wasbakke en 'n laer een waar Kleinjan sy tande kan borsel en kuif kan kam. By die wasbakke



is seep en papierhanddoek. Hier is vyf toilette, drie urinale en 'n laer een vir die kleintjies. Die ses storthokkies is elkeen nogal smal en 'n mens moet jou draai ken, maar hier is altyd 'n man met 'n dweil om die vloer droog te hou. 'n Glasdeur skei die nat en droë deel en hier is drie hake agter die deur vir jou handdoek en klere.

Vir die vroue is hier sewe toilette, vier wasbakke (en een vir die kinders), vier storte, 'n spieël met 'n aparte wasbak en twee driepuntproppe. En dan is hier

'n gesinsbadkamer met 'n bad, stort, toilet en tafel, plus 'n badkamer wat vir rolstoel ingerig is.

Die twee opwasplekke is buite die ablusieblok en het elk twee dubbelwasbakke en 'n spesiale wasbak waar jy jou potjie en ontbytpan was. Hier is ook 'n klerewasbak, outomatiese wasmasjien en tuimeldroër, en 'n plek om jou kassettoilet uit te spoel.

Agter elke ablusieblok staan vier vullisdromme in verskillende kleure waar jy jou rommel kan skei vir herwinning.

Kortliks | ATKV-Klein-Kariba



Kampplek 74 staanplekke, almal met 'n plaveiblad, braaiplek met 'n rooster, krag en 'n kraan naby.

Ablusiegeriewe 2 netjiese en moderne ablusieblokke.

Prys Afhangend van die seisoen en watter staanplek R130-R1 060 p.n. vir tot 6 mense.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak ☎ 014 736 9800 📧 klein-kariba.co.za 📧 kariba@atkv.org.za

Naaste dorp Bela-Bela 8 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S24.849544 E28.336160

Ry & Sleep sê Die woonwapark lê in 'n lang strook regs van die spruitjie wat in Maart 2014 sy walle oorstroom het. Dit het grootskaalse verwoesting gesaai, maar die oordmense het sedertdien die terrein heeltemal herstel.



Forever Warmbad

Om die omvang van Forever Warmbad te verstaan moet 'n mens eers hier 'n draai maak. Dit is, in een woord, reusagtig.

En dis gewild. Onder kampeerders, chalet- en hotelbewoners – én dag-besoekers. In die besige tye bars die oord behoorlik uit sy nate.

Bring jou kinders om in die magdom watervermaak te kom baljaar, en bederf jouself sommer ook deur jou stywe nek vir 'n rukkie in die hidro se warm waters te lawe.

Jou kinders gaan baie bly wees as julle hier kom kamp, want hier is amper nie einde aan die doendinge nie. Die kans is goed jy gaan jou kinders net sien wanneer hulle honger is of geld vir 'n roomys kom vra.

Net die waterpark het genoeg om drie van hierdie blaaië vol te skryf: Twee enorme waterwurms, glybane, 'n swembad met golwe – komplete soos Sun City se Valley of the Waves – groot swembaddens met hulle eie borrelbaddens, 'n swem- en speelplek vir die kleintjies, knortjorre, quadfietse, 'n plek waar jy



met behulp van 'n kabel waterski, en 'n enorme foefieslaaid. Noem dit maar op, dit is hier. Hier is selfs 'n Spur waar jy kan kom aansit.

Die woonwapark met sy meer as 200 staanplekke is in twee verdeel: die deel regs het ses ablusieblokke en links is twee. Aan diékant is die handjie vol private staanplekke waar jy 'n plaveiblad en 'n ry kniehoogte paaltjies tussen jou en jou kampbure kry.

Die res van die staanplekke is genommer, maar nie eintlik afgebaken nie; dus moet jy mooi kyk vir die denkbeeldige lyn tussen waar jou staanplek eindig en jou buurman s'n begin. Die staanplekke is almal min of meer dieselfde wat grootte betref en op elkeen is genoeg plek vir 'n dubbelaswa, sy voltent én 'n stoeptent. Die oordmense staan ook gereed om jou te help opslaan (teen 'n tarief).

Hier is baie bome, en die kans is goed jy gaan 'n koeltekol kry, maar dit is nie altyd gewaarborg nie, wat beteken jy kan maar jou silwerseil saambring. Jy kamp dalk op gras, dalk op grond – onthou dus ook jou grondseil.

**Kortliks | Forever Warmbad**

Kampplek 285 staanplekke met krag en 'n braaiplek met 'n rooster.

Ablusiegeriewe 9 moderne ablusieblokke wat deur die kampplek versprei staan.

Prys R320-R420 per staanplek en R210-R320 p.p.p.n. afhangende van

die seisoen en staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 15:00 en 11:00.

Kontak 014 736 8500

warmbaths2@foreversa.co.za

foreverwarmbaths.co.za

Naaste dorp Die oord is op Bela-Bela.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by jou staanplek.

GPS S24.889797 E28.292209

Ry & Sleep sê Dit is 'n besige oord met baie verkeer gedurende die vakansietye.



Elke staanplek het 'n blousokkragpunt (onthou jou verlengkoord) en 'n heuphoogte betonbraaier met 'n rooster. Dis heel gaaf, skoon en netjies en word deur die oordmense skoongemaak. Jy kry ook 'n vullisdrom op jou staanplek en die krane staan versprei deur die kampterrein.

Die onderste deel van die woonwagpark is die naaste aan die watersport, wat sowat 10 minute se stap van die kampterrein se ingang af is. As jy nie so ver wil stap nie, is hier 'n swembad (en een vir kleintjies) net buite die ingang met 'n grasperk rondom.

Die linkerkant van die kampterrein is verder weg van die aksie af en oorwegend stiller. Hier is ook meer staanplekke met gras.

Hier is nege ablusieblokke in die kampterrein, almal met basies dieselfde uitleg en ontwerp.

Hier is een badkamer met twee toilette, drie urinale en vier storte. Die storthokkie se nat en droë deel word geskei met 'n muur wat die helfte van die vertrek volstaan en hier is hake teen die muur en agter die deur. Hier is ook 'n bankie waarop jy kan sit wanneer jy jou veters vasmaak.

Die vyf wasbakke is op 'n marmerblad en bo elkeen is 'n spieël. Hier is ook handeseep en een van daardie masjiene waarmee jy jou hande droogblaas. Agter die wasbakkie is 'n tafel met kragpunte.

Aan die buitekant is 'n dubbelwasbak vir jou skottelgoed en 'n diep wasbak waarin jy kan klere was. Hier staan ook 'n wasmasjien en tuimeldroër wat met ruilmunte werk – koop dit by die woonwagpark se kantoor.



Weg!
Ry & Sleep

Towing Trumps

Al ooit gewonder hoe vaar 'n padwoonwa teen 'n boswa of selfs 'n ryhuis? Weeg die verskillende kampwaens teen mekaar op met ons splinternuwe **Towing Trumps**-kaarte. Die pak het 52 speelkaarte met kampwaens wat uit 2014-2018 dateer en spelers vergelyk elk van die waens se tegniese besonderhede.



Nou te koop

Vir al jou kamp-benodigdhede

Wees voluit toegerus vir die perfekte kampeer-vakansie met die grootste reeks in Suid-Afrika.

Kry alles wat jy soek onder een dak, vanaf seiltente tot kopflitse. Plus, laai ons handige kamp-paklys af by outdoorwarehouse.co.za



Tente

- ✓ Seiltente
- ✓ Poliëstertente
- ✓ Familietente
- ✓ Staptente

Slaap

- ✓ Slaapsakke
- ✓ Kampbeddens
- ✓ Matrasse
- ✓ Muskietnette

Kook

- ✓ Potjies
- ✓ Braai's
- ✓ Gaskokers
- ✓ Breekware

Kampmeubels

- ✓ Kampstoele
- ✓ Opvoubare tafels
- ✓ Kombuistafels
- ✓ Kampkaste

Verkoeling

- ✓ Koelbokse
- ✓ Termo-elektries
- ✓ Kampyskas/
Vrieskaste

Beligting

- ✓ Kopligte
- ✓ Flitse
- ✓ Werkligte
- ✓ Gaslanterns

**OUTDOOR
WAREHOUSE**
vir elke avontuur

27 winkels landswyd

Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tolvr

Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop



OutdoorW



Outdoorwarehouseza



Kom vier die **GOUE JARE**

Maak die meeste van jou aftrede met Forever se pensioenaris-pakkette.

Jy verdien 'n breek na al die jare se harde werk. Daarom bied Forever jou 'n eksklusiewe afslag op Chalets, Kamp- en Karavaanstaanplekke – want jy verdien dit!



WARMBATHS, 'N FOREVER OORD

Chalets:

Vanaf R800 per eenheid per nag

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R4 000 vir 30 nagte
vir twee mense by krag
toegeruste staanplekke

GARIEP, 'N FOREVER OORD

Chalets:


Vanaf R750 per eenheid per nag

Kamp- en Karavaanstaanplekke

Vanaf R100 p/p per nag

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R3 750 per maand vir
twee mense




BADPLAAS, 'N FOREVER OORD

Selfsorg-eenhede:

50% afslag op
hoë seisoen-tariewe

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R3 600 vir 30 dae vir
twee mense



PHALABORWA SAFARI PARK, 'N FOREVER OORD

Chalets:

Vanaf R995 per eenheid per nag

Kamp- en Karavaanstaanplekke:

Vanaf R150 per staanplek per nag



SWADINI, 'N FOREVER OORD

Chalets:

Vanaf R1 145 per eenheid per nag

Kamp- en Karavaanstaanplekke:

Vanaf R265 per staanplek per nag vir
twee mense

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R2 400 vir 30 dae



LOSKOPDAM, 'N FOREVER OORD

Chalets:

Vanaf R550 per eenheid per nag

Kamp- en Karavaanstaanplekke:

R120 p/p per nag

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R3 375 en 'n addisionele R650
per boot per maand



PLETTENBERG, 'N FOREVER OORD

Chalets:

Vanaf R707 per eenheid per nag

Kamp- en Karavaanstaanplekke:

Vanaf R105 p/p per nag

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R2 600 vir 30 nagte
vir twee mense



TSHIPISE, 'N FOREVER OORD

Chalets:

Vanaf R935 per eenheid per nag

Kamp- en Karavaanstaanplekke:

Vanaf R125 per staanplek |

R70 p/p per nag

Lang-bly akkommodasie:

Vanaf R3 780 vir 30 nagte vir twee mense



BEPALINGS & VOORWAARDES GELD.

Tariewe geld slegs buite seisoen en elke aanbod is onderhewig aan individuele bepalinge en voorwaardes – beskikbaar op aanvraag by die spesifieke Forever Oord. Pensioenaris-tariewe is slegs van toepassing op besprekings wat direk by die Oord gemaak word, en nie aanlyn nie. Tariewe kan verander sonder enige kennis of waarskuwing. Pryse word bepaal deur die datum en seisoen van die bespreking. Aanbiedinge is onderhewig aan beskikbaarheid en kan nie saam met ander afslae en aanbiedinge gebruik word nie. Pryse sluit slegs akkommodasie in – alle ekstras is vir gaste se eie rekening. Slegs een afslag per bespreking.

Dinokeng Camp & Leisure

Sommige kampplekke is só gewild dat jy selfs vir 'n gewone naweek maande vooruit moet bespreek. Dinokeng Camp & Leisure in die noordwestelike deel van die Groot 5-reservaat Dinokeng is so 'n plek.

Die kamp se 20 staanplekke lê in 'n U-vorm langs mekaar en jy het net weerskante van jou bure. Afhangende van die rigting waarin jy jou voordeur laat kyk, kyk jy uit óf oor die veld óf oor die kampplek.

'n Lae halfmaanbetonwallejie tussen die staanplekke dien nie net as die grenslyn tussen staanplekke nie, maar huisves ook al die waterpype, ver weg van waar tentpenne hulle vol gate kan steek. Die staanplekke is groot – 17 x 24 treeë – en daar is heelwat ruimte tussen mekaar.

Die kortgesnyde veldgras op die staanplekke is skraps, maar elke staanplek het ook 'n geplaveide blad van 10 x 10 treeë

waarop jy jou wa of tent moet staanmaak.

Skaduwee in die kamp is skaars. Omtrent 'n driekwart van die plekke het 'n boom iewers op die staanplek, maar dit is nie noodwendig by die plaveisel nie, wat beteken jou wa gaan in die son staan. Hier is darem heelwat bome wat genoeg koelte maak sodat 'n mens onder hulle kan sit.

Elke staanplek se braaier (met 'n rooster) kan rondgeskuif word. Die staanplekke het elk 'n vullisdrom, kraan en kragpunt (gewone sok).

Deel van die kamp se netjiese gevoel is danksy die vullisdromme wat weggesteek word in die geboude hokkies tussen die staanplekke. Die kragpunt en kraan sit aan die buitekant van die hokkie en 'n 20 m-verlengkoord sal meer as voldoende wees om die krag by jou wa te kry.

Die badkamers by Dinokeng Camp & Leisure sal menige ander kamp jaloers maak. Die ruimte en fyn aandag aan die

ontwerp met 'n kombinasie van spartaans en modern maak jou sommer lus om te gaan stort.

In die mansgeriewe het die algemene deel meer as genoeg plek sodat almal maklik kan beweeg. Wanneer jy instap, is daar aan die een kant vyf wasbakke op 'n blad met houtafwerking. Een van die vyf wasbakke is laer geplaas sodat die jongspan ook kan bykom. Die moderne keramiekwasbakke vorm 'n mooi kontras met die kopertuinkrane. Vloeibare handewasseep en papierhanddoeke word verskaf. Hier is nie hakies teen die mure nie, maar die spasie tussen die wasbakke is groot genoeg vir jou badsakkie. 'n Spieël so lank soos die blad is teen die muur bo



**Kortliks | Dinokeng Camp & Leisure**

Kampplek 20 staanplekke met 'n plavei-blad vir jou woonwa, maar min koelte.

Ablusiegeriewe Ruim geriewe met 'n aparte rolstoelvriendelike badkamer.

Prys Naweke en vakansies R520 p.n. per staanplek vir tot 6 mense. Die weektarief is R230.

Kontak 083 271 4242 of 082 752 6318

dinokengcl@gmail.com Facebook:

Dinokeng camp and leisure lodge

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00, tensy anders gereël.

Naaste dorp Hammanskraal 16 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad, met die laaste 4 km grondpad.

GPS S25.357005 E28.392172

Ry & Sleep sê As jy jouself en jou ander helfte wil bederf, bespreek vir 'n masseersessie langs die dam teen R300 p.p.



die wasbakke vas. Jy kan jou skeermes (of haardroër) by die muurprop langs die speel inprop.

Die vyf stortkamers se stort- en aantrekant word met 'n muur geskei en 'n stortgordyn hou die meeste van die water binne die stort. Soos by die wasbakke is hier ook koperkrane en die waterpype loop teen die muur.

Binne die stort is 'n seeprakkie en in die aantrekgedeelte drie hakies en 'n houtbankie. Hier is drie toilette.

Die stormure en vloere is geteël en die res van die mure ongepleisterde sierstene.


In die vrouegeriewe is die uitleg basies dieselfde as by die mans, met hier en daar 'n verskil. Die algemene deel is twee keer die breedte van die mans s'n, hier is ses toilette, en in die plek van die vyfde stort is daar 'n badkamer. Iets wat jy nie aldag sien nie, is die babakassie in die middel van die vloer met 'n werkoppervlak waarop jy jou baba kan neerlê om hom ná badtyd met poeier en room te bederf.

Die rolstoelvriendelike badkamer is aan die sykant van die gebou, en om die hoek teen die ander sykant die skottelgoedopwasplek met vier staalopwasbakke

(twee enkel en twee dubbel) en 'n dubbele wasbak waar jy kan klere was. Die leegmaakpunt vir kassettoilette is langsaan.

Die kamp se aktiwiteite is net genoeg om die rusteloses besig te hou, sonder om afbreuk te doen aan die rustige atmosfeer. Die kouewaterswembad is 'n entjie weg van die kampplek, naby aan staanplek nr. 1 en 20.

Om die swembad is 'n plaveistrook en dan gras. Hier is 'n klompie bome waaronder jy kan sit, en twee staalafdakkies met bankies. Langs die swembad is twee trampoliens en 'n vlugbalbaan.





Ruah Park



Ruah Park lê langs die Dinokeng-reservaat net noord van Pretoria en is een van dié omgewing se nuutste kampplekke. Hier is twee kampterreine: Blesbokkamp, wat langs die pad lê waarmee jy ingery het, en die Nyalakamp. Dis verby die ontvangskantoor, aan die oorkant van die stroompie.

Hier is 38 genommerde staanplekke: 16 by Blesbok en 22 by Nyala. Die plekke is gemiddeld 12 x 12 treë groot en lê in 'n enkele ry op terrasse. Die terrasse sorg vir 'n gevoel van ruimte omdat jy hoër is as die plek voor jou. Elke staanplek het sy eie ablusiegeriewe en lê twee-twee langs mekaar tussen die geboutjies, met 'n paar plekke aan die einde van die rye wat nie 'n staanplek langsaan het nie.

Groot bome is skaars, wat beteken jy kamp by die meeste plekke in volson, maar die luuksheid van welige gras regdeur die kamp vergoed 'n bietjie daarvoor. Sommige staanplekke het 'n effense helling,

maar dis nie só skuins dat jy nie jou wa moelik gelyk gaan kry nie.

Elke staanplek het 'n klein braaidrom met 'n rooster. Die drom is diep en het 'n oop sykant; dus val die kole maklik uit, veral as jy 'n groot steakvuur maak. Bring eerder jou eie braaier saam.

By Blesbokkamp is die ses plekke in die voorste ry (nr. M1, M2, N1, N2, O1 en O2) die gesogste. Van hier af het jy 'n uitsig oor 'n groot grasperk en die stroompie waar dit heel bedrywig kan raak wanneer die vinke aan die nesbou is. Staanplek nr. O1 op die verste punt van die ry is die privaatste.

By Blesbokkamp is geen skaduwee nie, behalwe as jy gelukkig is om op staanplek nr. P2 met sy eie grasdaklapa te kamp.

Nyalakamp se staanplekke het hier en daar bome, maar dit is net staanplek nr. H2 wat enige noemenswaardige skaduwee het.

A1 en A2 aan die oorkant van die stroompie is weer 'n goeie keuse as jy eerder weg van die res van die kamp wil

staan. Die staanplekke is wel effens kleiner as die ander en meer geskik vir tente en boswaens. By nr. A1 is daar bloekombome wat skaduwee gooi, maar by A2 is dit net jy en die son.

'n Lekker luuksheid is dat jy hier nie hoef tou te staan en wag vir 'n stortkans nie, want elke staanplek het sy eie private badkamer. Jy en die bure deel 'n ablusiegeboutjie, maar elkeen het sy eie ingang. Binne die vertrek met sy luukse en moderne afwerking is 'n hoekstort, wasbak, spieël, toilet en vullisdrommetjie.

Die blad by die wasbak het plek vir jou badsakkie en daar is genoeg hakies vir jou handdoek en klere. Die stort is geteël en het 'n rakkie vir seep en sjampoe. Hier is nie 'n stortdeur of gordyn nie, maar die stort is groot genoeg (1,2 x 1 m) sodat die vloer nie nat word nie.

Buite by die ingang van die badkamer is 'n stoepie met 'n skottelgoedwasbak. Die spasie is knap en hier is nie veel meer

**Kortliks | Ruah Park**

Kampplek 38 staanplekke met gras in 'n mooi kloof, maar met min skaduwee.

Ablusiegeriewe Elke staanplek het sy eie ablusiegeriewe.

Prys Afhangend op watter dag van die week en seisoen R460-R690 p.d. per staanplek vir 4 mense. R70 p.p. ekstra vir die vyfde en sesde kampeerder.

Kontak 021 860 0804 [ruahpark.co.za](mailto:info@ruahpark.co.za) info@ruahpark.co.za

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00, tensy jy ander reëlings tref.

Naaste dorp Cullinan 26 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad, met die laaste 1 km 'n smal grondpaadjie.

GPS S25.526767 E28.497267

Ry & Sleep sê Onthou die verkykers, voëlboek, stapskoene en sonroom.



plek om iets anders te doen nie. Jy kan wel 'n paar ammokiste onder die wasbak pak.

Hier is twee gewone krag sokke en 'n blou sok, en 'n verlengkoord van 20 m sal meer as voldoende wees om krag by jou wa te kry. Elke geboutjie het buite 'n lig, krane en 'n vullisdrom.

Wanneer die sonbesies begin sing, is dit tyd om in die koue soutwaterswembad net agter die ontvangsgebou te gaan afkoel. Dié reghoekige swembad het 'n vlak kinderbadjie aan die een kant, maar aan die grootmense se kant is dit 1,6 m diep met 'n sitbankie binne-in die water. Sonbaaiers kan rondom die swembad op die plaveisel of welige gras uitspan. As dinge hier té besig raak, is daar nog 'n swembad langs die gastehuis wat kampeerdere ook kan gebruik.

Dié wat meer avontuurlustig voel, kan vir 'n swem in die dam gaan – as jy daarvan hou om lengtes te swem gaan die 150 m lange dam jou nie teleurstel nie. Die dam is darem breed genoeg sodat die swemmers nie in die hengelaars se lyne verstrengel sal raak nie.

In die rantjies weerskante van die kloof is daar nie minder nie as vyf kort staproetes wat deur die inheemse bos kronkel.



Rust-oord

By dié nuwe uitspanplek kamp jy op 'n ongerepte Bosveldplaas 21 km buite Brits, in Thabazimbi se rigting. Die laaste 4 km is grondpad, en hoewel die pad sinkplaat gery is, is daar nie klippe nie. Jy kan dus heel maklik 'n gewone padwa teen 20 km/h sleep sonder dat alles uitmekaar skud. Die pad is boonop breed en jy hoef jou nie te kommer oor takke wat dalk jou woonwa kan krap nie.

Die oordhek is toe, en daarom moet jy vir Alicia van der Spuy, wat die oord saam met haar man, Frank, besit, laat weet wanneer jy aankom. Enkele minute later daag sy op haar quadfiets daar op en heet jou welkom – en dan volg jy haar op die grondpaadjie die bosse in. Die kantoor, 'n houtgebou, is 'n halwe kilometer van die hek af en laat 'n mens dink aan 'n boskroeg. Daar's 'n oop toonbank terwyl twee uitgegroeide nabome soos twee ankers voor die gebou staan.

Die staanplekke begin digby die kantoor en loop dan verder die bos in. Om tot by

jou staanplek te kom volg jy 'n bospaadjie wat tussen die bosse deur vleg – die bome teenaan die pad is darem gesnoei sodat jou motor en sleepding nie krapmerke kry nie.

Hier is 16 “gewone” staanplekke, met sommige van hulle meer privaat as ander. Dit is eintlik maar 'n skoongemaakte kol in die veld, mooi netjies, plat en gehark. Dit voel sommer vars. Die grond is sanderig en dit lyk nie of hier sommer 'n plas modder sal vorm ná 'n reënbuie nie. Pak in elk geval jou geruite grondseil in sodat jy minder stof en sand in jou woonwa of tent trap.

As 'n mens na die geriewe op jou staanplek kyk, is dit duidelik dis iemand met kampervaring wat gehelp het. Elkeen van die staanplekke het 'n gemesselde braai-plek met 'n rooster, kraan en spreilig wat jy self kan aan- of afskakel. Dié staan seker twee verdiepings hoog – 'n slim plan om goggas saans van jou rooster af weg te lok. Die kragpunt (huissok) is ook hier.

Die bome is tipies van die Bosveld – nie die grootste koeltebome wat 'n mens kry

**Kortliks | Rust-oord**

Kampplek 16 skoongemaakte kolle in die bos, gelyk en met taamlike koelte, plus 2 private staanplekke eenkant met hulle eie badkamergeriewe.

Ablusiegeriewe Netjies en nuut.

Prys Die gewone staanplekke kos R445 p.n. vir tot 4 mense; daarna R125 p.p. (R100 vir kinders 2-12 jaar); vir die private staanplekke kos dit onderskeidelik R750 en R175 p.p. (R140 vir kinders).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 082 494 5570 rustoord.co.za


info@rustoord.co.za

Naaste dorp Brits 21 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 4 km is 'n sinkplaatgeryde plaaspad, maar as jy stadig met jou padwa sleep, behoort jy heel anderkant uit te kom.

GPS S25.524620 E27.646911

Ry & Sleep sê Stap met die grondpad al teen die heiningdraad langs om die plaas – dit neem skaars 'n halfuur. Kyk dan hoeveel van die bokke jy te sien kry. Al is hier wilde diere, mag jy troeteldiere saambring (maar nie katte nie).



nie, maar daar is baie van hulle. Verder die ruigtes in is hier ook twee private staanplekke. Die verste een van die kantoor af, Krimpvark, het 'n los braai met 'n rooster, en sy badkamergeriewe is net 'n hokkie met 'n skouerhoë skadunet gespan – jou dak is niks anders as die blou sterreheemel nie. Dis nie regtig privaat nie, omdat die skadunet deursigtig is, en die toilet is darem eenkant. Hier is plek vir 2 woonwaens en tot 10 mense, en jy kry 'n kragpunt, maar nie 'n lig nie.

Die geriewe by die ander private staanplek, Vlakvark, is beter. Jy kry steeds 'n losstaande braaiplek, maar 'n geboude vuurput daarby. Pleks van een kragpunt is hier twee, en die ruim staanplek – ook vir tot 10 mense – word omring met bome. Die toilet is in sy eie sinkgebou en die groter sinkgebou huisves die stortkamer met sy gasgeiser. Jy het steeds nie 'n buite-

lig nie, hoewel daar ligte in die twee sinkgeboue is.

Hier is net basiese geriewe om kinders besig te hou, maar as 'n mens in die bos kamp, verwag jy nie meer nie. 'n Dekpaadjie loop van die kantoor af in die rigting van die badkamergebou tot by die swembad, een van daardie kitsswembaddens wat 'n mens by die huis kan opslaan. Nietemin is die water net die antwoord teen die Bosveld-hitte. (Maar dis ook gaaf in die winter, want dan word die water tot 34°C verhit.)

Die trampolien is langsaan by twee swaai en 'n wipplank, met daarnaas die badkamergebou. Die mans en vroue se geriewe is apart – aan die manskant is twee toilette en twee storthokkies elk met 'n bankie binne en 'n stortgordyn. Te oordeel na die netjiese teëlwerk is die geriewe nog splinternuut. Die warm water kom van gasgeisers.





Die staanplekke begin so 200 m anderkant die kantoor. Dit voel omtrent of jy stroomop ry, want etlike voetgangers met handdoeke en poelnoedels loop terug na die kantoor se kant toe. Later gaan jy in hulle voetspore volg, want al die oord se dinge is duskant die kantoor.

Die staanplekke begin ná die waskamer regs van die pad. Die waskamer het nie minder nie as 14 wasmasjiene en tui-meldroërs wat met drie R5-munte werk.

Langs die waskamer is die eerste 3 staanplekke langs mekaar, terwyl die res van die meer as 200 staanplekke in vier groepe verdeel is.

Die A- en B-kamp is onderskeidelik regs en links van die pad. Die staanplekke is ordentlik afgebaken en het elkeen 'n geplaveide deel. Net enkele staanplekke het gras, maar die oorgrote meerderheid het rooi grond, wat natuurlik hou van kinderklere... Hier is heerlike koeltebome, maar 'n handjie vol van die staanplekke is heeltemal in die son. Elke staanplek het 'n vullisdrom en staalbraaier met wietjies en 'n rooster wat verstel kan word. As jou kraan nie op jou staanplek is nie, is dit by jou bure; dieselfde geld vir die kragpunte (blou sok).



Die A-kamp het twee ablusieblokke. Soos wat 'n mens deesdae by opgeknapt kampplekke sien, het die verste badkamergebou marmerblaaie waarin wasbakke versink is, en voor elkeen is 'n spieël. Elke storthokkie het 'n glasdeur met 'n stortgordyn wat tussen die nat en droë kant toetrek. Binne die hokkie is 'n marmerbankie waarop jy jou goed kan pak.

Die opwasgedeelte is tussen die mans- en vrouekant.

Die ander badkamer is identies aan

die verste een, maar hier staan selfs 'n los trappie by die wasbakke sodat die kinders kan bykom.

Die B-blok het net een badkamergebou, en hoewel die binneafwerking dieselfde is as die ander twee s'n, bied hierdie een meer geriewe.

Dit voel of diékantse staanplekke 'n bietjie meer gras het, hoewel hulle kleiner is (56-99 m²) as die A-blok se staanplekke (100-272 m²). Die C- en D-blok is anderkant 'n klein rivier wat deur die oord





Kortliks | ATKV-Bufferpoort



Kampplek 208 genommerde staanplekke in 4 verskillende kampblokke, elk met plaveisel en 'n braaier.

Ablusiegeriewe 5 netjiese badkamergeboue wat deur die oord versprei is.

Prys Afhangend van die seisoen en spesifieke staanplek R240-R1 210 per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00, maar vanaf 08:00 as jou staanplek beskikbaar is; vertrek teen 11:00. Jy mag wel die geriewe tot 17:00 gebruik op die dag van jou vertrek.

Kontak 014 572 1000 bufferpoort.co.za bufferpoort@atkv.org.za

Naaste dorp Mooinooi 7 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier en 'n pla-veipad tot voor jou staanplek.

GPS S25.757754 E27.487807


Ry & Sleep sê Die wifi is gratis, onbeperk en beskikbaar so te sê deur die hele oord.

koorde, drank, kitssous en vars groente en vrugte. Hulle verkoop wel nie vleis nie, maar oorkant die pad is 'n slaghuis. Langs die winkel is 'n wegneemetestalletjie en die restaurant is net 'n ent verby dit.

Die drie kouwaterswembaddens – een spesiaal vir die kleintjies – is oorkant die speletjieskamer, met die waterwurm se klimtoring heel regs. Die ses borrelbaddens is nader aan die ingangshek, onder 'n groot grasdaklapa.

Die trampoliens is skuins oorkant die gebou met die minigholfbaan langs dit. Van hier af stap jy deur 'n mini-oerwoud met hemelhoë bome na die gebou wat die verhitte swembad huisves. Die swembad met sy water van 38 °C kan omtrent 'n skool se kinders sluk. Hier is selfs 'n toestel wat mense in 'n rolstoel help om die water te kom.

Net links van die gebou is daar nog 'n swembad.



loop. 'n Breë betonbrug loop oor die water met C links en D regs van die pad.

Die C-blok se staanplekke is meer opmekaar, hoewel seker 80% van hulle gras rondom die plaveiselblokke het. Die bome is minder, en van buite af lyk dié badkamers ouer. Binne is hulle meer beknop, maar die afwerking is dieselfde.

In die D-blok is skadunette oor die plaveisel gespan, en dis hoog en groot genoeg dat jou woonwa onder dit kan inpas – selfs jou stoepent. Hier is heelwat gras tussen die staanplekke en 'n hele paar witstinkhoutbome wat heerlike koelte gooi.

Van die buitekant af lyk die blok se badkamers nes dié in die A- en B-blok, maar binne is dit minder modern.

Pak die fietse eerste in, want jy gaan 'n hele paar keer tussen jou staanplek, die winkel en die speelgebied pendel. Digby die waterwurm is 'n plek waar jy jou fiets kan parkeer terwyl jy die laaste entjie stap. Die steeg langs die fietsloods neem jou onder meer na die speletjieskamer.

Die winkel is tussen die speletjieskamer en kantoor, en hier kry jy enigiets van tydskrifte, hout, speelkaarte, skottelgoedseep en sonbrandroom tot tjoeps, verleng-



Meiringskloof

Die Meiringskloof-natuurpark is geleë op die buiterand van Foursiesburg, ongeveer 12 km van die Lesothogrens af.

Wanneer jy die oord se hek binnery, hou jy eers langs die kantoor stil om aan te meld. Jou bespreking word hier nagegaan en jy sal aanwysings na jou staanplek toe kry. Jy kry nie 'n sleutel vir die hek nie, maar dit word dag en nag deur 'n sekerheidswag beman wat jou enige tyd sal in- of uitlaat.

Langs die kantoorgebou is 'n kafee waar jy basiese proviand kan koop. Hier is gratis wifi rondom die kantoor (in die kloof is daar geen selfoonontvangs nie).

'n Grondpad draai links by die kantoor en lei jou na staanplek nr. 21 en 22 – die twee mees afgeleë staanplekke in die oord. Hierdie staanplekke is onder 'n groepie treurwilgers, maar dis ook reg langs 'n groep chalets.

As jy verby die kafee ry, kry jy 'n swembad en braaigeriewe vir dagbesoekers aan jou regterkant. Hier is 'n grasperk langs 'n swembad, toiletgeriewe en 'n klimraam vir die kleingoed. Ná die swembad swenk die pad links, verby staanplek nr. 23, 24 en 25, en draai dan weer regs verby die oord se ablusiegeriewe voor hy jou by die eintlike kampplek uitbring. Hier is 20 staanplekke onder Engelse eike-, Europese populier- en Suid-Amerikaanse tipoebome,



terwyl 'n inheemse wag-'n-bietjiesbos hier en daar kop uitsteek.

Staanplek nr. 19 en 20 is die verste van die ablusieblok af, maar hulle is lekker privaat. Nr. 1, 2, 17 en 18 is naby die ablusieblok, lekker beskut, maar ook teenaan die pad wat al die staanplekke en selfsorg-huisies bedien. As jy nie omgee dat mense heeldag verby jou kamp loop nie, is dié staanplekke, veral nr. 17, goeie keuses.

Nr. 3 tot 16 is stiller en wissel van klein tot groot. Nr. 7 het byvoorbeeld plek vir slegs een motor en 'n kleinerige tent, terwyl nr. 8 reg langsaaan genoeg ruimte het vir 'n groot ryhuis mét sy rondritskar op die sleepstang. Elkeen van die staanplekke het 'n baksteenbraaiplek, sy eie huishoudelike krag sok en 'n vullisdrom wat gereeld deur die oord se werkers skoongemaak word. Sommige staanplekke het hulle eie kouewaterkraan terwyl ander moet deel.

Staanplek nr. 12 het 'n uitsig oor die spruit wat deur die kloof loop; nr. 9, 14 en 15 is minder toegegroeï en kry die meeste sonlig; en nr. 17 en 18 kry baie skaduwee.

Die ablusieblok is in twee verdeel vir mans en vroue. Aan die mans se kant is ses wasbakke met spieëls aan weerskante van 'n skouerhoogte muur in die middel van die vertrek. 'n Sondak direk bo die wasbakke laat bedags natuurlike lig na binne instroom. Daar is sewe storthokkies



Kortliks | Meiringskloof-natuurpark



Kampterrein 25 staanplekke met krag, water en braaiplekke onder koeltebome.

Ablusiegeriewe 1 gebou wat mooi skoon gehou word plus 1 kleiner gebou langs die swembad vir kampeerdere en dagbesoekers.

Prys R120 p.p.p.n. buite seisoen (R55 vir kinders 4-17 jaar) en R300 vir 2 volwassenes in die spitsseisoen plus R110 p.p.p.n vir die daaropvolgende kampeerdere. (R80 vir kinders 4-17).

Kontak 058 223 0067

meiringskloof.co.za

admin@meiringskloofpark.co.za

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Naaste dorp Fouriesburg 1,7 km.

Hoe lyk die pad? Dit is teerpad tot by Fouriesburg, maar nie al die dorpstrate is geteer nie. Neem die laaste straat – Meiringstraat – uit die dorp, verby die Glen Skye-gasteplaas, en volg 'n goeie grondpad vir 2 km tot by die ontvangskantoor.

GPS S28.60419 E28.22441

Ry & Sleep sê Dié oord is vir stappers, voëlkykers en natuurliefhebbers. Buiten die swembad is hier nie veel te doen vir kinders nie.



links en regs van die wasbakke. Elkeen het 'n seepbakkie, stortgordyn en 'n beknopte aantrekhoekie waar jy klere en 'n handdoek kan ophang. Hier is ook een badkamer in die regterkantste hoek van die vertrek. Aan die voorkant van die vertrek, links van die deur, is drie toilette en 'n urinaal. Oral in die vertrek is krag sokke en snippermandjies.

Die vroue se geriewe het ook ses wasbakke met spieëls en 'n sondak in die middel van die vertrek, maar aan weerskante is vier storte en twee badvertreke. Hier is boonop 'n grimeertafel met spieëls en krag sokke waar jy hare kan droogblaas, 'n werkoppervlak waar jy 'n baba se doek kan vervang en vyf toilette elk met 'n snippermandjie.

Tussen die geriewe vir die mans en vroue is 'n klein waskamer waar daar 'n werktafel, strykplank en opwasbak met warm en koue water is.

Die oord se grootste attraksie is die staproetes en bakkrans in die kloof. Die voetpaaie lei jou deur 'n woud waar jy na voëlsang kan luister en die kranse kan uitklouter om die kloof van bo af te sien. Die oord se webblad het 'n voëlkyklys van 140 spesies wat hier aangetref word en wat jy kan uitdruk. Hier is onder meer die paradysvlieëvanger, rooikeelflap en rooiborsjakkasvoël.

Die omgewing buite Meiringskloof is bekend vir verskeie 4x4-roetes, padstalle, plaastoere, kunsgalerye en eetplekke.



Forever Gariep

Verkies jy die ekslusiwiteit van 'n luukse staanplek met private ablusie- en kombuisgeriewe? Of is jy die soort kampeerder wat daarvan hou om reg oorkant jou buurman te braai terwyl die debat oor die volgende Bokbreier net so warm soos die kole is?

Wat ook al jou voorkeur, jy sal geholpe raak by die Forever-oord by die Gariepdam. Hier is twee kampplekke waaruit jy kan kies. Daar is die 16 luukste staanplekke met 'n eie plaveiblad en private kombuis- en ablusiegeriewe wat eerste aan jou linkerkant lê nadat jy deur die hek is. Dan is daar die woonwapark 'n entjie verder waar jy vir jou een van 106 staanplekke kan kies en die een ablusieblok met die res van die kampterrein deel.

Die luukse staanplekke is vir diegene wat 'n bietjie ekstra privaatheid verkies. Jou staanplek is groot en onder koeltebome, en jy maak jou wa op 'n plaveiselblad staan. Jy kry 'n staalbraaier en rooster op wiele en dan natuurlik jou eie kombuis met 'n wasbak, rakke en kaste. Jou badkamer bestaan uit 'n bad (met 'n stortkop), wasbak, spieël en toilet. Jou private geriewe vorm 'n kwart van een van vier rondawels wat deur die kampplek versprei staan. Elke vier staanplekke deel dus een rondawel.



As jy verby die luukse staanplekke ry, lê die "algemene" woonwapark 'n entjie verder aan jou linkerkant. Hier is 106 afgebakende staanplekke op 'n sirkelvormige lappie aarde uitgelê.

Die staanplekke is ongenommer en is deur die bank minstens 15 x 15 treë groot. Jou erf word met kniehoogte houtpaaltjies van jou buurman s'n geskei. Die meeste van hulle het gras en hier is 'n magdom bome. Op van die staanplekke hoef jy nie eens te kies tussen oggend- en middagkoelte nie. Veral op van die staanplekke in die middel van die kampterrein kan jy seker wees jy gaan heeldag koelte hê. Aan die kante kry jy meer middagkoelte; dus kan die son jou soggens uitbak in die somermaande. Die enigste staanplekke wat nie koelte het nie, is dié voor teen die dam. As jy hier wil kamp, moet jy jou silwerseil en gazebo onthou.

Elke staanplek het 'n betonbraaier met 'n oopslaanrooster en 'n tafelblad langs. Die kampplek langs s'n is 'n spieëlbeeld, wat beteken jy en jou buurman braai oorkant mekaar. Jou braaier word elke oggend skoongemaak en jy kry 'n nuwe swartsak vir die vullisdrom wat langs die braaier staan.

Elke vierde staanplek het 'n diep wasbak



Kortliks | Forever Gariep



Kampplek 106 staanplekke, elk met krag, 'n vullisdrom, braaier, gras en koelte. In die luukse kampterrein is 16 staanplekke met plaveiblaaie en private ablusiegeriewe. **Ablusiegeriewe** Buiten die geriewe by die private staanplekke is daar 1 netjiese ablusieblok by die gewone staanplekke. Hier is ook rolstoelvriendelike geriewe.

met 'n kraan. Jy deel ook jou kragpunt met drie bure en jy moet onthou om jou blou sok saam te bring.

Heel aan die verste punt van die kampterrein is die speelparkie met swaaie, 'n rondomtalie en glyplank.

Die swembad is die hoofattractie vir dié wat nie 'n boot of visstok het nie. Dit is 'n grootmeneer van 'n swembad, 'n goeie 300 m se stap van die woonwa af, met gras en koelte rondom sodat jy heeldag kan leeglê. Langs die swembad is 'n plonsoel vir die kleintjies, en hier is ook afdakkies met bankies en tafels vir wanneer jy die piekniekmandjie uitpak.

Die woonwapark se ablusieblok sit bo in die linkerkantse hoek van die kampterrein. Dit is twee rondawels wat regoor mekaar staan – een met die mansbadkamer en die ander met die vroue s'n.

Binne is dit netjies geteël en hier is ses storte, ses toilette, twee groot staalurinale en agt wasbakke om 'n eiland in die middel van die gebou met spieëls en 'n kragpunt vir jou elektriese skeermes. Die storte maak met glasdeure toe en het 'n nat en droë deel. Jou aantrekhouk is effens knap, maar die stortdeel is ruim genoeg dat 'n groot man darem ordentlik kan stort. Jy kry 'n handdoekreling en twee hake, maar nie regtig plek om jou goed neer te sit nie. Die geriewe is netjies en skoon en die warm water spuit sterk. Die rolstoelvriendelike geriewe is aan die agterkant van die gebou.

Tussen die mans- en vrouedeel is die kamer met die opwasgeriewe. Hier is vyf dubbelwasbakke met genoeg pakplek. Langsaan is die waskamer met 'n wasmasjien en tuimeldroër. Dié werk met ruilmunte wat jy by die hek koop.

Prys Spitstye R550-R840 p.n. vir die eerste 4 mense afhangend van die staanplek; daarna R120-R150 p.p.; andersins R110-R200 p.p.p.n. afhangend van die staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 15:00 en 10:00.

Kontak 051 754 0045 forevergariep.co.za gariep@foreversa.co.za

Naaste dorp Venterstad 45 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpas.

GPS S30.59678 E25.50193

Ry & Sleep sê Troeteldiere en quadfietse word nie toegelaat nie.



ATKV-Drakensville

Wanneer jy van 'n afstand af na die oord kyk, is dit nie duidelik waarom iemand op 'n dag besluit het om juis hier 'n wegkomplek vir kampeerders te skep nie. Die omgewing het tipiese ronde graskoppies, en die oord span halfpad oor een van dié koppies. Maar as daar "ATKV" voor 'n oord se naam staan, weet 'n mens min of meer wat om te verwag; dinge sal agtermekaar wees.

By Drakensville moet jy nie net by die hek aanmeld om jou besonderhede in die besoekersregister in te vul nie; jy moet ook weer by die kantoor 'n draai maak om die nodige formaliteite af te handel.

Die oordplan wys vyf kampe, A tot E, maar eintlik is die staanplekke verdeel in drie groepe. Die hoofgedeelte is die staanplekke van A tot C wat in twee rye rug aan rug grens (hoewel die A-deel op die een kant in 'n ry langs mekaar pas), en aan die

oorkant van hulle is die D-blok, met E dan op die verste punt.

Op die hoek agter op jou staanplek is 'n gemesselde struktuur met 'n vullisdrom en kraan wat jy met jou buurman deel. Die kragpunt (blou sok) staan hiernaas.


Die ontvangspersoneel ken jou staanplek aan jou toe, en wanneer die wind opsteek, moet jy hoop dis 'n staanplek naby 'n boom. Hier op die grasbulte sien 'n mens nie veel bome nie, maar in die oord staan daar onder meer 'n klompie bloekombome wat lyk of hulle deur Piet Retief geplant is.

Die dag toe ons kom afpak het, het die wind geraak-raak aan 30 km/h en die spreekwoordelike hond uit 'n bos gewaai. Selfs die losstaande staalbraai van die bure het omgewaai, en 'n paar staanplekke verder het die mense eerder die seil van hulle gazebo afgehaal voordat hy in Durban beland.

Tussen die hoofdeel en die D- en E-kamp staan twee ablusieblokke – die een aan die E-kamp se kant is die groter een. Dié badkamer is netjies geteël, en die twee wasbakke, elk met sy eie marmerblad, staan in 'n hoekie vir jou oggendroetine. Aan die manskant is daar nog drie wasbakke.

Die storthokkies is 'n voorbeeld vir ander oorde van hoe prakties dit ingerig kan wees. Jy het jou eie vertrek met 'n deur, en aan die droë kant is 'n bankie, hake en 'n handdoekreling. Die storkant langsaan het geen afskorting soos 'n deur of gordyn nie, maar dit strek in die lengte af weg van die deur kant toe. Die storkop wys nie in die deur se rigting nie, maar eerder van die een muur na ander; dus spat die water nie by die nat kant uit nie, al is daar nie 'n afskorting nie.

Hier is ook 'n waskamer met wasmasjiene en tuimeldroërs waarvoor jy ruilmunte by die winkel kan aanskaf.



Kortliks | ATKV-Drakensville



Kampplek 80 geplaveide staanplekke met krag en water naby.

Ablusiegeriewe Netjies met heerlike ruim storthokkies.

Prys: R175-R865 per staanplek vir tot 6 mense, afhangende van die seisoen.

Aankoms- en vertrektyd 15:00 en 10:00.

Kontak 036 438 6287

drakensville@atkv.org.za

drakensville.co.za

Naaste dorp Bergville 28 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S28.613120 E29.124420

Ry & Sleep sê As jy die stormloop wil misloop, maak in die winter 'n draai – daar's selfs 'n kans dat jy sneeu op die berge gaan sien.



Die wasbakke vir jou skottelgoed is ook hier. Die badkamers by die D-blok is wel kleiner, maar dit is nader geriewe vir hierdie kant.

Soos wat 'n mens verwag van 'n groot oord soos dié, is hier heelwat afleiding vir almal. In die winter staan hier seker so 10-15 woonwaens, en 'n mens verstaan as van die kampeerders vir die wind wegkruip, maar jy sien selde iemand rondloop. Die antwoord lê bo teen die bultjie, ver links soos 'n mens die oord binnery. Hier is 'n binnenshuise warmwaterswembad, en hier binne steur niemand hulle aan die koue nie. Langs die gebou staan ook 'n waterwurm, maar dié wag dan op beter (warmer) dae.



Langs die pad tussen die kantoor en staanplekke is 'n houtklouterraam, met langsaan 'n muurbalbaan as jy een van jou medekampeerders wil laat swoeg. Hiernaas is 'n buitelugskaakbord onder 'n grasdak en verderaan die minigholfbaan. Jy kry stokke en balle in die speletjieskamer oorkant die pad waar daar onder meer *pool*-tafels en arkadespeletjies is. Langs die gholf is 'n kouewaterswembad, maar dié was ook met ons besoek besig om aandag te kry vir die komende seisoen.

Oorkant die pad van die swembad is 'n klein supermark waar jy enigiets van drank tot bevrore vleis kan koop. Hier is ook 'n kitsbank ingeval jou kontant begin min raak.



Mountain Splendour

Wanneer jy die by die hek inry, is dit pure plaas, en 'n pad-teken waarsku jou teen "vrylopende kinders".

Reg by die oorde se hek staan drie dromme vir herwinning – een is vir glas en die ander vir papier, en die derde een is volgens Mountain Splendour se pamflet vir oorskietgroente.

Die eienaars versoek ook dat 'n mens bio-afbreekbare skottelgoedseep gebruik omdat daar bio-ensieme in die afspoelwater se verteerputte is. Dieselfde geld natuurlik vir jou sjampoe en lyfseep. Vir die kampeerdere wat 'n kassettoilet saambring, is hier 'n spesiale waskamer (direk links soos jy die kampplek binnery), omdat ook dié chemikalieë skadelik is vir die verteerputte.

Die oomblik wanneer jy die kantoor binnestap, sien jy bergfietsry is 'n ding hier: Die rakke is vol van helms, handskoene en skoene. Maar daar is darem ook lekker-



goed, roomys, koeldrank en braaihout. Net voor die kantoor is 'n volledige fietswinkel waar selfs nuwe fietse verkoop word. Terloops, ook fietsryers moet die omgewing in ag neem: Die eienaars vra dat kettings met afbreekbare smeermiddel gediens moet word – dit kan in water oplos en is in die winkel te koop.

Nadat jy jou R100-deposito betaal het vir die skyfie wat die valboomhek oopmaak, is dit tyd om aanstalles te maak.

Die eerste blok staanplekke begin direk ná die woonwagbergrplek en jy ry omtrent 'n woud binne.

Vir meer koelte kan 'n mens kwalik vra. Die staanplekke is weerskante van die inrypad en gemerk met 'n klip waarop die nommer geverf staan. Die middelste deel is 'n afgebakende blok met gruis waarop jy kan staan. Uiteraard is hier geen gras nie, maar die klippies behoort te keer dat 'n modderbad op jou staanplek vorm.

Hier staan hordes los staalbraaiers met



Kortliks | Mountain Splendour-eko-oord



Kampplek 80 staanplekke met hope koelte, elk op 'n netjiese gruisblad. Staanplek nr. 51-56 het die beste uitsig oor die berg.

Ablusiegeriewe Algemene en private badkamers waarvan die storte in die algemene deel 'n vars ontwerp het.

Prys Afhangend van die seisoen R188-R358 p.p.p.n. (R94-R179 vir kinders.) Staanplekke met eie geriewe: Die standaard-

tarief plus R155-R439 p.d. afhangend van die seisoen en spesifieke staanplek. (Dié pryse geld tot Februarie 2021)

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 036 468 1172

mountainsplendour.co.za

info@mountainsplendour.co.za

Naaste dorp Winterton 28 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 270 m is 'n netjiese grondpad.

GPS S29.014200 E29.461685

Ry & Sleep sê Bring almal se fietse saam – hier is selfs 'n spesiale baan vir die kinders.

roosters rond, en die vullisdromme staan halflyf in 'n gat met 'n gepleisterde ring rondom soos 'n kraag. Die kragpunte – digby jou staanplek – gebruik gewone huissokke, en die krane het 'n klein trog met klippies onder dit.

Die badkamergebou is in die middel van diékantse staanplekke, met dan 'n gesinsbadkamer aan weerskante van die opwasgedeelte. Die waskamer is aan die ander kant, waar dit jou R30 per bondel kos vir was of droog. Die masjiene werk met ruilmunte wat jy by die kantoor kry.

Die algemene badkamers is 'n aange-name verrassing. Die ses hipermoderne storthokkies is ekstragroot, elk met 'n glasdeur, en die plat storkop sit hoog en uit die pad bo jou. Al die loodgieterswerk is oop teen die muur en die koperpyp met al die kinkels en draaie lyk omtrent soos 'n kunswerk. Die wasbakke in die vertrek is in 'n marmarblad versink en vir die kinders is hier selfs 'n laer een.

Die parkie vir die kinders is tussen die twee kampblokke en spog met 'n klomp ou plaasimmente – van 'n ou trekker tot 'n wipplank waarvan die sitgedeeltes ou staalsitplekke is wat al blink gesit is. Daar is selfs 'n ou woonwa. Langs die parkie is 'n grasdaklapa met onder meer 'n tafeltennisblad, twee veerpyltjieborde en 'n platskerm-TV. Die swembad langsaan met pragtige nagemaakte klipwerk is op verskillende vlakke, wat dit soos natuurlike poele laat lyk. Die groen grasperk langsaan het 'n paar spits grasdakkies met rusbanke onder dit.

Die eerste staanplekke van die tweede blok lyk soos die eerste blok s'n. Die bome lyk wel jonger, maar jy kan steeds nie kla oor skaduwee nie.

Hier is nog 'n badkamergebou, maar omdat dit taamlik eenvoudig is, kry 'n mens die idee dit was moontlik die oord se eerste geriewe. 'n Entjie verder is nog 'n geboutjie met vier "private" storte en toilette – dié is bedoel vir die vier staanplekke rondom dit.

Die kroonstaanplekke is die ses heel regs op die verste punt. Hulle het elk 'n eie badkamer én 'n gruisblad waarop jy die wa trek. Van hulle het ook 'n onderdak-kombuisgedeelte met 'n yskas – en die uitsig hiervandaan na die berg se kant toe is onverbetterlik. Cathkinpiek in die verte lyk soos 'n klein tafeltjie bo-op die berg se spits terwyl die son kort voor lank agter dit gaan verdwyn.



Dragon Peaks

Dragon Peaks se hek is skaars 400 m ná die afdraai na die Drakensbergse Seunskoor. 'n Valboom stuit jou by die hek, waar die hekwag naderstap met sy papierwerk.

Die staanplekke is nou direk regs van jou en die kantoor 200 m verder links in 'n klein gebouekompleks wat ook die restaurant en kroeg huisves.

Die staanplekke kan in twee opgedeel word. Die eerstes lê die naaste aan die hek en hier is 'n groot oop grasperk, terwyl die ander staanplekke meer verspreid en tussen die bome is.

Die staanplekke op die grasperk is nie

afgebaken nie, maar die gemesselde braaiplekke – wat nog nuut lyk, elk met 'n los rooster – het 'n nommer waarlangs jy kan opslaan.

'n Geplante paal met 'n hoepel aan die bokant hou jou vullisdrom regop. Dit keer dat 'n bobbejaan die drom omgooi óf selfs die deksel oplik.


Hier is genoeg krane tussen die staanplekke, die meeste van hulle met 'n betontrog sodat jou bene nie vol modder spat wanneer jy die ketel vol water kom maak nie. Die kragpunte is 'n gewone huissok, en 'n verlengkoord van 10 m sal deug as jy 'n entjie weg staan. (Van die staanplekke

se kragpunt gebruik die blou sok, en daarom moet jy voorbereid wees.)

Die klompie staanplekke by die grasperk het vier halfgeboude strukture. Dit is private badkamers in wording, maar volgens die oordmense het hulle vir eers die bouwerk gestaak.

Die staanplekke oorkant die swembad is onder hoë bome, en pleks van gras is hier betonblokke waarop jy kan staan. Maar jy kan ook beland op 'n staanplek waar jy tevrede moet wees met net grond. Van die braaiplekke is geplante staalbraaiers met roosters.

As jy jou 'n bietjie wil afsonder, is die





staanplekke op die verste punt (nr. 106 en verder) die beste keuse. Hulle het ook gras en is langs die verste badkamergebou. Die heel laaste staanplekke (nr. 112 en verder) is selfs beter, want hier het jy nie net gras nie, maar lae struik wat jou kampplek afbaken. Agter jou is hoë bloekombome en voor jou 'n klompie geelhoutbome.

Nêrens in die kampplek hoef jy té ver te stap na een van die drie badkamergeboue nie. Die hoofbadkamer is regoor die kantoor, langs die swembad, en die ontwerp

is werklik puik: Tussen elke storthokkie is 'n deurbreedte inham met 'n wasbak. Buiten dat jy gerieflike pakplek rondom jou en 'n spieël voor jou het, is daar ook spieëls teen albei kante. Jy het dus 'n lekker private wasbakhoekie, selfs al staan jy in 'n oop vertrek.

Die tweede ablusieblok is agter die staanplekke nader aan die hek se kant. Die stel wasbakke teen die een muur is elkeen op sy eie met 'n spieël voor dit, en net soos by die ander hoofbadkamer is hier

Kortliks | Dragon Peaks-bergoord



Kampplek 130 staanplekke – sommige oop en op gras en ander heeltemal in die koelte op betonblokke of grond.

Ablusiegeriewe 3 badkamergeboue met unieke wasbakhoekies wat 'n prys verdien vir oorspronklikheid.

Prys Afhangend van die seisoen R170-R300 p.p.p.n. (R85-R150 vir kinders van 5-13 jaar). As jy 'n hond saambring, kos dit vir hom R95 p.n.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 036 468 1031 dragonpeaks.com dpp@dragonpeaks.com

Naaste dorp Winterton 30 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S29.020177 E29.436024

Ry & Sleep sê Hier is ape en bobbejane, maar hulle pla jou nie op jou staanplek nie. Hier geld 'n streng verbod op musiek.

ook private hoekies (hulle lyk net effens ouer). Jou neersitplek in die storthokkie is 'n gewone plastiekstoel.

Die wassery is by die badkamers die verste van die kantoor af. Die wasmasjien en tuimeldroër werk elk met twee R5-muntstukke, maar 'n kennisgewing waarsku dat die masjiene in die spitsseisoen ook vir die oord se doeleindes gebruik word maar teen 16:00 beskikbaar behoort te wees. (Die oord se wassery is langsaan.) In die badkamers self is die wasbakke versonke in 'n lang melamienblad wat teen die muur afloop met 'n aaneenlopende spieël agter dit. Jy pak jou goed ook op 'n plastiekstoel in die storthokkie, en 'n lae walletjie keer dat die water die wêreld vol spat.

Langs die swembad is 'n waterwurm wat amper lyk soos 'n betonvoor wat jou ná 'n paar esse in 'n kleiner swembad uitspoeg. Reg langsaan is die trampoliens met 'n klouterraam in die vorm van 'n see-roverskip wat enige kleintjie ure lank sal besig hou.

Dolphin-vakansieoord

By die Dolphin-oord voel jy sommer met die aankomslag tuis, amper asof jy by vriende kom kuier. Jy vleg deur 'n buurt om hier te kom, en oorkant die pad is 'n klein inkopiesentrum. Links van die kantoor is enkelparkeerplekke en regs, langs 'n kiosk, plek waar jy met jou woonwa kan stilhou om die papierwerk af te handel.

Saam met jou kampgeld betaal jy ook 'n R100-deposito vir die skyfie waarmee jy die valboom na die kampplek oopmaak. Die ontvangsdame gee vir jou 'n oordkaart waarop jou staanplek met 'n kruisie gemerk is, maar sy omkring ook 'n paar ander beskikbare plekke en laat jou soon-toe stap om te kyk of jy eerder op een van hulle wil staan. As jy 'n lang sleepkombinasie het, moet jy eerder die eerste 20 staanplekke vermy; die afdraaipaaie na hulle is skerp en hier is ook 'n doodloopstraat. Die staanplekke verderaan is meer in die oopte en jy sukkel nie om jou draai te kry nie.

Sodra jy finaal besluit het waar jy wil staan, teken die ontvangsdame vir jou die roete-aanwysings na en van jou staanplek. Jy moet mooi oplet, want die paaie in die oord is meestal eenrigting.

Van die kantoor af hou jy links na die kampplek toe. Die oord is soos 'n klein dorpie uitgelê en die strate het visname soos Grunter, Garrick en Dorado – daar is selfs 'n Shark Bend-straat. Jou straatnommer vir die vakansie is op die sypaadjie voor jou staanplek gevef. Die staanplekke is vierkantige blokke wat tussen netjiese paaie uitgelê is.

Die plantegroei is welig en jy kan sien dié oord bestaan nie van gister af nie. Die plante smelt met die omgewing saam en jy

kan nie sien dis aangeplant nie. 'n Enorme koraalboom met sy dieprooi blomme, 'n klomp palmbome en ander bome sorg dat daar genoeg koelte vir almal is.

Die staanplekke is groot en op die meeste van hulle is genoeg plek vir 'n groot woonwa, sy tent en jou sleepvoertuig langs dit. Van die staanplekke is op welige gras, ander op yler gras en die res op grond. Met die baie bome en struie tussen die staanplekke kamp jy taamlik privaat.

Jy prop jou wa by 'n blou woonwaprop





in en het niks meer as 'n standaardverlengkoord nodig as jy op die verste punt van die staanplek staan nie.

Jy deel 'n kraan met die bure, maar dis net so naby soos die kragpunt. Die skoonmakers maak gereeld jou vullisdrom skoon.

Heel bo in die oord is 'n speletjieskamer met onder meer *pool*-tafels, 'n buitelug-skaakstel, twee trampoliens, 'n houtklouterraam en 'n omheinde swembad.

In die linkerkant van die kampplek is twee ablusieblokke en aan die regterkant nog twee. Elke een het ook 'n waskamer met wasmasjiene en tuimeldroërs. (Dit werk met R20-ruilmunte.)

Voor die badkamerdeur is 'n matjie waarop jy die meeste sand van jou skoene kan afvee.

Die badkamers is nie meer nuut nie, maar hulle kan nie skoner nie; die vloere word soggens nog voor hanekraai blinkgevryf. Al die badkamers is min of meer dieselfde uitgelê met twee storthokkies, twee toilette, 'n bad en drie wasbakke. In die linkerkantse badkamers is nie pakplek by die wasbakke nie, maar teen die muur agter jou is 'n smal rak waarop jy jou tandepasta en handdoek kan neersit. Die ander twee badkamers het 'n blad om die wasbakke.

Agter die stortdeur is 'n rakkie vir jou badsakkie. Die stort het 'n gordyn tussen die nat en droë kant.

Die strand is skaars 200 m van die hek af en jy stap in 'n steeg soontoe. Buite die hek verkoop smouse enigiets van helder-kleurige strandhandoeke tot sonbrille en emmertjies en grafies, en jy weet jy hou vakansie by die see.

Ons het in die skoolvakansie hier gekamp en op die strand was nie minder nie as vyf menseredders.



Kortliks | Dolphin-vakansieoord



Kampplek 98 ruim staanplekke en heel-wat koelte, asook 'n badkamer naby.

Ablusiegeriewe 4 ablusieblokke wat silwerskoon gehou word.

Prys R360-R1 175 p.n. vir die eerste 2 mense per staanplek, afhangend van die seisoen, tot R935-R1 895 vir 6 mense. Nie

meer as 6 mense op 'n staanplek nie.

Aankoms- en vertrektyd 11:00 en 10:00 behalwe as jy ander reëlings tref.

Kontak 032 946 2187

info@dolphinholidayresort.co.za

dolphinholidayresort.co.za

Naaste dorp Op Ballito.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S29.532273 E31.221788

Ry & Sleep sê Gratis skons en tee word soggens en smiddae in die saal bedien.



Salt Rock-woonwapark

Die oord lê teen die strand by 'n indrukwekkende geboude getypoel tussen die rotse. Salt Rock kry sy naam van dié rotse af. Die diensmaagde van koning Shaka, stigter van die Zoeloe-nasie, het hier by die rotspele sout bymekaargemaak en só het Salt Rock sy naam gekry.

Hotelweg loop dood teen die oordhek. Vorentoe, na die see se kant toe, troon die kantoor uit bo 'n vyf stuks terrasse met staanplekke. Links van die kantoor, by 'n tweede hek in, lê nog staanplekke waar jy nie so blootgestel is aan die elemente as op die seestaanplekke nie.

As jy dus hier kamp, het jy twee keuses: 'n Staanplek mét wind of een sonder wind. Pak maar die stormbande in om jou stoep tent behoorlik vas te trek as jy langs die see staan. Tussen die voorste staanplekke en die strand is ook nie 'n heining nie, maar wagte is aan diens om kwaad-doeners weg te hou.

Die onderste staanplekke langs die strand is duidelik gemerk met geverfde nommers op die sypaadjie asook 'n nom-



mer op die vullisdrom. Van die nommers het selfs 'n pyl langsaan wat in die rigting van die staanplek wys.

Hier is nie veel skeiding tussen jou en die bure nie en jy deel 'n kraan met hulle.

Op jou staanplek is fyn gras waarop jy jou wa trek, en langsaan 'n reghoekige blok wat met sintetiese groen materiaal oorgetrek is. Dié blok is nie al gerief nie: Op die grond waar jy jou wa staanmaak, is drie betonblokke – vir jou wa se wiele en die neuswiel. Danksy dié blokke hoef jy nie met 'n waterpas te sukkel nie. As jy die wa op hulle getrek het, staan hy gelyk.

Na die see se kant toe word die palm-bome minder... en hier kom die son jou by. Weg van die strand af, nader aan die kantoor, is skaflike koelte as jy nie heeldag in die son wil bak nie.

Die badkamers vir die onderste kampeerders is direk agter die koeltestaanplekke. Dit het nuwerwetse marmerblaaie met keramiekwasbakke. Jy het 'n bankie en die stort is agter 'n glasdeur.

Langs die badkamer is 'n waskamer met wasmasjiene en tuimeldroërs vir



Kortliks | Salt Rock- woonwapark



Kampplek 101 staanplekke in 2 kampe; 34 is naby die strand, 6 teenaan die strand, en 61 is verder van die strand af en meer beskut.

Ablusiegeriewe 3 skoon ablusieblokke: 1 by die onderste staanplekke en 2 by die boonste staanplekke.

Prys Vanaf R400 per staanplek vir die eerste 2 mense plus R100 vir elke bykomende mens tot R1 200 en R145 ekstra per bykomende mens, afhangend van die seisoen. Maksimum 6 mense per staanplek word toegelaat.

Aankoms- en vertrektyd 11:00 en 10:00.

Kontak 032 525 5025

hotel@saltrockbeach.co.za

saltrockbeach.co.za

Naaste dorp Op Salt Rock.

Hoe lyk die pad? Heelpad teer.

GPS S29.504569 E31.236788

Ry & Sleep sê Jy kan 'n braaier huur teen R20 p.d. (plus 'n deposito van R200).

jou vakansieklere en swemhanddoeke, plus opwasplek vir jou skottelgoed. Die masjiene werk met ruilmunte wat jy by die kantoor koop.


Die boonste staanplekke is in 'n ruie tuin, maar hier is darem plek waar die son lekker deurkom en waar jy jou swemklere in dié klam wêreld kan droog kry.

Van die staanplekke het geen skeiding tussenin nie en ander word deur struik geskei. Bring maar jou seilmuur saam as jy privaatheid op jou staanplek soek.

Dié staanplekke is net soos die onderstes genommer en jy het 'n blou woonwakragpunt en vullisdrom. Jy deel 'n kraan met jou buurman.

In hierdie deel van die woonwapark is twee ablusieblokke. Die een die verste van die kantoor af het die beste geriewe vir kampeers in 'n rolstoel.

Dié woonwapark het nie 'n swembad nie, maar met die bië van 'n getypoel is



dit ook nie nodig nie. Die poel is 85 m lank en dus langer as 'n Olimpiese swembad – dit strek oor die hele breedte van die oord. Dis nie vierkantig of reghoekig soos baie ander getypoele nie, maar in 'n Y-vorm met 'n gekromde onderpunt gebou.

Van die kampplek af strek 'n betonmuurtjie van 20 m oor die sand tot by die poel en jy stap daarlangs tot by die water. Dié poel is gewild onder oud en jonk: Kinders plas met hulle vlerkies in die water, ouer mense dryf rustig en salig in die water,

en skraal tienermeisies bak soos dassies op die rotsbank in die son – en 'n rooi-gebrande man swem lengtes soos in 'n gimnasiumswembad.

Op die verste punt van die poel is 'n geboude uitkykpunt wat soos die hoektoring van 'n kasteel lyk en omtrent 'n verdieping hoog staan. Hengelaars gebruik dié punt se hoogte om hulle aas ver te gooi. Hier is baie swartstert (ook bekend as dassies) van ongeveer voorarm lengte in die water, en sardyn is 'n gewilde aas.



ATKV-Natalia

ATKV-Natalia lê langs Illovostrand, en in dié warm waters kan jy heeljaar baljaar en tussenin op die skoon, uitgestrekte strand lê en sonbaai. As die weer die dag nie saamspeel nie, kan julle in die groot verhitte swembad gaan swem.

Natalia se ontspanningsgedeelte is so volledig soos kan kom, en buiten die swembad (hier's een vir die kleintjies ook), is hier minigolf, 'n vlugbalbaan, trampoliens, 'n groot klimraam en een van daardie lewensgroot skaakborde. In die speletjieskamer is videospeletjies en 'n pool-tafel.

By die oordwinkel kan jy kom aanklop vir enigiets van brood, tydskrifte en visnette vir die kleintjies tot braairoosters, T-hemde, hout, koeldrank, roomys en ys.

Die hekkie na die treinbrug wat oor die spoor loop strand toe, word deur 'n sekerheidswag beman. Wanneer jy uitstap, gee hy vir jou 'n rekkie met 'n skyfie op wat jy om jou arm moet sit. Die dag van die week is op dié skyfie geskryf, en dís hoe hulle beheer wie van die strand af terugkom.

Die woonwapark is in twee dele verdeel. Die eerste, met amper 80 staanplekke, is naby die hek op die onderste terras. Van hier af het jy nie 'n uitsig oor die see nie, maar jy is meer beskut teen die wind.



Die tweede deel het 28 staanplekke, en dié lê 'n paar meter hoër, op die boonste terras. Van hierdie staanplekke af het jy 'n onbelemmerde uitsig op die water, veral as jy heel voor staan.

As jy vir die boonste terras mik, hoor by die persoon wat jou help met jou bespreking of staanplek nr. 114 of 117 nog beskikbaar is. Dit is die twee beste staanplekke in hierdie deel van die woonwapark, want jy staan onder groot bome wat heeldag koelte gooi. Hier is nóg groot bome op die boonste terras, maar hulle staan deur die kampterrein versprei en jy is nie gewaarborg van koelte nie.

As jy op een van die onderste staanplekke gaan kamp, moet jy probeer om jou naam langs nr. 31-41 te kry. Hulle is op die middelste eiland, aan die verste punt van hierdie deel van die kampterrein, en ook heeltemal in die koelte.

As die hele uitgebreide familie vir Kersfees kom saam kamp, is staanplekke nr. 47-51 net reg vir 'n groepsbespreking. Dié vyf staanplekke is heel in die hoek, op die verste punt van die onderste kampterrein, en jy is hier meer afgesonder van die res van die kampeerders.

'n Tien stuks van die die onderste staanplekke het elkeen 'n groot skadunet oor.



Die staanplekke is deur die bank amper so groot soos 'n muurbalbaan, en die meeste van hulle het 'n reghoekige stuk plaveisel met gras rondom. Die kragpunte staan naby genoeg aan jou plaveiblad en dis nie regtig nodig om 'n verlengkoord saam te bring nie. Langs die kragpunt is inpropplek vir jou wa se satellietkottel.

Elke staanplek het ook sy eie kraan én vullisdrom wat daaglik skoongemaak word. Maar by Natalia is daar 'n groot fokus op herwinning en jy word versoek om jou glas, blikkies, plastiek en papier apart te hou en in die gekleurde dromme by die twee ablusieblokke te gaan weggooi.

Onthou om jou eie braaigoed saam te bring, want jy kry nie 'n braaier by jou staanplek nie. As jy nie een gebring het nie, kan jy by die gemeenskaplike braaiplek langs die swembad jou tjops gaan gaar skroei.


Of jy nou op die onderste of boonste staanplekke staan, jy kamp hier nêrens verder as 100m van die ablusiegeriewe af nie. Die ablusieblok by die staanplekke die naaste aan die see is 'n moderne gebou met aparte geriewe vir mans en vroue. By die mans is vier storte, vier wasbakke met spieëls en drie urinale. Hier is ook twee gesinsbadkamers met 'n dubbelstort en 'n wasbak in jou eie vertrek. Die onderste blok is ewe modern, netjies en skoon, maar hier is agt urinale, drie toilette, vier storte, 'n bad en agt wasbakke met spieëls.

Die storte het glasdeure en is ruim. Die droë deel is egter effens beknop en die afslaanbankie het 'n gewigsbeperking van 100kg. Hier is genoeg hake vir jou handdoek en skoon klere.

By albei ablusieblokke is 'n wasmasjien en tuimeldroër wat met ruilmunte werk (jy kry dit by die snoepie). Hier is ook opwasplek vir jou skottelgoed en diep wasbakke vir jou wasgoed.



Kortliks | ATKV-Natalia



Kampplek 108 staanplekke op 2 terrasse, die meeste met plaveiblaai en gras, en sommige met koeltebome of skadunet.

Ablusiegeriewe 2 moderne ablusieblokke wat skoon en netjies gehou word.

Prys R290-R1 460 p.n. per staanplek vir

6 mense, afhangend van waar jy staan en wanneer jy kamp.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 031 916 4545

natalia@atkv.org.za natalia.co.za

Naaste dorp Winklespruit 3 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpaspad.

GPS S30.121960 E30.845705

Ry & Sleep sê As jy jou blou prop per ongeluk by die huis vergeet het, kan jy by die oordwinkel een koop.

Profcon-oord

Op die hoek van Somerset- en Cradockstraat in Graaff-Reinet sal jy die Profcon-oord aantref. Die eienaar, Leanne Bezuidenhout, groet jou vriendelik in die ontvangsgebou. Langs die toonbank murmel 'n yskas saggies terwyl jy die register invul. Hierin is koeldranke, gebottelde water, bier en wyn. As jy nog nie braaihout gekoop het nie, kan jy ook dié aanskaf teen R25 per sak.

Leanne gee vir jou 'n elektroniese skyfie en beduie jy moet om die hoek ry tot in Cradockstraat. Hier druk jy die skyfie teen 'n sensor, wag dat die hek outomaties oopgry en ry deur tot in die kampplek.

Hier is grasperke, klimrame en kinderspeelplekke wat alles mooi weggesteek is van die dorp se strate. Profcon het 8 staanplekke op gras, elk met 'n vullisdrom, kraan, elektrisiteit, 'n baksteenbraaiplek met 'n vlak skoorsteen en 'n tafel met bankies. Staanplek nr. 1-3 is onder koeltebome terwyl nr. 4 en 5 skadunet-afdakkies het. Daar is wel bome geplant langs dié staanplekke, maar dit gaan nog 'n paar jaar duur voordat hulle groot genoeg is om lekker skaduwee te gooi.

Staanplek nr. 6-8 is nie duidelik gemerk nie en is meer geskik vir 'n groter groep vriende wat langs mekaar wil tent opslaan.

Indien al agt staanplekke vol is, kan vier reghoekige lappies gras afgebaken word vir ekstra kampplek. Dit is eintlik 'n speelterrein vir kinders, maar Leanne glo elke

ding by Profcon moet meer as een doel hê.

Eende en hoendertjies pik-pik om jou tent rond, maar toemaar, hier is geen aanstellerige hane wat jou douvoordag gaan wakker kraai nie.

Profcon maak eintlik sy geld met 10 enkslaapkamerkothuise, 3 tweeslaapkamerkothuise, 1 drieslaapkamerhuis en verskeie enkelkamers, maar Leanne is trots daarop dat sy by een geleentheid 'n indrukwekkende 18 ryhuise vol jolige Hollanders op haar werf staangemaak het. Terloops, baie van haar gaste is Europese reisigers wat nuuskierig is oor Graaff-Reinet.


Kampeerders het toegang tot drie ablusiegeriewe waarvan jy een met dagbesoekers moet deel as daar bruilof gehou

word by Profcon. Die ander twee is slegs vir kampeerders.

Die gedeelde badkamers het 'n manskant met een stort, twee urinale, een toilet en 'n wasbak met 'n spieël. Die vrouekant is soortgelyk, maar sonder die urinale en met 'n ekstra toilet. Tussen die mans- en vrouekant is 'n toilet vir gestremdes en 'n hoë bankie waar jy 'n baba se doek kan omruil. Die geriewe is alles pynlik netjies.

Naby die hek waar jy ingery het, is twee nuwe ablusiegeriewe, een vir elke geslag, met 'n stort, toilet en 'n granietblad met 'n wasbak en spieël. Hier is ook 'n gesinsbadkamer met 'n toilet, wasbak en 'n bad eerder as 'n stort. Handdoeke, vloermatjies, seep en toiletpapier word alles





verskaf – en weer eens is alles pynlik netjies.


Laastens is daar in die middel van die kampplek 'n kampkombuis met 'n ys-vrieskas, wasbakke, 'n kombuistafel en 'n mikro-golfoond. Skottelgoedseep en sponsies word verskaf, en hier is ook 'n rusbank en stoele as jy in die kombuis wil kuier terwyl dit reën. Agter die kombuis is twee buitelugstorte (dakloos) met seephouers en 'n droë deel met 'n bankie waar jy kan uit-en aantrek. Hier is ook twee toiletkamers elk met 'n wasbak en spieël. Hierdie gebou is ouer as die ander ablusiegeriewe, en hoewel dit nie besonder modern is nie, is dit... ja... skoon en netjies.

As jy nie lus voel om te braai nie en ook nie die kampkombuis wil gebruik nie, kan

jy aansit by Pofcon se eetsaal. Bespreek net vroegtydig jou tafel en ete – dieselfde geld vir ontbyt.

'n Speelparkie vir kinders het glykabels, klimrame, skoppelmaaie, glyplanke, 'n minigholfbaan en paadjies vir plastiekskopfietse. Leanne sê Profcon is beslis 'n gesinsoord – nie net vir gaste nie, maar ook vir haar eie gesin, wat almal help om die oord te bestuur. Leanne se oudste studeer toerisme en sal die oord binnekort oorneem sodat sy en haar man kan aftree.

Hier is ook 'n swembad met 'n kort glyplank wat jillende kinders in die bad uitspoeg. Die swembad is omhein sodat kleuters nie sonder ouertoesig kan gaan rondplas nie.



Kortliks | Profcon-oord



Kampplek 8 staanplekke op gras en sommige onder bome.

Ablusiegeriewe 3 netjiese geboue wat deurentyd skoongemaak word.

Prys R250-R300 p.n. per staanplek afhangend van die seisoen.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak 049 892 2887 of 084 208 2340

profconresort@gmail.com


profconresort.co.za


Naaste dorp Graaff-Reinet.

Hoe lyk die pad? Dorpsstrate tot by die oord.

GPS S32.25241 E24.53108

Ry en Sleep sê Die hoofrede waarom jy by die Profcon-oord sal tuisgaan, is die ligging. Cradockstraat is slegs twee straatblokke van Graaff-Reinet se hoofstraat af en dus stapafstand van die meeste museums, nasionale gedenkwaardighede en winkels af.





Nqweba

Skaars 4 km noord van Graaff-Reinet lê die Kamdeboo- nasionale park aan weerskante van die N9-deurpad. Die hoofhek en die parkkantoor lê links; dis hier waar jy aanklop vir jou toegangs- en verblyfpermit.

Saam met jou permitte kry jy 'n kaart wat die Nqweba-kamp se staanplekke aandui asook 'n brosjure met al die park se doendinge, diere wat jy kan verwag om te sien, en 'n kaart van die hele park. Jy kry ook 'n kode wat jy by onbemande hekke in die park moet inpons om toegang te kry.

Noudat jy ingeteken is, ry jy deur die eerste onbemande hek tot op 'n rantjie met 'n lieflike uitsig op die park en die Nqwebadam. Skaars 100 m nadat jy deur die hek is, sal jy 'n borsbeeld aantref van Andries Pretorius, die Voortrekkerleier na wie Pretoria genoem is. Links van die beeldhouwerk is 'n tweespoorpad wat na die Nqwebadam loop, en reguitaan kronkel die hoofgrondpad na die kampplek minder as 1 km verder. Pons weer eens jou kode

by 'n hek in en ry deur tot in die omheinde Nqweba-kamp.

Sodra jy deur die hek is, sien jy eers vier permanente tente van die Lakeview-tentekamp plus hulle ablusiegeriewe aan jou linkerkant. Hou verby tot by Nqweba. Hier is dit dig bebos, maar die pad is breed genoeg sodat selfs 'n dubbelas-woonwa sal deurkom sonder om gekrap te word.

Hier is 15 staanplekke, feitlik almal onder koeltebome. Staanplek nr. 2, 4 en 14 lê teenaan die wildheining, maar die doringbome staan só welig dat jy nie baie ver kan sien nie. Hier is wel 'n verhewe houtplatform langs nr. 14 waarop jy kan klim om bó-oor die bome te sien – dis ook 'n lekker uitspanplek waar jy skemerkelkies kan geniet.

Elke staanplek het 'n metaalbraaier op pote wat jy kan rondsleep sodat jou braaivuur se rook nie by jou tent indwarrel nie. Hier is ook 'n aapbestande vullisdrom (dié kan jy nie skuif nie) en 'n krag sok op 'n lamppaal. Die lamp skakel vroegaand





Kortliks | Nqweba-kamp



Kampplek 15 staanplekke op kaal grond en onder bome.

Ablusiegeriewe 1 netjiese gebou wat elke oggend skoongemaak word.

Prys R285-R355 p.n. per staanplek vir 2 mense (afhangelend van die seisoen) plus 'n bewaringstarief van R100 p.p.p.d. (R50 vir kinders) as jy nie 'n Wild Card het nie.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 11:00. Jy mag wel tot 19:30 in die park bly nadat jy opgepak het (om diere te kyk of 'n draai te gaan maak in die Vallei van Verlatenheid).

Kontak 049 892 3453 sanparks.org

Naaste dorp Graaff-Reinet 4 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hoofhek en 'n goeie grondpad tot by die kampplek.

GPS S32.22054 E24.54170

Ry en Sleep sê Hier is min wild, maar dis goed so, want dit beteken die veld is nie oorbeweï nie.

vanself aan en hy het nie 'n skakelaar waarmee jy hom kan af- of aanskakel nie.

Die kragpunt is die gewone huishoudelike soort en die lamppaal waarteen dit vasgeskroef is, staan op die buitenste hoek van elke staanplek. As jy jou tent of woonwa diep in die staanplek wil staanmaak waar jy bedags die meeste koelte kan geniet, is dit raadsaam om 'n lang verlengkoord te bring (minstens 20 m), want dan is jy ook die verste weg van die kragpunt.

Elke twee staanplekke deel een kraan en jy hoef nooit meer as 30 treë te gee om water te gaan kry nie. Hier is geen grasperke nie, maar dis nie té moeilik om tentpenne in die gruisoppervlak in te slaan nie.

In die middel van die kampterrein staan die enkele ablusieblok. As dit vir jou belangrik is om naby dié geriewe te kamp moet jy mik vir staanplek nr. 6, 12 of 15. Hier is 'n vroue- en manskant, elk met twee wasbakke (elk met 'n spieël), snippermandjies, twee toilette (toiletpapier word verskaf) en twee stortkamers.

Die stortvertrekke het 'n ruim stort met seepbakkies en 'n gordyn. Die mure is van die vloer tot plafon geteël en silwerskoon. Elke stortvertrek het 'n droë deel met 'n smal houtbankie en klerehake waar jy kan uit- en aantrek.

Die manskant het twee urinale terwyl die vrouekant meer werkoppervlakke het. Hier is ook geriewe vir gestremdes en bejaardes: 'n toilet, wasbak en storthoek wat spesiaal ingerig is vir diegene in 'n rystoel of met 'n loopraam.

Laastens is hier 'n kampkombuis wat netjies ingerig is met twee skottelgoedwasbakke, twee elektriese tweeplaatstoves, 'n mikrogolfoond en ketel, vullisdromme en 'n lekker groot kisvrieskas.

Klim in jou kar en ry 'n draai deur die park. Die wildkykgebied noord van Nqweba is gangbaar selfs vir gewone sedanmotors, behalwe waar jy die Sondagrivier oorsteek. Hiervoor het jy 'n goeie grondvryhoogte nodig – en as die rivier vloei, gaan jy beslis viertrek moet inhaak.



Areena-rivieroord

Die Areena-rivieroord, ongeveer 23 km oos van Oos-Londen, is op die oewer van die Kwelera-getyrivier geleë.

By dié oord, wat al byna 30 jaar besoekers ontvang, het jy van jou staanplek af 'n onbelemmerde uitsig oor die rivier én 'n magdom voëls. Hier is hope aktiwiteite vir die hele gesin, en vir die kinders is hier 'n speelterrein, trampoliens, 'n swembad, tennisbaan, vlugbalbaan en 'n speletjieskamer met *pool*- en tafeltennistafels.

Hier is ook 'n klein wildreservaat van 350 ha waardeur jy onder begeleiding 'n draai kan gaan ry om wild soos sebras, wildebeeste, koedoes, elande, blesbokke, rooibokke, njalas, waterbokke, duikers en bosbokke te sien. 'n Groot hoogtepunt is wanneer jy vir Abby teëkom, die vriende-

like kameelperd wat ook Areena haar tuiste noem. As jy nie met jou eie kar wil ry nie, kan jy ook 'n quadfiets- of perderit deur die reservaat bespreek.

Die oord het 'n spanbou-en-avontuursentrum; moet dus nie verbaas wees as jy 'n groepie reisagente aantref wat hier is om mekaar op die verfbalbaan beter te leer ken nie.

As jy hierheen gekom het om 'n bietjie son op jou lyf te kry, kan jy jou somer op jou staanplek langs die water tuismaak en 'n blinklyf aan die hoek probeer kry óf jy kan jou lyn in die swartbaarsdam gaan natmaak.

Ongelukkig is jy soos die kraai vlieg ongeveer 5 km van die see af, en die naaste strande – Glen Gariff en Glen Eden – is 5 minute se ry van die oord af. As jy meer

avontuurlustig is, kan jy vir jou 'n kano of seekajak huur en al met die rivier langs strand toe roei. Of jy kan jou plek op die Kareena, die oord se dubbelverdieping-rivierboot, bespreek vir 'n skemerkelkvaart.

Wanneer jy die slag nie lus is om kos te maak nie, kan jy die gesin in die Areena Quays-restaurant bederf.

Die meeste van die 110 staanplekke in die kampterrein is op die oewer van die rivier, wat beteken daar is niemand tussen jou en die water nie. Die woonwastanplekke is deur die bank groot genoeg vir jou wa, voltent en voertuig, en op die meeste van hulle behoort jy êrens deur die loop van die dag 'n koeltekol te hê. Laat weet net die oordmense vooraf waarmee jy kom kamp sodat hulle vir jou 'n kampkol kan toeken wat reg is vir jou. En vra dan



Kortliks | Areena-rivieroord



Kampplek 110 staanplekke, almal met krag, 'n vullisdrom en op gras. Sommige het 'n plaveiblad.

Ablusiegeriewe 5 skoon en netjiese ablusieblokke met gedeelde geriewe.

Prys Afhangend van die seisoen en die aantal kampeerdere R200-R1 100 p.n. per staanplek. (Dié tariewe het vir 2020 gegeld, en teen druktyd was die nuwe

syfers nog nie bekend nie, maar 'n geringe aanpassing is moontlik.) Maksimum 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:30 en 10:30.

Kontak 043 734 3055 info@areena-resort.com areenaresort.com

Naaste dorp Oos-Londen 23 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S32.883435 E28.061201

Ry & Sleep sê Hier is só baie om te doen dat jy en jou mense nie vir 'n oomblik ledig gaan rondsit nie... tensy julle natuurlik wil ledig rondsit!



sommer oor die koeltesituasie sodat jy jou blinkseil en gazebo by voorbaat kan inpak.

Op die meeste staanplekke is gras, en sommige het selfs 'n betonblad waarop jy jou wa heerlik gelyk kan staanmaak.


Jou kragpunt is 'n gewone huissok (bring veiligheidshalwe 'n verlengkoord van minstens 20 m saam) en jy kry 'n vullisdrom en geboude braaier en rooster saam. Hier is twee verskillende soorte braaiplekke – die een klomp wat heuphoogte staan en die ander wat kuit-hoogte is. Dié outjies werk die lekkerste vir 'n kampvuur.

Jou waterkraan deel jy met die mense wat langs jou kamp.

Tussen die staanplekke is heelwat voltydse woonwaens, kompleet met tuine en glasskuifdeure. Dit is oorwegend naweekhuise vir mense van die omgewing en hier is ook heelparty permanente inwoners.

Wanneer dit badtyd is, is hier vyf ablusieblokke deur die kampterrein versprei. Almal van hulle het gedeelde geriewe en jy gebruik dus die een wat oop is. Die stortkamers en toilette is egter van die vloer tot teen die plafon toegebou; dus sal jy nie eens weet as jy en Mevrou Buurman langs mekaar stort nie.

Die grootste ablusieblok is naby die hek van die woonwapark en die ander vier is almal kleiner of min of meer dieselfde. Hulle het elk twee toilette, twee storte, 'n badkamer en een wasbak met 'n spieël. Die geriewe is modern, skoon en netjies, maar ons skat dit kan beknop raak wanneer die oord besig is. Die opwasgeriewe is aan die buitekant.



Yellow Sands

Die Yellow Sands-woonwapark – 'n private kampterrein wat al 50 jaar deur die Leppan-familie besit en bestuur word – is 'n plek waar jy die beste van twee wêreldes het: Jy kamp op terrasse, met die Kwelerarivier aan die een kant en die see aan die ander. Ongeag dus in watter een van die drie kampblokke jy jou tentpenne inslaan, het jy – met hier en daar 'n uitsondering – 'n onbelemmerde uitsig oor die water.

Die strand by Yellow Sands is 'n veilige swemstrand met heelwat privaatheid, en omdat dit by die monding van die Kwelerarivier is, is hier ook heelwat ander aktiwiteite om die tyd te verwyl – soos hengel, snorkelduik, branderplankry en roei. Of jy kan net jou boek vat en op die strand gaan lê.

Onthou ook om die kinders se fietse, lyfplanke, 'n krieketkolf en ander strand-speelgoed saam te bring. As julle in die Desember-vakansie hier kom kamp, reël die oordpersoneel vakansievermaak om die jong klomp besig te hou.

Hier is ook onlangs 'n verhitte swembad aan die bokant van die B-blok gebou. Daar

is 'n klompie leunstoel en piekniektafels as julle verkies om eerder die middag langs die swembad deur te bring. Hier is ook 'n speelpark en trampoliens in die oord.

Met die see voor jou, die rivier regs van jou en jou kampvuurtjie wat warm brand, is die kampplek net die plek om van jou sorg te vergeet.

Die mees gesogte staanplekke is waarskynlik in blok B, waar jy op 'n bultjie kamp wat op die Indiese Oseaan uitkyk, of in blok C, waar jy 'n prentjiemooi uitsig oor die rivier het. Van die staanplekke in blok A het nie 'n uitsig nie en jy is hier ook meer uitgelewer aan die elemente. Kyk dus eers of jy nie in een van die ander twee geholpe kan raak nie.

Die staanplekke is gelyk, op gras en hier staan heelwat koeldebome. Jy kry jou eie huissokkragpunt (onthou 'n verlengkoord), vullisdrom en kraan. Die plante groei ruig tussen die staanplekke, wat jou nie net 'n ordentlike skeut privaatheid gee nie, maar ook teen die wind beskerm.


Die staanplekke met die beste uitsig oor die see is dié wat al langs die strandpaadjie lê. Volg die afdraaibordjie vir blok B en



“

Met die see voor jou, die rivier regs van jou en jou vuurtjie wat warm brand, is die kampplek net die plek om van jou sorg te vergeet.

”



Kortliks | Yellow Sands



Kampplek Digby 200 staanplekke wat in drie blokke verdeel is, meestal op gras en onder koeltebome met uitsigte oor die see, rivier of albei.

Ablusiegeriewe 3 ablusiegeboue (een in elke blok) met skoon en moderne geriewe.

Prys R150 p.p.p.n. (R50 vir kinders).

Geldig tot 21 Januarie 2021. Die res van die tariewe was teen druktyd nog nie beskikbaar nie.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 10:00.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km is 'n netjiese grondpad.

Kontak 043 734 3043

info@yellows.co.za yellows.co.za

Naaste dorp Oos-Londen 25 km.

GPS S32.903172 E28.074338

Ry & Sleep sê Bring jou visgerei saam, want jy kan in die see en rivier visvang en die kinders kan veilig in die rivier swem.

draai links in by die paadjie met die see-staanplekke. Dit is wel 'n entjie se stap tot by die riviermonding.

Die staanplekke het nie 'n geboude braaiplek nie, maar jy kan by die ontvangskantoor vra dat die personeel vir jou 'n halfdrombraai by jou aflaai.

Elke blok het sy eie ablusiegeriewe wat wissel in grootte, maar ongeag waar jy kamp, is die geriewe voldoende. Dit kan egter ver van jou staanplek af wees – 'n goeie 300-400 m se stap. Hier is niks om oor te kla nie. Die warm water spuit sterk, hier is genoeg pakplek en hake by die storte, en die geriewe word daaglik skoongemaak. Hier is ook wasgoed- en opwasgeriewe.

Solank jy nie in die Desemberavakansie kom kamp nie, mag jy jou klein brakkie saambring. Vlekkies moet egter te alle tye op jou staanplek bly, en wanneer julle gaan stap, moet jy 'n halsband en leiband hê. Reël vooraf met die oordbestuur.



Forever Plettenbergbaai

As dit oor ligging gaan, sien 'n mens dikwels hoe chalet-bewoners voorkeur geniet bo kampeerdere, maar by dié vaksieplek op die oewer van die Keurboomsrivier is die bordjies verhang. Hier kan jy met jou wa so te sê óp die water kom kamp, terwyl die chalets met die agterste gestoeltes tevrede moet wees.

En met 116 staanplekke van elke kleur en geur is die kans goed dat jy jou kampnessie gaan kan skrop op 'n plek wat vierkant in jou smaak val. Of jy met jou visstokke naby aan die water wil kamp, aan die voet van die rantjie wil rustig raak, 'n ogie oor die kinders in die swembad of op die trampoliens wil hou, of heel eenkant 'n meer private kampervaring wil hê, jy sal hier geholpe raak.

Die staanplekke is min of meer dieselfde

grootte met genoeg plek om jou groot dubbelaswa op die meeste van hulle in te pas. Hier is egter 'n klompie in die middel van die kampterrein waar die bome naby aan mekaar staan en die takke laag hang. Gesels met die ontvangsmense wanneer jy jou bespreking maak as dit vir jou 'n probleem gaan wees.

Die staanplekke verskil ook in terme van wat jy kry. Nie almal het ewe veel gras, koelte of 'n lig nie, maar by elkeen is 'n betonbraaier met 'n rooster en 'n blousokkragpunt. Die krane staan tussen die staanplekke, maar het nie 'n drein onder nie, wat tot 'n modderplas kan lei as jy nie 'n skottel onder die kraan neersit terwyl jy 'n glas uitspoel nie.



By die staanplekke voor teen die rivier is die koeltebome yl gesaai, veral by die eerste klomp soos jy by die kampterrein

inry. Onthou ook jou stormpenne en -bande, want die wind van die see se kant af kan nogal ongeskik raak. Maar jy staan wel op 'n plaveiselblad met jou braaier voor teen die water. Hier is 'n klein strand langs die rivier waar die kinders in die vlak water kan speel. En jy het die beste uitsig van almal in die oord.

Die eerste staanplekke in die middel van die kampterrein het die meeste koelte, maar min gras. Onthou jou grondseil as jy hier gaan staan. Hulle is ook die naaste aan die kinders se speelplek, en hier is 'n minigolfbaan, 'n groot swembad (plus een vir die kleintjies), 'n vlugbalbaan, twee trampoliens, 'n klimraam en swaaie.

Daardie klappgeluid waarmee jy vroegoggend wakker gemaak word, is die kinders wat op die trampoliens spring. Hier is 'n groot spreilig wat ná sononder aangaan,





en dus klap daardie trampoliens saans ook. Op die staanplekke teen die linkerkant af is jy koelte gewaarborg, maar hier is ook die minste gras en die apies woel in die digte bome.


Die kampterrein se drie ablusieblokke het 'n eenderse uitleg en almal het aparte geriewe vir mans en vroue. Dit word deur gaans skoon en netjies gehou, nes 'n mens van 'n gewilde oord soos dié verwag.

Die eerste een is die grootste van die drie met vier wasbakke, drie urinale, ses toilette, een bad en vier storte. Dis 'n groot stort met 'n gordyn wat die nat en droë deel skei, maar jy het darem genoeg ruimte sodat die gordyn nie aan jou lek terwyl jy onder die water staan nie. Hier is 'n seepbakkie en jy sit jou sjampoe op die vensterbank.

In die droë deel is 'n bankie, 'n handdoekreling en hake, en genoeg plek om maklik uit en aan te trek.

Die wasbakke het almal 'n groot spieël en 'n sok vir jou elektriese skeermes – én dan is daar handewasseep.

Die ander twee ablusieblokke is soortgelyk, maar kleiner. Die derde een staan amper aan die verste punt van die kampterrein naby die staanplekke waar jy die verste weg van alles is.



Kortliks | Forever Plettenbergbaai



Kampplek 116 staanplekke waarvan 33 teen die rivier langs uitgelê is. Alle staanplekke het krag en is nie ver van 'n kraan af nie, maar nie almal het koelte nie.

Ablusiegeriewe 3 netjiese en moderne ablusieblokke.

Prys R120-R200 p.p.p.n. afhangend van wanneer jy kom kamp en watter staanplek. In die spitsseisoen betaal jy R1 100-R1 420 vir die eerste 4 mense en daarna R170 p.p.

Aankoms- en vertrektyd In Desember 15:00, maar andersins geen vasgestelde tyd nie, en 11:00.

Kontak 044 535 2034 plett@forever.co.za foreverplettenberg.co.za

Naaste dorp Plettenbergbaai 8 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerp pad.

GPS S34.000260 E23.398871

Ry & Sleep sê Hier is 'n magdom dinge in die omgewing om jou besig te hou terwyl jy hier kamp. Dis sowat 10 minute se ry tot by enige van Plettenbergbaai se poskaartmooi strande. Gaan lê vir die dag en sonbaai, eet in een van die besondere restaurante by die see, of bespreek vir julle 'n bootrit om walvisse en dolfyne te gaan kyk.

ATKV-Hartenbos

Elke Desember sak derduisende vakansiegangers, kampeerders en jolytmakers toe op Hartenbos, en volgens die somme is daar op 'n lekker sonskyndag 50 000 of selfs meer mense op dié dorp en op die strand saamgetrek. In die ATKV-Strandoord se kampplekke staan die woonwaens en tente ingeryg en saans knetter tot 'n paar honderd kampvure.

Jy kan Hartenbos 'n oorddorp noem, en die ATKV-Strandoord die oord op die dorp. Voor jy koers kry na jou staanplek toe, moet jy by die ontvangskantoor in Kaap de Goede Hoop-weg stilhou om die papierwerk af te handel en jou "elektroniese sleutel" vir die hek te kry. Elke kampplek het 'n valhek wat jy met 'n slimkaart oopmaak. Jy kry ook jou eie sleutel vir die ablusieblok plus 'n oordkaart.

Om by die kampplekke uit te kom ry jy met Majubaweg af in die see se rigting. Jy ry verby die Hartenbos-museum aan die regterkant en die amfiteater links, waar die groot vakansiekonserte en byeenkomste gehou word. Ná 850 m loop Majubaweg in Paardekraalweg vas. Dié straat loop sowat 2 km langs die see.

Links af loop Paardekraalweg dood by die Hartenbosriviermonding en regs loop dit tussen die oordkampplekke en vakansiehuise deur tot by winkels en restaurante en die Hartenbos-seefront – 'n sentrum met winkels, restaurante, 'n pret-en-waterpark, onderdakwarmwaterswembad en vakansieverblyfplek.

In die ATKV-oord kamp jy op een van meer as 500 staanplekke in een van 5 aparte kampplekke (of blokke). Altesame 96 van dié staanplekke front aan die see. Die F-blok met sy 276 staanplekke is die grootste van die kampplekke en lê in 'n groot driehoek oorkant die pad van die see af langs Majubaweg. Dié kampplek het twee enorme ablusieblokke. Duskant die F-blok, na die riviermonding se kant toe, is die E-blok. Dié blok het 137 staanplekke op twee terrasse, met die voorste staanplekke reg langs die Hartenboswandellaan en die strand. Die boonste terras is slegs in die spitstye oop en hier is drie ablusieblokke. As die kampplek nie vol



“

Op 'n lekker sonskyndag is daar 50 000 of selfs meer mense op dié dorp en op die strand saamgetrek.

”





Kortliks | ATKV-Hartenbos



Kampplek Meer as 500 staanplekke van sowat 10 x 10 m in vyf afsonderlike kamp-blokke, almal met krag en op gras en van hulle in die koelte.

Ablusiegeriewe Gerieflike en skoon badkamers vir mans en vroue.

Prys: R180-R1 075 per staanplek vir

6 mense, afhangend van die seisoen en jou ligging van die see af.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 09:00 (buite seisoen 11:00).

Kontak 044 601 7200

hartenbos@atkv.org.za

hartenbos.co.za

Naaste dorp Op Hartenbos.

Hoe lyk die pad? Al die pad teerpad.

GPS S34.124972 E22.112382

Ry & Sleep sê Altesame 96 van die staanplekke front aan die see.



is nie, word hulle nie almal oopgesluit nie. Die drie kleiner kampplekke (D, C en J) lê in 'n kol nader aan die Hartenbos-seefront, met die D- en C-blok aan die seekant van die pad en die J-blok aan die oorkant van die pad. Hulle het onderskeidelik 57, 20 en 33 staanplekke en elk sy eie ablusieblok.

Hartenbos se staanplekke is almal min of meer 10 x 10 m groot en oorwegend op gras. Jy en jou vier bure deel 'n sentrale kragpunt en tussen elke 4-6 staanplekke is 'n kraan. Van die oord se staanplekke het groot koeltebome, maar op die seefront-staanplekke moet jy vir jou eie afdak sorg.

Die ablusieblokke, met groot en ruim badkamers vir mans en vroue, het al die geriewe wat jy in 'n badkamer wil hê. Jy kan bad of stort – die storthokkies het nie 'n droë deel nie, maar 'n klein geteëlde bankie waar jy jou skoon klere kan neersit.

Tussen die mans- en vrouebadkamer is 'n groot opwaskamer met klerewasbakke. Jy kan ook jou klere in 'n muntwasmasjien (4 x R5) was en in 'n tuimeldroër droog kry (3 x R5). Agter die badkamers is 'n was-goeddraad en aan die voorkant 'n buite-lugstort waar jy die sand en seewater van jou lyf kan afspoel.



Altydwater

Soos die naam verklap, is hier inderdaad altyd water. Die kampplek is geleë op Groot Eiland, die Smith-familie se wingerdplaas op die walle van die Smalblaarrivier. Dié lappie grond is 3 km agter die Du Toitskloof-wynkelder – dit is ’n grondpad, maar jy sal hom met jou Volkswagen Polo kan ry.

Hoewel staanplekke individueel bespreek kan word, is Altydwater eintlik ’n heerlike plek om in die geheel te huur en behoorlik vol te pak met tente, waens en natuurlik kinders. Jy kan gemaklik met ’n groep van tot 50 mense hier kom kamp. Die maksimum is 70.

Buiten die uitgestrekte grasperk van ongeveer 150 x 30 m met oorgenoeg koel-tebome (merendeels aan die suidekant van die terrein), is hier ’n gemeenskaplike kuierplek met ’n hele paar yskaste, reuse-braaidromme en ’n blad met ’n opwasplek en wasbakke wat jy as jou basis vir die naweek se aktiwiteite kan gebruik. Dit is digby die swemgat en daar is oorgenoeg plek vir speletjies en aktiwiteite – jy sal selfs ’n potjiekoskompetisie kan hou (sorg net dat die beoordelaars behoorlik objektief en verkieslik onverbonde is). Mense kan om tafels sit en eet, kuier en musiek maak – dis altyd goed as een of twee van jou pëlle ’n kitaar saambring, want wie hou nie van kampvuurliedjies nie?

Van die swemplek gepraat: Dit is sonder

twyfel een van Altydwater se grootste attraksies in die Kaap se warm somermaande. Die diep kuil naby die wal sorg vir ure se bommieplesier. Die kinders bou forte op die oorkantste rivierwal en kan ure lank op opblaasgoed op die helder en skoon water ronddryf.

As Bakkies Botha, Eben Etzebeth en Duane Vermeulen nie deel van jou groep is nie, moet jy mooi dink hoe julle wil braai. Die braaidromme is baie swaar (hulle is diep, rond en vol sand) en kan nie maklik rondgeskuif word nie. Jy moet ook jou eie rooster en driepoot bring om sake oor die kole so effens te vergemaklik.

Die eienaars sorg vir genoeg vullisdromme mét swartsakke (wat verwyder word). Die badkamers word minstens een keer per dag skoongemaak, maar jy moet self jou kampplek netjies hou – vir die meeste kampeerders, veral die naweekgarde, is dít darem nie te veel gevra nie.

Soos ons reeds gesê het, is ruimte by Altydwater nie ’n probleem nie. Hier is baie kampplek – alles op gras en gedeeltelik onder bome met oorgenoeg kragpunte wat oral oor die terrein versprei is. Jy gaan dus nie jou buurman hoor snork óf uit die slaap gehou word deur ’n omgesukkelde kind met middernagtlike maagkrampe nie.

Die grasperk is gelyk, en hoewel dit nie so glad en perfek is soos Nuweland se



buiteveld nie, slaap jy lekker sonder die moontlikheid dat al jou bloed in jou kop of tone gaan afloop.

As die natuur in die middel van die nag roep, is die ablusieblok teen die wingerde ’n entjie skuins agter die kuierplek, bo teen ’n effense wal. Hier is twee storte, twee toilette met wasbakke, en twee volledige badkamers met storte – en ’n tweede opwasplek met twee wasbakke. Gasgeisers sorg vir die warm water.

En as jy dalk dringend hout, bier, brood of melk nodig kry, is Rawsonville met sy verskeidenheid winkels net 5 km teerpad langs van die Du Toitskloof-wynkelder af.




Om op 'n kampnaweek kinders besig te hou is natuurlik redelik maklik, selfs sonder digitale skerms. Maar hier by Altydwater kan die jongspan hulle behoorlik uitleef in die lieflike swemplek, én daar is meer as genoeg gras om aan-aan, raakrugby of dryfings te speel.

As die jong klomp (of pa's) besluit om 'n ernstige vyfdag-krieketwedstryd aan te pak, werk dryfhoue beter as haak oor die regby-grens... dis 'n laaaaang grasperk.

Vir die ouer garde is hier darem ook genoeg te doen. As jy die soort kampeerder is wat hou van diepsit en vuurmaak, is die geriewe perfek, maar hier is ook genoeg doendinge vir die avontuurlustiges – jy kan op die pragtige bergpaadjies aan die oorkant van die rivier of op die plaaspaaie tussen die wingerde gaan stap of draf, en daar is ook fantastiese bergfietspaadjies op plase in die omgewing en in die omliggende koppe.



Kortliks | Altydwater



Kampplek 'n Hele klomp ongemerkte staanplekke op gras en deels onder koeltebome. Daar's ook 'n onderdak-lapa-en-kuierplek op plaveisel met yskaste wat gaste kan gebruik.

Ablusiegeriewe Netjiese badkamers, ver genoeg van die kampplek af vir genoeg privaatheid.

Prys R150 p.p.p.d (R75 vir kinders o.12).

Aankoms- en vertrektyd Die eienaars is baie tegemoetkomend en jy kan vooraf met hulle reël.

Kontak 083 682 2844

geiland@compnet.co.za

Facebook: AltydWaterCampingSite

Naaste dorp Rawsonville 8 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 3 km is 'n netjiese grond- en plaaspad.

GPS S33.71077 E19.28433

Ry & Sleep sê Altydwater is stil en privaat. En met 'n pragtige koppie en die rivier reg voor jou kan jy behoorlik ontspan, selfs al baljaar die kinders die wêreld vol.



Slanghoek

Slanghoek lê sentraal tussen Ceres, Wellington en Worcester, en jy kamp hier tussen wingerde en vrugtebome.

Die oord se winkel is langs die parkeerterrein, en die ontvangskantoor net so 'n paar meter voor jou in die hoofgebou.

Jy ry uit die parkeerterrein, oor die teerpad waarmee jy die vallei ingekom het, na die oorkantste grondpaadjie. By die valhek tik jy die kode in wat jy by die kantoor gekry het, en afhangend van waar jy kamp, gaan jy óf voor die bruggie regs draai óf oor die bruggie ry na die ander deel van die kamp.

Bome en groen gras tel gewis baie as bonuspunte vir enige kampplek, en hiervoor kry die oord sommer baie regmerkies. Boonop is hier struik tussen jou en jou

buurman se staanplek geplant vir meer privaatheid. Die staanplekke is egter lekker groot en jy gaan nie hoef te fluister as jy laataand om die vuur wil gesels nie.

Hier is 18 staanplekke waarvan net nr. 1 nié gras het nie, maar dis onder groot koeltebome. Saam met staanplek nr. 2 is dit die enigste staanplekke wat afgesonder is van die res – en dus 'n goeie keuse as julle 'n groterige groep is. Hier is ook staanplekke met min tot geen koelte, soos nr. 17 en 18 waar die skaduwee skraps raak. Gelukkig het die oord by van die staanplekke wat nie 'n boom het nie, soos nr. 3, 'n lekker ruim skadunet vir koelte opgerig.

Net die kampplek spog met twee silwerskoon swembaddens, en dan is daar nóg twee naby die winkeltjie en ontvangs. As jy op staanplekke nr. 3-12 kamp, stap jy

met die hangbruggie oor die Slanghoekstroom na die swembaddens toe.

Die staanplekke by die swembaddens (nr. 1-2 en 13-18) het lekker koeltebome en die groot grasperk tussen die staanplekke is 'n groot attraksie vir diegene wat tuinkrieket en vroteier speel. Die jongspan het twee klimrame waar hulle kan baljaar – een by die swembaddens en die ander een reg langs staanplek nr. 12. As jy dus sonder kinders kamp, vermy nr. 12-15 en 17-18.

Elke staanplek het sy eie private badkamer. Die badkamers – houthuisies met 'n stort, wasbak en toilet – is sonder fieterjasies, maar dis ruim, goed uitgelê en het alles wat jy van enige ablusiegeriewe in 'n kampterrein sou verwag.

Jy kry 'n sleutel om jou badkamer toe te sluit, en binne is toiletpapier, 'n dweil,



besem, emmer en selfs 'n houertjie met algemene skoonmaakmiddel wat jy kan gebruik om die teëlvloer in 'n japtrap skoon en droog te maak. Die storthokkies is standaardgrootte met 'n stortgordyn.

Jou staanplekke se kragpunte (gewone driepunktkragsok) en kraan is by die badkamergeboutjie en skottelgoed word hier gewas in 'n enkelwasbak met pakplek vir 'n paar borde en potte. Staanplek nr. 4 en 5, 13 en 14, en 17 en 18 deel 'n opwasplek tussen hulle badkamers. Die gasgeisers aan die buitekant sorg vir warm water.

Jy kry jou eie losstaande swart vullisdrom met 'n deksel op, en vir jou gerief is daar somer klaar 'n swartsak binne-in.

Die braaiplekke vir elke staanplek is lekker groot met genoeg plek sodat jou

rooster en pot saam op die kole kan rus. Sommige van die braaiplekke is van klip en sement en ander is oopgesnyde betonwaterpype. Bring jou eie rooster.

Vir flukses, fiksies en avontuursoekers is hier heelwat aktiwiteite soos stap- en bergfietsroetes, minigholf en perdry vir die jongspan. Kry die minigholfstokke en bal by die oord se winkel en mik na die koppie waarteen die 18 putjie-baan uitgelê is. Dis dalk nie so maklik om teen hierdie steiltes die bal in die gaatjie te kry nie, maar wie tel nou regtig al die houes? Op pad soontoe gaan jy somer ook sien hoe lyk die pragtige klipkerkie vir troues, die onthaalsaal, chalets en selfsorgtente.

Die wandelroete begin by die minigholfbaan en dit is 'n sirkelroete wat jou ongeveer 'n uur gaan neem.

Kortliks | Slanghoek



Kampplek 18 staanplekke. Hoogstens 6 mense word per staanplek toegelaat (kinders ingesluit) en ook net 1 woonwa per staanplek. Ekstra tente word wel toegelaat.

Ablusiegeriewe Elke staanplek het sy eie private badkamer met 'n stort, wasbak en toilet in 'n houthuisie.

Prys R750 p.n. per staanplek. Tariewe word op 1 April 2021 aangepas.

Kontak 023 344 3138

slanghoekresort.co.za

info@slanghoekresort.co.za

Naaste dorp Rawsonville 12 km.

Aankoms- en vertrektyd Tussen 14:00 en 20:00, en 10:00.

Hoe lyk die pad? Jy ry heelpad teerpas behalwe vir die laaste 500 m se plaasgrondpaadjie na die kampterrein toe.

GPS S33.628699 E19.227619

Ry & Sleep sê Oor veiligheid hoef jy nie bekommerd te wees nie, want hier is kameras in die kampterrein.



Moreson

Omtrent halfpad tussen Worcester en Ceres draai die Slanghoekpad uit die R43 in die rigting van die bekende ATKV-Goudini-spa en Rawsonville. Moreson se afdraai is egter sommer vroeg-vroeg links.

Kort ná die afdraai en 'n knik in die pad ry jy met 'n betonpaadjie teen die rantjie af – dis só steil g'n mens sou hier uitkom as dit grondpad was nie. Ná 300 m swenk die pad links waar dit inderdaad grondpad word, maar gelukkig lê die steilte nou agter jou. Skaars 100 m verder is daar 'n skuifhek, ironies genoeg sonder 'n draadheining aan weerskante. Op 'n pilaar langs die hek staan die eienaar, Pieter Le Roux, se selnommer, en hy maak oop sodra jy hom

laat weet jy staan voor die hek. Omtrent nog 100 m verder staan 'n groot skuur met die plaashuis net agter dit. Pieter kry jou by daardie hoek en wys jy moet agter hom aanry.

Ná 'n paar linkse en regse begin die eerste staanplekke 1,2 km van waar Pieter jou kom kry. By jou staanplek gee hy vir jou 'n badkamersleutel (met 'n afstand-beheer vir die hek).

Die staanplekke is in drie groepe verdeel. Soos 'n mens deur die wingerd nader ry, kry jy eers die Pomphuis-kothuis met die eerste ses staanplekke daarna (nr. 11-16). Staanplek nr. 7-10 is volgende, gevolg deur die Brughuis-kothuis met die laaste ses staanplekke (nr. 1-6) op die punt.

Die staanplekke is in gelid langs mekaar uitgelê met 'n skouerhoë paaltjiesheining tussenin. In die droë seisoen kan die rivier voor jou na 'n rotsbedding lyk, maar selfs dan dam van die water digby die eerste kampplekke op en die kinders kan heerlik hier plas.

Elke staanplek het 'n kragpunt (gewone huissok) met jou vullisdrom en lig – wat jy self kan aan- en afskakel – daarnaas. Jy kry ook 'n braaivuurpan wat jy kan rondra en neersit waar dit jou pas, maar jy moet onthou om jou eie rooster saam te bring.

Die eerste groep staanplekke het die meeste gras, want die bome is kleiner en jou staanplek ook meer in die oopte. Die bome in die tweede en derde groep vorm





Kortliks | Moreson-rivierkothuise-en-kampplek



Kampplek 16 staanplekke (wat in 3 groepe verdeel is) teenaan die Breërivier.

Ablusiegeriewe Jou eie badkamervertrek digby jou staanplek. Dis basies en skoon.

Prys R300 p.n. per staanplek vir tot 4 mense; daarna R50 p.p. (hoogstens 6 mense).

Aankoms- en vertrektyd 13:00 en 11:00. Op Sondag kan jy langer vertoef, want dan

is daar geen vasgestelde uitkloktyd nie.

Kontak 072 436 9377

moresoncottagesandcampsites.co.za

moreson@mb-net.co.za

Naaste dorp Ceres en Worcester, albei 27 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 1,4 km is 'n goeie plaasgrondpad.

GPS S33.555915 E19.206115

Ry & Sleep sê Troeteldiere is welkom mits hulle "vriendelik" is. Jy is welkom om met Wagter in die wingerd te gaan stap.




omtrent een aaneenlopende stuk skaduwee en jy kamp dus op grond. Hier gaan jy waarskynlik nie 'n woonwa se stoep-tent opgeslaan kry nie omdat van die bome op die staanplekke staan – jy gaan ook tussen die bome deur moet wurm. Dit is meer geskik vir boswaens. Die derde groep staanplekke het weer groter oop kolle en jy gaan maklik regkom met jou wa en tente.

Agter elkeen van die drie groepe staanplekke loop 'n heining verby met 'n laninie bome daarnaas – dié help om die wind effens te stuit, maar dit beteken ook jy sien nie die wingerde nie. Gepraat van die wind: As dié eers spoed optel daar uit Goudini se koers, gaan jy nie vir hom wegkruip nie. Parkeer somer vroegtydig jou wa met die buitekombuis aan die rivier se kant, anders gaan jou stoof se gasvlam nie jou koffiewater warm kry nie.

Die naaste kraan is by die badkamergebou. Elkeen van die groepe staanplekke het hulle eie blok badkamers met 'n string deure aan die een kant, elk met 'n nommer op. Dié stem ooreen met die staanpleknommers, wat beteken jou badkamer is net joune.

Dit is 'n beskeie badkamer met die nodigste: 'n klein gesigwasbak met 'n spieël, en 'n smal rakkie neffens dit waarop 'n badkamersakkie net-net pas, en langs dit 'n toilet. In die ander hoek is 'n oop stort wat ruim genoeg is dat jy nie die wêreld vol water spat nie. Die wasbakke vir die skottelgoed is op die punt van jou badkamergebou.

As jy in die verte geweerskote hoor, hoef jy nie plat te val nie – die Kleinbergkleiduifklub hou elke derde Saterdag 'n byeenkoms hier op Moreson se grond.



Lambertsbaai

Lambertsbaai se woonwapark lê teen die strand aan die bopunt van Voortrekkerstraat en word deur die Cederberg-munisipaliteit bestuur.

Hier is 268 staanplekke, feitlik almal op harde sand. Altesame 40 van hulle het private ablusiegeriewe en 55 het 'n uitsig oor die see. Die kampplek is omhein met 'n stewige kophoogte staalheining en die ingangshek word dag en nag beman.

Jy word vriendelik genooi om eers 'n draai deur die kampterrein te ry en dan terug te kom ontvangskantoor toe met die nommer van die staanplek wat jy gekies het. In die spitsseisoen moet jy vooraf jou gunstelingstaanplek aanvra, anders sal die oordmense 'n staanplek toeken.

Ter wille van duidelikheid verdeel ons die woonwapark in drie: die voor-, agter- en onderkant. Die voorkant het die minste koeldebome, maar dis op dié staanplekke waar jy 'n seeuitsig het.

Maar as jy 'n seeuitsig wil hê, moet jy 'n ablusieblok met jou bure deel én sonder koelte klaarkom. Hier is wel een of twee kleinerige manatokabome, maar bring liefes skadunet om 'n skans teen die wind te bou en 'n blinkseil om jou wa koel te hou. Die staanplekke is 3 m bo seevlak, en die kans dat 'n fratsgolf jou woonwa gaan verswelg, is hoogs onwaarskynlik.

Die gemeenskaplike ablusieblok het 'n mans- en vrouekant, elk met vier geteelde storte met bankies en deure, en vier toilette. Die manskant het twee wasbakke (elk met 'n spieël) en twee urinale,

terwyl die vrouekant vier wasbakke en twee baddens het.

As jy bereid is om 'n entjie van die see af te staan kry jy 'n private badkamer. Elkeen van dié badkamers het 'n stort, wasbak met 'n spieël, en 'n toilet, maar toilet-papier word nie verskaf nie. Die manatokaas hier rond is effens groter en slaag beter daarin om jou teen die wind en son te beskerm. Hier is selfs 'n paar wildevyebome wat groot skadukolle gooi.

Die agterkant van die woonwapark het lanings rooikrans en manatokaas wat selfs beter beskerming bied teen die wind, maar hier het jy geen uitsig oor die see nie. Net soos by al die staanplekke kamp jy op harde sand en jy moet van twee gemeenskaplike ablusiegeriewe gebruik maak.

Die twee ablusieblokke is sowat 150 m

uitmekaar en elkeen het ses storte met aantrekhoukies, en ses wasbakke in die middel van die vertrek – almal met 'n spieël. Die ablusieblokke word bedags binne verlig deur 'n vreemde groen gloed danksy groen veselglas voor die vensters eerder as glasruite. Agter die ablusieblokke is wasbakke en 'n wasgoedlyn agter 'n skouerhoogte muur.

Tussen die agter- en voorkant van die woonwapark is 'n speelpark op 'n netjiese grasperk. Hier kan die kinders heeljaar swaai en klouter, en in skoolvakansies word die minigholfbaan se matte neergelê en die trampoliens styfgespan.

Die onderkant van die woonwapark lê op die strand, sowat 2 m onder die hoofkampplek. Hier is 17 staanplekke teenaan die monding van die Jakkalsrivier en





Kortliks | Lambertsbaai-woonwapark



Kampplek 268 staanplekke – die meeste met koeltebome. Jy is nooit verder as 120 m van 'n ablusieblok af nie.

Ablusiegeriewe 3 gemeenskaplike ablusieblokke en 40 private ablusiegeriewe. Oud, maar skoon en netjies.

Prys R230-R250 afhangend van die staanplek wat jy kies.

Aankoms- en vertrektyd 10:00.

Kontak 027 432 2238

lamwwp@cederberggraad.co.za

cederbergmun.gov.za

Naaste dorp Lambertsbaai.

Hoe lyk nie pad? Heelpad teerpad, selfs binne die woonwapark.

GPS S32.08673 E18.31294

Ry & Sleep sê Die staanplekke het nie hulle eie opgeboorde braai-plekke nie, maar die personeel sal op aanvraag 'n braaidrom gratis by jou tent aflewer.



elkeen word deur 'n soutboslaning van mekaar geskei.

Die staanplekke is in 'n laerstyl uitgelê: Nr. 1-8 grens aan die strand en nr. 9-17 lê met hulle rug teenaan 'n wal vol aalwyne en vygies. In die middel van die laer is 'n gemeenskaplike vuurmaakplek wat van klip gebou is en 'n straatlig wat die braai-plek saans verlig.

Die onderste terras is veral gewild onder plaaslike groepe vriende wat elke jaar na Lambertsbaai opruk en saam wil kuier. Dit staan jou uiteraard vry om ook hier kamp op te slaan, maar hou in gedagte dat die naaste ablusieblok 120 m hiervandaan is.

Direk langs die onderste terras is 'n waterwurm wat oor Desember vakansies oop is. As jy rustigheid bo kinderplezier verkies, kamp eerder 'n ent weg van die waterwurm en sy parkeerterrein af.



Strandfontein

Strandfontein se woonwapark word bestuur deur die Matzikama-munisipaliteit en is ongetwyfeld die groenste in dié geweste. Die sagte grasperke lê van hoek tot kant en as hier kufynbos gegroei het, het dit op 'n haar nes 'n woonwapark in die Tuinroete gelyk.

Die woonwapark is nêrens omhein nie, maar aangesien almal binne 'n 7 km-radius afgetredenes of vakansiegangers is, nes jy, kan jy met 'n geruste hart jou kop neerlê met die wete dat niemand jou kampgoed gaan steel nie.

Strandfontein se woonwapark word in drie sones verdeel: Die A- en T-blok, en dan die perdeskoen.

Die A-blok is 'n smal terras sowat 15 m bo die seevlak – die kans dat selfs 'n tsoenami jou gaan meesleur, is gering. Die 52 staanplekke hierin is in twee rye uitgelê: nr. 1-27 is teenaan 'n hoë wal en met hulle rug teen 'n woonbuurt, en nr. 28-52 aan die voorkant het 'n onbelemmerde uitsig oor die see.

Elkeen van die agterste staanplekke het hulle eie private ablusiegeriewe wat bestaan uit twee smal vertrekke. Die buitevertrek het 'n skottelgoedwasbak en die binnevertrek 'n toilet, stort met 'n stort-



gordyn en seepbakkie, en 'n wasbak met 'n grimeerrakkie en spieël. Die geriewe is afgeleef, maar skoon, privaat en alles werk.

Kampeerders op die voorste staanplekke moet twee ablusiegeriewe deel. Dit is tydelike strukture wat opgerig is nadat die oorspronklike ablusieblokke laer af teen die terras 'n paar jaar tevore deur 'n storm verwoes is. Die tydelike strukture het 'n mans- en vrouekant waar dit binnelangs pynlik netjies is. Elke struktuur het drie toilette, drie wasbakke en twee storte. Die storte is egter effens aardig: Die glasdeure by elkeen is heeltemal deursigtig en dus sien almal wat verbyloop jou poedelnakend – jy moet dus 'n handdoek oor die stortdeur hang as jy iets het om weg te steek. Die tydelike strukture het geen opwasbakke nie – bring jou eie skottels.

Elkeen van die A-blok se staanplekke het sy eie braaiplek en elke twee staanplekke deel 'n kragpunt – die agterste ry gebruik die blou woonwasok en die voorste ry het gewone huissokke. Elke twee staanplekke in die voorste ry deel 'n kraan terwyl die agterste staanplekke met die private badkamers uiteraard elkeen sy eie watertoevoer het.

**Kortliks | Strandfontein-woonwapark**

Kampplek 138 staanplekke, almal op gras.

Ablusiegeriewe Verskeie soorte ablusiegeriewe wat wissel van privaat tot gemeenskaplik, en oud tot blinknuut. Almal is skoon en netjies.

Prys R200-R400 p.n. per staanplek, afhangend van die seisoen en staanplek. Tot 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 10:00.


Kontak 027 201 3437 ivanwyk@matzikamamun.co.za

Naaste dorp Doringbaai 7 km.

Hoe lyk die pad? Die R362-streekpad van Lutzville af is heelpad geteer, en so ook die paaie binne die woonwapark. Die roete van Lambertsbaai af is egter 'n stamperige grondpad wat beslis nie geskik is vir 'n gewone woonwa nie.

GPS S31.75489 E18.22883

Ry & Sleep sê Hierdie is 'n immergroen woonwapark waarop enige munisipaliteit trots sal wees.



Die T-blok is 'n uitvloeïing van die A-blok en lê in 'n smal strook tussen 'n paar private wonings bo die A-blok. Hier is 20 staanplekke en een gemeenskaplike ablusieblok. Staantplek nr. 5-8 het 'n onbelemmerde seeuitsig terwyl die res met hulle rug teen die private wonings se grensmure staan.

Die ablusieblok hier het vier storte (met houtdeure), vier toilette en vier wasbakke met spieëls. Wat netheid betref, is die geriewe skoon, maar dit vertoon oud. Alles is egter in 'n werkende toestand sonder gebreke. Agter die T-blok se ablusiegeriewe is nog wasbakke.

Die perdeskoen lê reg in die middel

van Strandfontein en sy 66 staanplekke is uitgelê op vyf grasgroen terrasse. Vier geplaveide paadjies loop deur die perdeskoen en neem jou tot by jou staanplek. Hoewel 'n mens van die meeste staanplekke af die see kan sien, kamp jy hier om beskut te wees teen die kus se klam oggendmis en die Weskus se yskoue wind wat soms laatmiddag oor die see waai – iets wat die mense in die A-blok dikwels moet verduur.

Ongeveer die helfte van die staanplekke het manatokabome wat koelte gooi en elkeen het sy eie geboude braaiplek met die nommer van die staanplek daarop geverf. Elke twee staanplekke deel 'n vullisdrom,

kraan en kragsoek (blou woonwasok), maar daar is uitsonderings en sommige staanplekke het huishoudelike kragsoeke.

Die private ablusiegeriewe is soortgelyk aan die A-blok se geriewe en die enkele gemeenskaplike ablusieblok word deurentyd skoongehou.

Soos reeds genoem, is Strandfontein 'n vakansiedorp en die skeidslyn tussen die woonwapark, vermaak, winkel, restaurant en gastehuse is vaag.

Langs die A-blok is 'n waterwurm wat in die somermaande oop is en hier is klimrame, wip- en glyplanke en swaai op die strand om die kinders besig te hou.



Hondeklipbaai

Die slim mense sê Hondeklipbaai is nie Weskus nie, maar eerder deel van die Namakwalandse kus. Dit is so, ja, maar die kultuur hier is nader aan die verre Doringbaai se mense as dié van die nabygeleë Kamieskroon.

Die Hondeklipbaai-woonwapark se amptelike naam is die Kamiesberg- munisipale kampterrein, maar almal hier rond noem dit bloot “die karavaanpark”. Dit is gewis nie ’n gewilde kampplek nie en in agt besoeke aan die dorp oor ’n tydperk van 19 jaar het ons nog net een keer ander mense hier sien kamp.

As jy op die internet rondvra oor Hondeklipbaai se kampplek, sal jy waarskynlik afgeraai word om hier af te saal, nie nood-

wendig weens slegte ondervindings nie, maar bloot omdat die plek ’n mismoedige eerste indruk skep. Die gemiddelde reaksie van voornemende kampeerders is om die plek net een kyk te gee en dan die hasepad te kies. Ons het egter ontdek dat dit ’n oorreaksie is.

Goed, sodra jy deur die hek ry – dié hang skeef, want een van sy skarniere is soek – gaan jy dalk ’n traan pink oor die plek se voorkoms. ’n Ongelyk en dorre stuk grond lê voor jou, en rondom dié geknelde land is ’n heuphoogte betonsteenmuur sonder pleister – dit laat ’n mens nie juis veilig voel nie, maar met ons besoek was daar geen misdaad nie.

In die middel van die kampplek staan

’n eensame ablusieblok wat lyk of dit beter dae geken het. Jy sidder dalk om te dink hoe dit binne lyk, maar jy sal aangenaam verras wees oor hoe sindelik dit is.

Die ablusieblok se vloer het netjiese grys teëls en alles is skoon. Die stortkamer is ruim – hier is genoeg plek om uit en aan te trek sonder dat jou elmboë teen die mure stamp – en warm water bruis uit die stortkop. Die toiletkamer het ’n wasbak, en die toilet spoel sonder sukkel wanneer jy sy slinger trek. Daar is nog drie wasbakke, maar nie een van hulle het ’n spieël nie en jy sal jou eie moet bring om te skeer of jou hare te kam. Dis nie jou ouerhuis se badkamer nie, maar jou ma sal nou ook nie gril om die geriewe te gebruik nie.

**Kortliks | Hondeklipbaai-woonwapark**kamiesberg.gov.za**Naaste dorp** Hondeklipbaai.**Hoe lyk nie pad?** Uit enige rigting is dit grondpad Hondeklipbaai toe. Die beste pad kom uit Garies, maar selfs dié is nie geskik vir 'n padwoonwa nie.**GPS** S30.31510 E17.27647**Kampplek** 12 staanplekke in die oopte op harde grond.**Ablusiegeriewe** 1 ablusieblok wat netjies en skoon is.**Prys** R170 p.n. per staanplek vir 4 mense.**Aankoms- en verytrektyd** 10:00 en 10:00.**Kontak** 027 692 3066 of 064 311 5389**Ry & Sleep sê** Ons kan ons nie voorstel dat iemand weke lank hier sal kamp nie, maar een nag as deel van 'n langer reis kuslangs is in die haak.

Buite op die kampterrein groei nie 'n enkele boom nie. Die enigste groenigheid is naby die skottelgoedwasbak waar 'n klein klossie gras staatmaak op onge-reelde kampeerdere wat hopelik water op hom sal stort.

Teen die muur, sowat 15 m uitmekaar, is 12 braaiplekke, almal met 'n vullisdrom. Elke twee staanplekke deel 'n kragpunt met huishoudelike sokke. 'n Paar sokke is egter deur die sout seelug beskadig en die sokke wat wel werk, gaan bepaal waar jou tent staan.

Dit is 'n ongenaakbare wêreld dié, en hier is geen teken van grasperk, palmboom of tuin nie. Van jou staanplek af sal jy die wrak van die Jaheel sien, 'n visserskuit wat in 2003 hier in die baai op die rotse geloop het. Hondeklipbaai se vuurtoring flits snags sy waarskuwingsein, maar elke seeman weet die weskus is nog lank nie versadig vir skepe nie.

Op die dorp self is weinig doendinge. Jy

kan gaan draf of met jou fiets ry tot by 'n klip wat blykbaar soos 'n hond lyk en waarna die dorp genoem is, hoewel ons geen ooreenkoms kon sien nie. En sowat 3 km suid van die dorp is daar die wrak van die Aristeia wat in 1945 hier naby gestrand het. Daar is nie veel meer van die skip oor nie; net die stoomketel en stukke van die romp, 'n hartseer einde vir 'n vaartuig wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog as mynveër diens gedoen het.

Jy kan ook hier snorkelduik, maar stel jou eers voor aan die diamantbote se bemanning, want anders dink hulle dalk jy's 'n smokkelaar wat besig is om in hulle slaai te krap.

Die grootste besienswaardigheid naby Hondeklipbaai is ongetwyfeld die Namakwa- nasionale park. Hondeklipbaai se woonwapark mag dalk dor wees, maar slegs 'n hanetree van jou staanplek af is daar in Augustus en September 'n lushof vol blomme.





McDougallsbaai

McDougallsbaai is 'n smal woonwapark teenaan die strand en die noordelikste kampplek aan ons weskus. Die kampplek word deur die Richtersveld-munisipaliteit bedryf wat gesetel is in Port Nolloth. Nadat jy deur die boog van die hoofingang gery het, volg jy 'n laning palmbome tot by 'n sekerheidshokkie. Die wag beduie jou na die kantoor langsaan waar jy inteken.

Die staanplekke is in twee rye uitgelê met een ry teenaan die strand en die ander met hulle rug na die woonstelle. Tussen elke twee staanplekke is 'n vullisdrom en 'n heining manatokabome wat dig opmekaar geplant is vir privaatheid en windbeskerming. Elke staanplek het sy eie geboude braaiplek en 'n kragpunt met huishoudelike sokke. Waterkrane is lukraak in die kampplek geplant, maar jy's oral binne klipgooiafstand van die naaste een.

'n Draadheining is om die woonwapark gespan om kwajongens uit te hou, maar hy's slap en plek-plek heeltemal oop. Hier is ook 'n nagwag wat die hek beman en jy sal die girts-girts van sy skoensole laatnag hoor wanneer hy die kampplek patroleer.



Die woonwapark kan volgens ons in drie verdeel word: Die linker-, middel- en regterkamp.

Soos jy die woonwapark binnery, sal jy die linkerkamp eerste aantref. Staanplek nr. 1-5 lê links van die ingangshek teenaan die pad wat jou hierheen gebring het. Nr. 1 is die naaste aan die hoofingang, terwyl nr. 5 langs 'n kombuis, strykkamer en openbare toilette geleë is.

Staanplek nr. 6-22 lê teenaan die strand met 'n onverbeterlike uitsig oor die see. Die oord se bestuur waarsku jou egter dat die hoogwatergety soms oor hierdie staanplekke spoel. Met ons besoek was dit juis die geval en ons kon sien dat daar op sommige staanplekke seebamboes lê.

Staanplek nr. 23-38 lê verder weg van die see af, met hulle rug teen woonstelle en die pad wat die woonwapark bedien. Volgens ons is dit die beter keuse van staanplek, tensy jy reg teenaan die see wil ontspan. Hou maar 'n oog op die gety en wees bereid om jou wa se as en wiele met vars water af te spuit nadat die see teruggetrek het.

Die linkerkamp het twee ablusiegeriewe:



blok A en B. Ons was die enigste kampeersers en die personeel het vir ons 'n sleutel vir blok A gegee. Hier is 'n mans- en vrouekant waarvan die mans een badkamer en drie elk storte, urinale, wasbakke met spieëls en toilette het. Die vrouekant is soortgelyk, buiten dat hier vyf toilette is. Dis skoon maar oud, en met ons besoek was sommige van die wasbakke beskadig. Die storte kort ook 'n goeie skrop, want die voegbry tussen die vloerteëls lyk effens verdag. Blok B het wasgeriewe wat bestaan uit agt betonwasbakke vir klere en vier sinkwasbakke vir skottelgoed. Die wasgeriewe se kleurskema van baksteenrooi en babablou dateer uit die jare sewentig, en hoewel die geriewe ook waarskynlik in daardie eeu gebou is, is dit skoon en heel, maar beslis ook stokoud.

As jy buite seisoen op McDougallsbaai kom kamp, sal die bestuur jou vra om iewers op staanplek nr. 1-38 tent op te slaan en ablusieblok A te gebruik.

Die middelkamp is waar jy staanplek nr. 39-60 aantref. Hulle lê op 'n eiland tussen twee paaie, en nr. 39-49 – wat die naaste aan die see lê – word dus deur een

Kortliks | McDougallsbaai-woonwapark



Kampplek 100 staanplekke, almal op harde sand en geen skaduwee nie.

Ablusiegeriewe 5 skoon ablusieblokke wat wissel van afgeleef tot heel gaaf.

Prys R199-R273 p.n. per staanplek vir 4, afhangend van die seisoen.

Aankoms- en vertrektyd 10:00.

Kontak 027 851 1110

caravanpark@richtersveld.gov.za

Naaste dorp Port Nolloth 4 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerp pad tot by die hek en harde sand binne die park.

GPS S29.28281 E16.88039

Ry & Sleep sê Dié woonwapark is skoon en tipies Weskus. Buite seisoen voel dit erg verlate, maar dis duidelik dat dié plek in die spitsseisoen pols.

van dié paaie beskerm teen die hoogwater. Nr. 50-60 lê rug aan rug met die voorste ry en elke vier staanplekke word deur 'n manatokaheining geskei. Ons sou voorstel dat groter groepe vriende wat saam kamp, hier kom uitspan, want die staanplekke is lekker groot, en danksy die twee paaie aan weerskante van die eiland is dit maklik om met jou voertuig tussen die woonwaens en tente uit te kom. Die middelkamp word deur ablusieblok C bedien,

maar dié word buite seisoen ook gesluit.

Die verste deel van die woonwapark, die regterkamp, is volgens ons die beste. Hier lê staanplek nr. 61-78 teenaan die see, maar effens verhef bo die strand sodat die gety nooit jou kamp oorstrom nie.

Staanplek nr. 79-94 lê met hulle rug teenaan (maar laer as) die pad wat jou hierheen gebring het. Die regterkamp kry toegang tot twee ablusiegeriewe, blok D en E.



As 'n mens na die plek kyk, verstaan jy hoekom dit so gewild is onder kampeerders. Dit is deel van die N.C. Famous Lodges-groep wat plekke insluit soos die Letsatsi-lodge by Vanrhynsdorp, die Tshahitsi-lodge op Upington en die Vischgat-wildlodge, ook hier in die Kalahari. Werklik puik verblyf.

Molopo het sy eie brandstof – 50 ppm-diesel en 95-oktaan- loodvrye petrol – maar hou in gedagte jy moet minstens R200 se brandstof ingooi. Vergeet dus maar daarvan om op Askham vol te maak en dan weer hier. Hier is ook 'n kompressor beskikbaar

as jy jou voertuig se banddruk wil nagaan.

Eers is dit tyd om aan te meld by die kantoor. Ry tot waar die pad in 'n sirkel doodloop – hier is genoeg omdraaiplek vir selfs die langste sleepkombinasie. Jy stap verby die restaurant se stoep tot by die kantoor, en hier kan 'n mens sien hoekom die plek 'n lodge genoem word: Dit is deftig met stylvolle dekor en swaar donkerhout-meubels. Veral treffend is die reuseblaasbalk wat as tafel ingespan word, en die rits meerkatbeelde agter die toonbank.

Hier is nie 'n winkel nie, maar hulle het noodsaaklike dinge soos hout, ys en gebot-

telde water (geen vuurhoutjies of vuuraanstekers nie). In die kantoor is 'n yskas met verskillende soort vleis: bees- en hoenderbraaipakke, skilpadjies, verskeie soorte wors en selfs springboksalami. Net soos by 'n hotel kan jy enigiets wat jy hier koop, op jou rekening sit.

In die kroeg langsaan is 'n deurgetrapte leeuvel op die vloer, kompleet met opgestopte kop, met twee hout-ietermagô's weerskante daarvan. As jy omstap, sien jy nog 'n leeuvel teen die muur met 'n geweer daarby. Dié leeu is glo jare gelede by Welkom digby die Kgalagadi-





Kortliks | Molopo Kalahari-lodge



Kampplek 12 staanplekke, elk met sy eie plaveiblad en skadunet. Van die staanplekke is in die son en ander het koelte.

Ablusiegeriewe Jou eie, in 'n badkamergebou nie te ver van jou staanplek af nie.

Prys R150 p.p.n vir die eerste 2 mense, daarna R100 p.p. (R75 vir leerlinge). Hoogstens 6 mense per staanplek. (Pryse was

geldig vir 2020. Teen druktyd was nuwe tariewe nog nie bekend nie.)

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak 054 511 0008

molopo.ncfamouslodges.com


namrod13@lantic.net

Naaste dorp Askham 16 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 350 m is 'n mooi grondpaadjie. In die kampplek is vasgetrapte sandpaaie.

GPS S26.933517 E20.664043

Ry & Sleep sê Saans word 'n varsgebakte brood by jou staanplek afgelewer.



oorgrenspark geskiet met die einste .22.

Jou staanplek is terug op jou spoor – draai oorkant die brandstofpompe af. Die kinders kan sommer van die kantoor af oor die grasperk tot op jou staanplek hardloop en jou nader beduie. Dit is skaars 70 m.

Die paadjies by die staanplekke is vasgetrapte sand met enkelhoë klippe aan weerskante. Dieselfde klippe is rondom jou staanplek gepak.

Die eerste nege staanplekke het taamlike koelte, maar van nr. 10 af (waar die pad skerp regs draai) is daar geen koeltebome nie. Die staanplekke is betreklik klein en 'n mens gaan net jou wa, sy stoeptent en jou sleepvoertuig kan inpas. 'n Deel langs die staanplek is geplavei en met skadunet toegespan. In die middel is 'n betonblad op twee dwarspale met 'n bankie aan elke kant. Die kragpunt – 'n gewone huissok – is by

dié tafel, en die skakelaar vir die buislig teen die skadunetdak. Die wasbak is op die hoek digby die tafel.

Jy het 'n losstaande staalbraaiplek, en kyk, dit is 'n stewige nommer. Die bak self is seker 1 x 0,5 m groot en die rooster kan verstel word, en op die een hoek staan 'n torinkie waar jy solank 'n paar stompies aan die brand kan steek om kole te maak. Daar's selfs 'n staalborsel aan die braai vasgemaak.

Wanneer Molopo se mense jou bondeltjies hout by jou staanplek kom aflewer, wil jy aanvanklik ingedoen voel, want daar is skaars vyf of ses stukkie per bondel. Maar as jy eers braai, besef jy beter braaihout gaan jy nie maklik kry nie, want dit maak oorgenoeg hitte.

En môreoggend, nog vóór jy jou kop by die tent uitsteek, het iemand al die braai kom skoonmaak.

Elke staanplek het sy eie private badkamer, maar dit is nie op jou staanplek nie. Soos jy die kampgedeelte binnery, is daar twee badkamergeboue links agter die staanplekke in die rigting van die kantoor, en nog een om die draai by die staanplekke sonder koeltebome.

Elke gebou het vier vertrekke wat elk aan 'n staanplek toegewys is. Die badkamer is ruim met die oop stort in die hoek. Hier is genoeg neersitplek en die ronde wasbak is in 'n pilaar versink wat met leiklip afgewerk is. Die warm water kom van 'n elektriese geiser en die toilet is in dieselfde vertrek, maar oop.

Die twee skottelgoedwasbakke staan oop en eenkant. Die een is langs staanplek nr. 7 en die ander een oorkant nr. 12. Soms val van die bome se blare daarin, maar ten minste is hier warm water.



Kgalagadi-lodge

Die Kgalagadi-lodge is links van die pad bo-op 'n begroeide duin. Hier van die pad af sien 'n mens bruingeveerde huisies met wit dakke. Die kampplek is agter die huisies.

Bo die ingang wapper landsvlae by 'n motorhek. Die kantoor, winkel en restaurant is regs van die hek.

Die winkel lyk soos 'n klein supermark en die rakke kreun onder enigiets van vars brood, jogurt, room, kaas, rys, kitskoffie, kookolie en vrugte en groente (appels, piesangs, tamaties, blaarslaai, boontjies en mielies) tot vleis (skaap, hoender, vark, maaltvleis en wildswors) en braairoosters. Die een hele muur bestaan uit 'n staanyskas vol koeldrank, wyn, bier en natuurlik ook water wat hier gebottleer word.

Die kantoor is net 'n oop toonbank op die stoep – dit lyk soos 'n boomstomp wat in die lengte deurgesny is. Hier sê die lodge se mense watter staanplek jy kry



en gee ook jou badkamersleutels vir jou.

Om by die kampplek uit te kom ry jy verby die kantoor en om die huisies op die duin. Dit is 'n ordentlike grondpad wat jou op die duin besorg sonder dat jy die gevaar loop om in die rooi Kalaharisand vas te val.

Die kampplek is in twee groepe opgedeel. Die eerste deel regs het ses staanplekke, met nog nege verderaan.

'n Sandpad draai somer vroeg-vroeg regs uit na die eerste staanplekke, maar hou verby as jy nie 'n veldryer het nie. Die tweede afdraai is steeds deel van die vasgetrapte pad waarop jy selfs met 'n stads-karretjie kan regkom. Hier staan ses huisies (die badkamers) sowat 10 m uitmekaar teen die rooiste sandduin. Elkeen van die huisies het 'n heuphoogte paaltjiesheining rondom met die voorste gedeelte oop, en langs elke huisie is 'n plaveiblad met 'n gaasafdak. Jou wa kan gemaklik langs die afdak inpas. Die sand is wel lossier hier,



maar jy hoef darem nie neus eerste jou staanplek binne te ry nie. Stoot eerder jou wa terug tot langs die afdak sonder om te sukkel in die sand. (By die eerste drie staanplekke is daar genoeg plek om voor die huisie op te slaan.)

Die sand lyk te sag vir tentpenne, maar skaars 10 cm onder die sand is harde grond. Selfs ons 8 mm-staalpenne met hulle skerp punte het gesukkel onder die 1,8 kg-hamer waarmee ons ingeslaan het. Nader aan die duin se kant is dit net sand – hier sal 'n lang pen van 30 cm die ding doen.

Die afdak is omtrent so groot soos 'n dubbelmotorhuis, met die braaiplek wat op die kant van die plaveisel gebou is. Dis kniehooë en sonder 'n rooster.

Die skottelgoedwasbak is op die stoepie voor die huisie, en die kragpunt – met 'n blou én driepuntsok – is aan die ander kant van die huisie waar die kraan en vulldrom ook is. 'n Koord van 20 m behoort lank genoeg te wees.

Die badkamerhuisies is lekker ruim met die wasbak in die een hoek en die toilet en stort met sy glasdeur in die ander. Die

Kortliks | Kgalagadi-lodge



Kampplek 15 staanplekke elk met sy eie private badkamer en 'n dak met skadunet vir koelte. Die braaiplek het nie 'n rooster nie.

Ablusiegeriewe Jou eie ruim geriewe op jou staanplek.

Prys R500 per staanplek vir tot 4 mense. Daarna R100 p.p. (gratis vir o.6'e). Hoogstens 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tyd en 10:00.

Kontak 054 325 0935

kgalagadi-lodge.co.za

info@kgalagadi-lodge.co.za

Naaste dorp? Askham 68 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die lodge, met vasgetrapte grondpad tot by jou staanplek.

GPS S26.524865 E20.604764

Ry & Sleep sê Die eerste ses staanplekke is meer privaat as die res.

dekor en teëlwerk is modieus en twee of drie mense kan hulle staan kry sonder om in mekaar se pad te wees.

Die ander nege staanplekke is 200 m verder en uitgelê in 'n langwerpige hoefyster. Hierdie staanplekke is soortgelyk aan die eerstes, maar het nie plaveisel nie en net 'n driepuntsok vir krag.

Op die punt is nog vier huisies, maar dit is eintlik chalets met 'n slaapvertrek en 'n kombuisgedeelte met 'n yskas.

Pasop net vir skerpioene snags, veral as die wind waai. Ons het heelwat van hulle gesien – die dag toe ons opgeslaan het, het een so groot soos 'n handpalm onder die seil uitgekruip. Een met 'n gróót stert...

Hier is ook ander aardige goggas soos haarskeerders. Al lyk hulle soos 'n spinnekop, is hulle nie – en hulle is ook heeltemal skadeloos. Maar hulle is pienk en harig en het groot kake, en hulle skarrel snags om uit die lig weg te kom (en volg bedags verbaard jou skaduwee...).

Mata Mata

Uit Upington vat jy die R360 noord, verby Askham, waarna die pad later teen die Kgalagadi-oorgrenspark se hek doodloop. Van hier af is dit grondpad. Maar vóór jy dit op enige van die grondpaaie waag, maak eers 'n draai by Twee Rivieren se vulstasie en verlaag jou kar en woonwa se banddruk. Hier is 'n groot bord met die aanbevole banddruk daarop: 1,6 bar vir jou voertuig se bande, 2 bar vir 'n woonwa en 1,2 bar vir sleepwaens. Die petroljoggie waarsku die dieselloorraad op Mata Mata is laag; dit is dus wys om eerder hier vol te maak.

Die pad na Mata Matal loop al langs die Auobrivier, en al word die rivier in die Kgalagadi-kaartboek met 'n blou lyn aangedui, moet jy nie water verwag nie. Die pad is plek-plek sinkplaat gery en op ander dele is dit sanderig, maar dis niks wat 'n tweewielaangedrewe voertuig met iets op die haak nié sal baasraak nie. Maak wel seker dat jou wa se neuswiel nie van al die sinkplaat loswikkell nie (dit het met ons gebeur). Hier is darem geen teken van 'n hoë middelmannetjie nie, wat beteken 'n hoër grondvryhoogte is nie 'n vereiste nie.

By Mata Mata loop die pad tot by 'n T-aansluiting voor die kantoorgebou. Na links staan 'n paar polisiemanne: Dit is die grensbeheer na Namibië. Die kampplek is sowat 150 m verder regs.

Die Total-brandstofpompe (petrol en diesel) is net verby die kantoor by die winkeltjie. Die joggie sê hy kan met net 30 ℓ diesel help, want die brandstoflorrie uit die Kaap is glo nog op pad. Hier staan ook 'n kompresor as jy jou banddruk wil verander.

Die winkeltjie het die nodigste, maar vars goed is skaars. Met ons besoek was daar aartappels en tamaties en 'n halfdosyn eiers in die yskas – én 'n redelike verskeidenheid vleis en bevrore brode. Maar jy kan ook vars brood of roosterkoek bestel. Hulle verkoop



drank, maar nie op Sondae nie, en die kaartmasjien is soms vol nukke. Maak dus seker jy het genoeg kontant.

Die paadjie na die kampplek swenk links verby die swembad en badkamers teen 'n skuinste af tot waar die staanplekke teen die droë Auob uitgelê is. Die eerste sewe begin regoor die swembad en word met lae witgeverfde houtpaaltjies afgebaken. Elke staanplek het 'n kragpunt (blou woonwasok), 'n geplante staalploegskaar (met 'n rooster) wat soggens skoongemaak word, en 'n kraan. Hier is ook koeltebome, maar hulle is nog klein. Twee van die staanplekke het geen koelte nie.


Die res van die staanplekke is nie afgebaken nie en omtrent die helfte van hulle is langs die heining. Hier is die bome heelwat groter as die eerste staanplekke s'n, en die braaiplekke, kragpunte en krane is in groepe naby die bome aangebring. Kies staanplek nr. 8 min of meer in die middel van die kampplek vir die grootste koelteboom – jy gaan selfs 'n ryhuis hieronder kan intrek.

Die kampplek word van die park geskei deur slegs'n skouerhoë ogiesdraadheining met 'n elektriese deel onder. As jy dus naby die heining kamp opslaan, voel dit amper of die wilde diere tot hier teen jou stoep tent kan loop. Ons het 'n hele paar diere gesien, waaronder 'n gemsbok of twee, 'n skilpad en 'n rooirugjakkals wat kom aas.

Die badkamers het 'n splinternuwe oprit vir rolstoele, en die eerste badkamers links is rolstoelvriendelik. Die mans- en vrouegeriewe is volgende, regoor mekaar in die gang, met die opwasplek op die punt.

Die badkamer met sy wit teëls is silwerskoon, en langs die wasbakke, elk met 'n spieël, is genoeg plek om jou badkamer-sakkie uit te pak. Die storthokkie met sy glasdeur is ruim, maar aan die droë kant is net 'n handdoekreling sonder neersitplek.

Langs die swembad met sy paaltjiesheining rondom is 'n paar sonstoele. Die swembad is klein, maar in die Kalaharisomer is enige lafenis welkom. Daar is ook 'n afdakkie vir skuiling.



Kortliks | Mata Mata



Kampplek 21 staanplekke met wisselende koelte – sommige is in volson. Van hulle is 7 afgebaken, maar dié plekke is ver van die heining af.

Ablusiegeriewe Netjies en silwerskoon, maar geen neersitplek in jou storthokkie nie. Hier is geriewe vir mense in 'n rolstoel.

Prys Afhangend van die seisoen R360-R400 per staanplek vir die eerste 2 mense. Daarna R100 p.p. (R50 vir kinders). Hoogstens 6 mense word per staanplek toegelaat. Onthou ook van die bewaringstarief van R101 p.p.p.d. (R50 vir kinders) as jy nie 'n Wild Card het nie.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak ☎ 054 561 0907 (Mata Mata), 012 428 9111 of 082 233 9111 (sentrale besprekings) 📧 sanparks.org

📧 reservations@sanparks.org

Afstand na Twee Rivieren 117 km.

Hoe lyk die pad? Grondpad wat sinkplaatgery kan wees.

GPS S25.766975 E20.000160

Ry & Sleep sê Hier is geen selfoonsein nie, maar jy kan WhatsApp-lugtyd koop teen R75 vir 400 MB.

Twée Rivieren



By Twée Rivieren voel dit of jy 'n klein dorp binnery. Die ontvangskantoor by die hek is modern, maar pas netjies by die omgewing in. (As jy 'n hoop wasgoed het, kry sommer ook nou ruilmunte vir die wasgeriewe.)

Van die kantoor af loop 'n plaveipad teen die kampplek verby na die brandstofpompe, restaurant, winkel, chalets en swembad. Van die 24 staanplekke lê 9 teen dié pad.

Omdat die kampplek deel vorm van die groter kamp, is dit nie omhein nie. Die badkamers (met 'n waskamer) is omtrent in die middel van die kampplek.

Soos jy inry, is daar vier houtafdakke voor jou – 'n gawe keuse as al die koeltekolle beset is (net hier en daar is kleinerige koeltebome). Jou staanplek het 'n staalbraaier en rooster (dieselfde as dié van Mata Mata) én jy het 'n vullisdrom en 'n lig wat jy self kan aan- of afskakel.

Op 'n bultjie agter dié staanplekke is nog 'n klompie sonder krag, en dit lyk of hulle ook die grootste koelteboom het.

Die badkamers is skoon en ruim en jy het oorgenoeg pakplek rondom die wasbakke. Die spieëls is ook lekker groot. Maar hier moet jy tevrede wees met 'n gordyn in die storthokkie – ten minste het jy 'n bankie waarop jy jou droë goed kan pak.



Min kampplekke se winkels kan kers vashou by dié in die Krugerwildtuin, maar Twée Rivieren s'n is een van hulle. Hier kry jy enigiets van voëlboeke en Kgalagadigids tot dierevelle. Daar is ook wyne en ander drank te kus en keur en omtrent 'n hele klerewinkel met skeppings in olyfgroen, grys en kakie. Hier is tuisgebakte brood en roosterkoek, en in die yskas wag vars produkte soos tamaties, blaarslaai, komkommers en appels regdeur tot room, kaas en weense worsies. Natuurlik kan jy ook wildsvleis koop.

Uiteraard is hier 'n groot verskeidenheid basiese kruideniersware beskikbaar, en as jy kontant nodig het, is hier ook 'n kitsbank.

Die swembad is anderkant die winkel, sowat 200 m van die kampplek af, en hier is bankies waar jy kan sit terwyl jy die kinders dophou.

By die deur waar 'n mens die winkel binnestap, is 'n waarskuwing dat hier skerpioene is. Neem dit maar ter harte, veral saans wanneer hulle bedrywig is: Trek skoene aan wanneer jy badkamer toe stap en vat 'n flitslig saam. Onthou, skerpioene met die kleiner knypers en dik stert is die gevaarlikste, terwyl die sogenaamde grawende skerpioene (met die klein stert en groot knypers) jou gaan laat huil, maar nie so giftig is nie.

Op die punt van goggas: Dit is altyd 'n goeie gewoonte om jou skoene uit te skud voor jy dit aantrek, veral as jy jou in die Kalahari bevind...

**Kortliks | Tweek Rivieren**

Kampplek 24 staanplekke met krag en 7 daarsonder. Hier is min koeltebome, maar 'n paar staanplekke het 'n afdakkie.

Ablusiegeriewe Goed en gaaf met rolstoelvriendelike geriewe, asook 'n waskamer met 'n wasmasjien en tuimeldroër.

Prys Afhangend van die seisoen en of jy 'n staanplek met of sonder krag kry R305-R400 per staanplek vir die eerste 2 mense. Daarna R100 p.p. (R50 vir kinders). Hoogstens 6 mense per staanplek. As jy nie 'n Wild Card het nie, moet jy ook 'n bewaringstarief van R101 p.p.p.d. betaal (R50 vir kinders).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 054 561 2000 (Tweek Rivieren), 012 428 9111 of 082 233 9111 (sentrale besprekings) sanparks.org reservations@sanparks.org

Afstand na ander kampe Mata Mata 117 km en Nossob 158 km.

Hoe lyk die pad? Grondpad wat sinkplaatgery kan wees.

GPS S26.473266 E20.612635

Ry & Sleep sê Kom vroeg en kry 'n staanplek verder van die pad af.





Nossob



Van Twee Rivieren af volg 'n mens die Nossobrivier in die Kgalagadi-oorgrenspark tot by die Nossob-kamp, maar net soos die Auob is dit ook 'n droë loop. Die rivier vorm ook die grens met Botswana – dit voel aardig om teen 'n ander land te ry met g'n enkele grensdraad in sig nie. Op 'n hele paar plekke is daar darem 'n driehoekbetonblok langs die pad wat die grens aandui.

Die pad is sanderiger as die een tussen Twee Rivieren en Mata Mata, maar dis steeds lekker vasgetrap en jy gaan die paal haal met 'n gewone sedan.

Soos jy die kamp binnery, is die brandstofpompe regs voor jou, en net soos by die ander kampe is hier ook 95 oktaan-petrol en 50 ppm-diesel beskikbaar.

Die winkel is splinternuut – met ons besoek was die personeel nog besig om voorraad uit te pak. Hulle het dieselfde kruideniersware en vars produkte as by Twee Rivieren, maar die skaal is kleiner. Dis duidelik dat 'n mens hier ys nodig kry, want agter een van die yskasdeure is 'n toring van sakkies ys gepak.

Net soos by Mata Mata is hier nie selfoonontvangs nie, maar jy kan ook WhatsApp-data aanskak. Die wifi-sein is



nie in die hele kamp beskikbaar nie, maar ten minste het 'n mens hier kontak met die buitewêreld.

Die kampplek bestaan uit twee dele. Die eerste deel met sy plat en uitgestrekte ooptes laat 'n mens nogal dink aan die Shingwedzi-kamp in die Krugerwildtuin. Jy staan verder van jou kampbure af, wat gaaf is, want die Kgalagadi se kampe is die meeste van die tyd taamlik vol. Staanpleknommers gee jou 'n idee waar jy kan opslaan.

Van die staanplekke teen die verste grens is redelik na aan mekaar en daarom beter geskik vir tentkampeers. Hier is 'n paar lieflike groot suidwesdoringbome wat met 'n digte blaredak spog.

Elke kragpunt bedien omtrent elke tweede staanplek, en dieselfde geld vir die krane. Maar jy het jou eie braaiplek (soos in die ander twee kampe). Die badkameergebou, regoor dié staanplekke, lyk buite én binne net soos dié by Mata Mata. Jou storthokkie het 'n gordyn en 'n los bankie waarop jy jou goed kan neersit.

Agter die badkamers is nog 'n paar braaiplekke waarlangs jy kan kamp, maar hier is geen kragpunte nie.

As jy nou verder deur die kamp stap,



Kortliks | Nossob



Kampplek 20 gewone staanplekke ver uitmekaar op 'n vlakte met koeltebome, en 10 luukse staanplekke, elk met hulle eie badkamer en 'n afdak vir koelte.

Ablusiegeriewe Netjiese geriewe langs die eerste kamp met sy 20 staanplekke, en eie geriewe by die luukse staanplekke.

Prys Afhangend van die seisoen en of dit 'n gewone of luukse staanplek is R360-R715 p.n. vir die eerste 2 mense. Daarna R100-R170 p.p. (R50-R85 vir

kinders). Kampeerdere sonder 'n Wild Card betaal ook 'n bewaringstarief van R101 p.p.p.d. (R50 vir kinders). Hoogstens 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 054 561 0903 (Nossob), 012 428 9111 of 082 233 9111 (sentrale besprekings) sanparks.org

reservations@sanparks.org

Afstand na Twee Rivieren 158 km.

Hoe lyk die pad? Grondpad wat sinkplaatgery kan wees.

GPS S25.421411 E20.597278

Ry & Sleep sê Die swembad is langs die eerste kampdeel en soortgelyk aan die een by Mata Mata.



kom jy op die pad na Bitterpan by 'n hek: Dit is ook die ingang na die tweede groep van 10 staanplekke. Elkeen van hulle is in 'n skoongemaakte kol in die bos van 20 x 20 m, en elkeen het sy eie private badkamer.

Jy het nie 'n koelteboom in die middel van jou oop kol nie, maar eerder op die rand. Ten minste het elkeen van die badkamergeboue 'n afdakke waarlangs jy kan opslaan. Dit maak 'n heerlike kuierplek, want hier is 'n geteelde bankie en werkblad, plus nog 'n blad met 'n wasbak. Jou blou woonwasok is ook hier.

Die toilet is apart in die badkamergebou

en die aantrekhoekie met wasbak is langs die ruim stortkant – dit is maklik twee keer so groot as 'n standaardhoekie.

Hierdie staanplekke se braaiers lyk anders. Dis 'n los dog stewige staalpan en 'n rooster met handvatsels aan weerskante – twee mense is nodig om dit te skuif.


Wanneer die waaier langs jou kampbed snags teen 21:30 afgaan, beteken dit die krag is eers weer om 05:00 die volgende oggend terug (net soos by Mata Mata).

Net soos by die ander kampe in die Kgalagadi moet 'n mens jou oë oophou vir goggas en gediertes in die kampplek.

'n Meter lange vurkmerksandlang het kom oë wys. Al is hy nie regtig 'n bedreiging vir kampeerdere nie, voel 'n mens 'n bietjie anders oor ou vuilbaard...

Ja, 'n mens se broek bewe behoorlik wanneer jy om middernag wakker word van 'n brul en dit voel of hulle om jou staanplek saamdrom. Die kamp met die private staanplekke het darem ook 'n heining om soos die eerste kamp s'n. Hierdie staanplekke is ook naby aan die heining, en wanneer jy by jou tent uitloer en die bosse in skyn, staar 'n hele paar pare blink oë in jou rigting.

Kry 'n bietjie kleur in jou lewe ...



Ons nuutste inkleur- en aktiwiteiteboek is
nou beskikbaar – net betyds vir die vakansie.
Skaf een aan. Dis ure se pret vir die kleinspan.

Weg!
Ry & Sleep

**Nou te
koop in
winkels**



PRO AUTO RUBBER

Ons het 'n laaibak-seëlstel ontwikkel vir:

- Ford Ranger T6/7 series
- Toyota Hilux: Revo & Vigo
- Volkswagen Amarok
- Mercedes Benz X-reeks
- Nissan Navara / NP-300

Dit seël die laaibak heeltemal. Die stel is volledig en die instruksies is maklik om te volg.

Die produk word vervaardig volgens die hoogste standaard. Indien jy enige probleme ervaar, kontak gerus vir Jandre by:

jandre@proautorubber.co.za
of by 011 823 5541

Alle stelle is vanaf

R1 150,00

BTW ingesluit.


Klante kry

10% AFSLAG

as hulle die advertensie saambring na die winkel.

www.proautorubber.co.za

Besoek ons Megastore by:
8 Oscar St, Hughes X15, Boksburg



Ons voorsien volledige verseëlingsoplossings vir:


- Klassieke motors • Huis • Industrieel

Ons voorsien ook doelgemaakte laaibakvoerings en binnematte vir die Ford Ranger. Ons voorsien silikoon- en rubberpype, motorvoertuigknippe en baie meer. Kontak ons gerus vir al ons ander produkte.



Groot reeks binnematte nou beskikbaar

Verken Suid-Afrika




Blyde Canyon, 'n Forever Oord

Van prentjiemooi Karavaan- en Kampeerplekke, tot rustige Chalets en luukse Lodges – Forever Resorts het iets vir elke avontuurlustige siel en vakansieganger.


Bespreek vandag en maak jouself tuis!




Tshipise, 'n Forever Oord




Warmbaths, 'n Forever Oord




Plettenberg, 'n Forever Oord




Loskopdam, 'n Forever Oord




Gariep, 'n Forever Oord



Phalaborwa Safari Park,
'n Forever Oord



Swadini, 'n Forever Oord



Badplaas, 'n Forever Oord

Eindeloze vakansiebestemmings om van te kies!

TEL: +27 (0)12 423 5600

E-POS: info@foreversa.co.za

WEBTUISTE: www.foreversa.co.za





Kortliks | Weesgerus



Kampplek 96 staanplekke wat ingedeel is in 6 sirkels naby die ontspannings-gedeelte. Dis geleë op 'n effense helling, en elkeen het krag en water. Elke plek grens aan een van die 6 badkamers.

'n Addisionele 37 staanplekke is op die verste punt wanneer jy regs draai ná die hek – dis ook in 'n sirkel, het 2 ablusie-blokke en is net reg vir groot groepe.

Ablusiegeriewe Die geriewe in sirkel 1, 4 en 6 is die nuutste oorgedoen.

Prys Afhangend van die seisoen R175-R535 per staanplek vir tot 4 mense.

Aankoms- en vertrektyd Maandae tot Saterdag 14:00 en Sondag 17:00; vertrek Maandae tot Saterdag 09:00 en Sondag 14:00.

Kontak ☎ 014 718 7100 📧 reservations@weesgerusoord.co.za 🌐 weesgerus.co.za

Naaste dorp Modimolle 3 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S24.679815 E28.385859

Ry & Sleep sê Die restaurant se Alle-gaartjie-ontbyt kos net R70 (as jy skottelgoed vir die dag wil spaar).

Weesgerus

Hulle gaan kamp minstens een keer per jaar by Weesgerus net buite Modimolle, sê **Geert de Jong** van Pretoria.

“ Toe ek destyds ons heel eerste woonwa aanskaf, het ons dadelik by Weesgerus gaan kamp. Sedertdien gaan saal ons elke jaar oor die Paasnaweek daar af. Trouens, ek bespreek altyd ons plek vir die volgende jaar wanneer ons vertrek.

HOE LYK DIE KAMPTERREIN?

Hier is meer as 100 staanplekke en hulle is in groepe van 16 in sirkels uitgelê met die ablusiegeriewe in die middel. Jy het 'n betonbraai en rooster, 'n kragpunt, kraan en genoeg koeltebome op jou staanplek.

Die gras is skaars en die oordmense is besig om 'n plaveiblad op al die staanplekke te gooi. 'n Mens kamp in die Bosveld en jy voel na aan die natuur, want die rooibokke en tarantale stap ongeërg tussen die staanplekke deur en jy sien ook heelwat meerkatte.



IS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Weesgerus se mense het net anderdag al

die ablusieblokke opgekikker met nuwe teëls, wasbakke en urinale. Die geriewe is voldoende en word mooi skoon en netjies gehou deur gekontrakteerde skoonmakers – en dit was nog nooit vir my nodig om in 'n ry te staan by die stort nie. Elke ablusie-blok het 'n gesinsbadkamer en by elkeen is 'n wasmasjien. Die opwasgeriewe vir jou skottelgoed is ook hier.

WATTER AKTIWITEITE IS HIER OM JOU BESIG TE HOU?

Dit is 'n gesinsoord in die ware sin van die woord. In die warm maande kry die waterwurm die grootste aftrek, en dan is hier drie buiteswembaddens (een vir die kleintjies, 'n groot een met koue water en een waarvan die water verhit word) en 'n onderdakswembad met baie warm water. Hier is ook trapkarre en 'n minigholfbaan, en daar word gereeld aktiwiteite by die swembad aangebied soos gesigverf vir die kinders en Meneer Boepens vir die grootmense. Dit is



een van daardie plekke waar 'n mens die heeldag by die swembad kan uitspan en heerlik lag en kuier.

IS HIER 'N OORDWINKEL?

Ja, jy kan al die basiese dinge soos hout, ys, brood, melk en lekkergoed hier koop. Hier is ook 'n restaurant, én jy kan 'n bier of ander drankies in die restaurant bestel. Verder is hier is 'n kiosk met weg- neemtes soos slaptjips.



Almega

Hulle is hardebaard-kampeerdere wat minstens twee keer per maand wegbreek. Onlangs het **Anita Botes** van Witbank en haar lewensmaat, **Johan Conradie**, dié heerlike uitspanplek naby Dinokeng teëgekom.



“ Ek en Johan soek altyd in tydskrifte en op webwerwe na nuwe plekke wat ons kan besoek. Ons gaan kamp minstens twee keer per maand – en gewoonlik binne 'n radius van 200 km van die huis af. Hoekom sal 'n mens by die huis slaap as jy die natuur, sonsondergange, kampvure en ons toegeruste wa in die buitewêreld kan geniet?

Ons het op Facebook van die Almega-woonwapark gelees en dit het na nêr die plek gelyk om ons batterye te herlaai. Ons het gepak, ons 2007-model Jurgens Xplorer aan ons 2014 Isuzu KB 3.0 DTEQ gehaak en in die pad geval.

Dit het ons net 'n uur en 41 minute geneem, en buiten die laaste 200 m goeie grondpad was ons die heeldag op teer. >

HET DIE KAMPTERRAIN AAN JULLE VERWAGTINGE VOLDOEN?

Met ons aankoms is ons deur 'n ontvangsdame by die hek ontmoet en daarna het Piet Geyser op sy bromponie vooruit gery om ons staanplek vir ons te wys. Die kampterrain word omring deur bosveld en 'n mens sien 'n verskeidenheid wild en voëls sommer waar jy onder jou stoeptent sit.

HOE LYK DIE STAANPLEKKE?

Dit is van hoek tot kant met gras bedek en hier is meer as genoeg koelgebome. Daar is ook 'n geplaveide kol waarop 'n groot braaidrom staan.

Die staanplekke is ewe geskik vir groot waens of vir mense wat met tente kamp, en jy kan jou kamp opslaan nes jy wil – solank jy binne die grens bly wat Piet vir jou wys. Jy het ook 'n opwasplek met 'n dubbele wasbak, afdroogplek en puik beligting.

WAS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Dit is van die beste wat ons nóg teëgekomm het. Elke staanplek het sy eie private geriewe en dit is skoon en netjies. Hier is 'n tafel waarop jy jou goed kan neersit, genoeg kragpunte vir haardroërs en elektriese skeermesse, 'n groot spieël teen die muur, 'n wasbak en 'n groot stort.


WAARMEE HOU 'N MENS JOU BESIG?

Almega bied begeleide wildtoere op elektriese fietse aan en ons kan dit ten sterkste

aanbeveel. Hier is ook 'n fiets- of staproete van 27 km, 'n speelparkie vir die kleintjies, 'n swembad in die vorm van 'n kitaar en meer as genoeg voëls wat jy deur jou verkyker kan dophou. Dit is baie spesiaal om in die nag te hoor hoe roep 'n jakkals. As jy die Groot Vyf wil sien, kan jy by 'n buurplaas jou plek vir 'n wildrit bespreek.

IS HIER 'N KAMPWINKEL?

Die eienaar, André Geyser, ry een maal per dag by elke staanplek verby en jy kan hout en ys by hom kry. Hier is nie 'n kampwinkel nie, maar 1,2 km van die hek af is 'n klein winkelkompleks waar jy die nodigste (en brandstof) kan aanskaf.



Kortliks | Almega-woonwapark



Kampplek 40 groot staanplekke op gras en onder koelgebome.

Ablusiegeriewe Privaat, modern en skoon.

Prys R400-R690 per staanplek vir 4 mense, afhangend van wanneer jy kamp.

Aankoms- en vertrektyd 10:00 en 12:00.

Kontak 082 420 3488 almegakamp.co.za admin@almegakamp.co.za

Naaste dorp Hammanskraal 15 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die hek.

GPS S25.339782 E 28.385382

Ry & Sleep sê Die woonwapark is sowat 3 ha groot en word baie goed onderhou.



WagonDrift

Hulle kamp al amper 43 jaar... en toe ontdek **Gerald en Gwyneth Robus** die WagonDrift-lodge.

“ Ons kamp al sedert 1975, en ek en my vrou is gaande oor dié leefstyl.

Voor ons 51ste huweliksherdenking het ons besluit om 'n nuwe woonwapark op die proef te stel. Dit wil nogal gedoen wees as jy in ag neem dat ons al ons wa by 98 verskillende kampterreine staange-maak het.

Net buite Moloto, op die pad na Rust de Winter, het ons 'n juweel van 'n oord gevind in die WagonDrift-lodge-en-na-tuurpark. Ná soveel jaar se kamp weet ons uiteindelik presies wat ons in 'n woon-wapark wil hê.

HOE LYK DIE KAMPTERREIN?

Met ons besoek was daar twee staan-plekke – Porcupine en Warthog. Albei het krag en elk het sy eie private ablusieblok.

Die ablusiegeriewe bestaan uit 'n stort, opwasplek en aparte toilet. Die gebou is

geteël binne en het alles wat jy nodig het wanneer jy kamp. Jou kragpunt is 'n blou woonwasok en dié is op 'n paal by jou staanplek gemonteer.

Indien die Eskom-krag uitskop, het die oordpersoneel 'n kragopwekker byder-hand om jou yskas aan die gang te hou. (Daar het intussen nog twee staanplekke, Bushpig en Hedgehog, bygekom. – Red.)

HOE LYK DIE BRAAIGERIEWE?

Elke staanplek het 'n vuurput waar jy 'n ordentlike kampvuur kan bou met die hout wat verskaf word. Hier is ook 'n braaier wat heuphoogte staan met 'n rooster en 'n lig om te keer dat jy die vleis oorgaer braai. Langsaan is 'n teël-oppevlak waar jy die kos kan berei of 'n gasstoof kan neersit.

Die lekker van dié uitleg is die feit dat jy jou kuiervuur in die vuurput maak en >





dan die graaf met die lang steel gebruik om die kole in die braaiplek te skep.

WAARMEE HOU JY JOU BESIG?


Die oord is op 'n gevestigde wildplaas, en jy kan by die watergat met jou verkyker en kamera gaan sit en wag vir diere soos

koedoes, rooibokke, sebras, bontebokke en wildebeeste.

Hier is ook wildritte beskikbaar en by die hooflodge kan jy in die swembad gaan afkoel. Jy kan ook 'n bergfiets kry om die omgewing te verken en terselfdetyd 'n bietjie oefening kry.



Kortliks | WagonDrift



Kampplek 4 staanplekke met effense koelte en dan ook sand en gras.

Ablusiegeriewe Private geriewe vir elke staanplek.

Prys R400-R550 p.n. per staanplek afhangend van die seisoen.

Aankoms- en vertrektyd 08:00 en 14:00.

Kontak 083 441 2665 wagondrift.co.za reservations@wagondrift.co.za

Naaste dorp Cullinan 42 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste kilometer of twee is 'n goeie grondpad.

GPS S25.401069 E28.598078

Ry & Sleep sê Elke staanplek het sy eie grasdaklapa waar jy jou heerlik op jou kampstoel kan tuismaak.

Tava-Lingwe

In die middel van die land is 'n wildlodge waar jy van die rumoer af kan wegkom, sê **Madeleine Steyn** van Potchefstroom.

“ Een van ons kampvriende was onlangs by die Tava-Lingwe-wildlodge op die grens tussen die Vrystaat en Gauteng, en hulle het ons daarvan vertel.

Omdat dit so naby aan die huis is, het ons besluit om ons Jurgens Penta aan ons Nissan Navara te haak en met die Viljoenskroonpad te ry tot waar ons op die R59 in die lodge se rigting afdraai.

Twee paartjies het saam met ons kom kamp. Van Potch af het dit net langer as 'n uur geneem om tot hier te ry.

VERTEL ONS MEER OOR DIE KAMPTERRAIN EN ABLUSIEGERIEWE.

Dit is skoon en netjies en die uitleg van die kampterrein is só





beplan dat 'n mens stilte en privaatheid het. Die wêreld was maar droog met ons besoek, maar ons het die mooiste sons-
ondergange gesien. Jy kamp in die natuur, maar hier is alles wat jy nodig het.

Die staanplekke is groot en het elkeen 'n kragpunt en braaiplek. Omdat hier nie gras was met ons besoek nie, was

dit nogal stowwerig. Hier is drie blokke in die kampterrein – A, B en C. Ons het in die C-blok gekamp waar daar nie juis koelte is om oor huis toe te skryf nie.

Die ablusiegeriewe is skoon, netjies en meer as voldoende, en die warm water is oorgenoeg. Trouens, die badkamers lyk splinternuut.

WATTER AKTIWITEITE IS HIER?

Hier is twee swembaddens, 'n minigholfbaan, speelplek vir die kinders, en plaveipaadjies vir fietsry. Ek sal beslis die wildrit aanbeveel, wat, terloops, heel billik is.

Die lodge het 'n kuriowinkel en restaurant met 'n groot stoep. Hier is ook

verskeie staproetes en die vriendelike personeel staan altyd gereed om jou te help.

ENIGE WENKE VIR BESOEKERS WAT DIE EERSTE KEER HIERHEEN KOM?

Bring al jou kos saam, want dit is ver van die dorp af en die winkel hier het net die basiese goedjies. Maak ook jou motor se brandstoftenk vol voor jy kom.



Kortliks | Tava-Lingwe



Kampplek 80 staanplekke wat in drie blokke verdeel is.

Ablusiegeriewe 3 nuwe en moderne ablusieblokke.

Prys R300-R400 p.n. per staanplek afhangende van wanneer jy kamp – dit is vir 4 mense en 1 voertuig. Daarna kos dit R60 p.p. (R30 vir laerskoolkinders).

Aankoms- en vertrektyd 10:00 en 10:00.

Kontak 056 931 0986


tavalingwe.co.za

Naaste dorp Parys 37 km

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die hek.

GPS S27.080395 E27.158112

Ry & Sleep sê Hier is ook gesinsbadkamers vir mense met klein kinders.





River Destiny

Op pad terug Pretoria toe ná hulle jaarlike familie-vakansie langs die kus, het **Jaco en Lizl van Tonder** by die River Destiny-lodge buite Colesberg gekamp.

“ Ons kamp gewoonlik aan die einde van die jaar vir drie of vier weke op Elandsbaai, maar dié vakansie was ’n sentimentele ervaring, want vir die eerste keer in agt jaar het twee van ons kinders nie saam gekamp nie.

En asof dit nie erg genoeg was nie, het ons jongste dogter aan die einde van die vakansie in die Kaap op ’n vliegtuig geklim en Kalifornië toe gevlieg.

Nadat ons haar afgesien het, het ons besluit om nie op die N1 reguit huis toe te ry met ons 2016-model Toyota Prado en 2007 Jurgens Classique nie, maar eerder die vakansie effens te verleng deur ’n draai te maak by Die Dam, Jongensfontein, Victoriabaai en Buffelsbaai.

WATTER ROETE HET JULLE GERY EN HOE LANK HET DIT JULLE GENEEM?

Ons het ons kamp vroeg opgeslaan en teen 09:00 uit Buffelsbaai vertrek. Ons is deur George en toe met die N9



Kortliks | River Destiny



Kampplek 16 staanplekke op gras met krag en koelte.

Ablusiegeriewe Netjies en skoon.

Prys R200 p.n. per staanplek plus R60 p.p.p.n. (maksimum 6) en R60 per troeteldier. Prys is geldig tot 31 Januarie 2021 en kan daarna verander.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 051 753 0203 of 082 882 4833

riverdestiny.co.za

info@riverdestiny.co.za

Naaste dorp Colesberg 42 km.


Hoe lyk die pad? Die laaste 5 km is ’n grondpad deur ’n wildkamp, maar ’n gewone wa kan hom baasraak.

GPS S30.588553 E25.419622

Ry & Sleep sê Hierdie kampplek is net mooi in die middel tussen die Kaap en Gauteng en baie gerieflik vir oorslaap.



Leserskeuse VRYSTAAT TOT OOSKUS



wil terugkeer. Die staanplekke is groot en het kragpunte.

EN DIE ABLUSIEGERIEWE?

Dit is baie netjies en word deurgaans skoon gehou. Hier is ook 'n opwasplek vir jou skottelgoed.

WAARMEE HOU 'N MENS JOU BESIG?

As jy 'n kranige hengelaar is, kan jy heerlik kom visvang. Jy kan ook met 'n kano in die rivier af roei óf in die swembad afkoel. Bring jou verkyker as jy 'n voëlkyker is en jou stapskoene as jy dit geniet om die wêreld te voet te verken.

WAT VAN KOS EN BRANDSTOF – HET DIE KAMPTERREIN 'N WINKEL?

Die naaste vulstasie is by Gariep, sowat 10 km van River Destiny se hek af. Hier is 'n winkel met basiese benodigdhede by die kampterrein, maar daar is ook 'n supermark by die vulstasie. By die oord is 'n restaurant en kroeg waar jy jou kan gaan neerplak ná 'n lang dag agter die stuur.



in Graaff-Reinet se rigting waar ons by vriende gestop het vir koeldrank. Ons het die River Destiny-lodge teen 18:00 bereik.

WAAR HET JULLE VAN DIE PLEK GEHOOR?

Jaco was 'n klompie jare gelede hier vir 'n naweek toe sy motorfietsklub, Wild Dog Adventure Riders, hulle tiende verjaardag

gevier het. Die plek was altyd in sy agterkop as 'n moontlike bestemming waar ons as gesin kan kom oornag.

HOE LYK DIE KAMPPLEK?

Dit is onbeskryflik mooi met groen grasperke en digte wilgerbome, en dit is op die oewer van die Oranjerivier. Dit is die soort plek waarna jy sommer dadelik



Leserskeuse SUIDE VAN DIE WES-KAAP



Eagle Falls

In die Kammanassievallei is 'n kampplek wat nommerpas is vir natuurliefhebbers wat saam met hulle hondjies kamp, sê **Marieta Pretorius** van Bredasdorp.

“ Ons gesin het onlangs by die troeteldiervriendelike Eagle Falls-kampterrein in die omgewing van Oudtshoorn, George en Uniondale gaan kamp. Ons Sprite Swing-woonwa het sy lyf behoorlik Bush Lapa Boskriek gehou toe ons van die N9 op 'n goeie grondpad afdraai.

Die pad kronkel en vat jou na Eagle Falls, diep in die vrugbare Kammanassievallei en waar die droë Klein-Karoo teen die oase van die Molenrivier grens. Ek moet egter sê die laaste 3 km grondpad was 'n effense uitdaging. >



VERTEL ONS 'N BIETJIE MEER VAN DIE KAMPTERREIN.

Jy kamp hier op gras en die staanplekke is op terrasse uitgelê. 'n Mens kan somer sien die eienaar is trots op die kamp-terrein wat hy hier het.

Dit is skoon en netjies, rye bome is aangeplant vir skaduwee, en hier is braaiplekke gebou vir die gerief van kampeerdere. Elke staanplek het 'n kraan en kragpunt. Jy hoef nie jou blou prop te bring nie, want dit is 'n gewone huissok – onthou net jou verlengkoord.

Hier is ook 'n lapa waar ons kon braai toe die weer nie saamgespeel het nie. Hier is selfs 'n verhogie en een van daar- die gesellige ronde vuurmaakplekke wat so lekker werk om stokbrood en malva- lekkers te braai.

HOE HOU 'N MENS JOU BESIG?

Jy kan op warm somersdae in die rivier se natuurlike en veilige poele gaan afkoel – ook vir die kinders is dit 'n gawe plek om te swem en baljaar. By een swemkuil is 'n foefieslaaid. Dit is baie gewild, maar dis nogal 'n stewige stappie om daar uit te kom. Veral die oueres onder ons moet stewig kan trap om daar uit te kom.

IS HIER 'N RESTAURANT EN WINKEL VIR NOODVOORRAAD?

Die kroegie by die ontvangskantoor is gesellig. Die winkel het nie 'n groot verskeidenheid nie, maar jy kan die brood- nodigste aanskaf. Hier is ook hout. Hier is nie selfoonontvangs nie, maar jy kan betaal om die wifi by die kantoor gebruik.



WAS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Die ablusieblokke is nie luuks nie, maar wel baie skoon. Hier is drie ablusieblokke met geriewe vir mans en vroue – een met 'n aparte stort en toilet, en die ander twee met 'n toilet en twee storte. 'n Mens kan dit seker gesinsbadkamers noem. Ons het op verskillende tye van die dag gestort en niemand het ooit koud gestort nie. Onthou net om jou eie toiletpapier saam te bring.

SAL JULLE TERUGKOM?

Eagle Falls is vir natuurliefhebbers, mense wat van stilte en rustigheid hou, en nie hulle woefies by die huis wil los nie. Dis ook net die plek vir mense wat wil ontsnap van vandag se tyd waarin die tegnologie oorheers.



Kortliks | Eagle Falls



Kampplek Die staanplekke is op gras en meestal in die koelte, en ewe geskik vir tente en waens.

Ablusiegeriewe 3 ablusieblokke met aparte geriewe vir mans en vroue.

Prys Op aanvraag.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 084 943 1614 (net WhatsApp)

Naaste dorp Uniondale 30 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 3 km grond- pad is uitdagend vir mense wat sleep.

GPS S33.721073 E22.816956

Ry & Sleep sê Onthou jou stewels as jy 'n kranige voetslaner is. Hier is heelwat paadjies deur klowe en heuwels wat wag om verken te word.



Kleinplaas

Hy soek altyd nuwe plekke om te verken in ons land, en daarom is die kampele nie vreemd vir **Peter Field** van Saldanhabaai nie. Hy het onlangs die Klein-Karoo saam met vriende besoek.

“ Ons het met my betroubare ou 2013-model Land Rover Defender met 'n Bush Lapa Boskriek op die haak gaan kamp en by die De Vlei-plaasstal op die R46 naby Hermon by ons vriende aangesluit. Ons het 'n heerlike ontbyt geniet voordat ons na die Ceresvallei vertrek het. Ons het met die Michell's-pas aan die westelike kant van die dorp ingery en in die rigting van die N1 gehou voor ons die afdraai na Touwsrivier geneem het. Ons het by Gecko Rock, die Anysberg-natuurreservaat, Mavuradonha, Die Hel, Ebb & Flow, Eagle Falls en Kleinplaas naby Oudtshoorn gekamp.

VERTEL ONS MEER OOR KLEINPLAAS.

Die personeel is baie vriendelik en die oord word deurgaans skoon en netjies gehou. Hier is meer as genoeg koeltebome en kragpunte, en elke staanplek het sy eie kraan en vullisdrom. Die staanplekke is lekker groot en dit voel nooit beknop nie.

WAAR HET JY VAN DIE PLEK GEHOOR?

Ek is 'n moderator op twee Facebook-groepe, "My Camping Sites" en "Off the



Beaten Track". Die twee groepe het tussen die twee van hulle meer as 30 000 lede; dus is daar 'n ooraanbod van voorstelle vir interessante plekke wat 'n mens kan besoek. Ek kry die meeste idees vir kampplekke op Facebook, maar gebruik ook Tracks4Africa wanneer ek na my volgende bestemming soek.

IS DAAR ENIGE ANDER VERBLYFOPSIES BESKIKBAAR?

Daar is chalets van verskillende groottes beskikbaar – met slaapplek vir vier, vyf óf ses mense. Verder is daar slaapkamers met twee beddens en 'n en suite-badkamer.

Elke chalet spog met sy eie motorafdak en braaideel. >

HOE LYK DIE ABLUSIEGERIEWE IN DIE KAMPTERREIN?

Die ablusieblokke is onlangs oorgebou en opgekikker en is vandag heel modern. Met ons besoek was dit silwerskoon en daar was nooit 'n tekort aan warm water nie. Hier is 'n waskamer met outomatiese wasmasjiene, tuimeldroërs en 'n wasgoedlyn vir mense wat vir 'n rukkie kom afsaal. Hier is selfs 'n plek om jou kassettoilet uit te spoel.


WAT VAN 'N KAMPWINKEL?

Omdat Kleinplaas basies reg langs die dorp lê, is die winkels, restaurant, kitsbanke en brandstof net 'n hanetree ver. Ek móét egter die aartappel- en patatkoekies by die Swartberg Country Manor aanbeveel. Dit is sowat 30 minute se ry van Kleinplaas af.

WAARMEE VERMAAK 'N MENS JOU WANNEER JY HIER KUIER?

Die Kangogrotte is net 25 minute se ry van hier af – as jy nog nie daar was nie, is dit beslis 'n besoek wed. Dan lê die Cango Wildlife Ranch skaars twee minute van Kleinplaas af en jy kan hier kom inloer om 'n verskeidenheid wild van nader te leer ken.

Kortliks | Kleinplaas



Kampplek 36 gelyk staanplekke. Die meeste is ruim met ordentlike koelte.

Ablusiegeriewe 1 netjiese badkamergebou in die middel van die oord. Elke staanplek kry sy eie sleutel.

Prys Afhangend van die seisoen R360-R500 per staanplek vir tot 4 mense. Daarna R72-R88 p.p.d. ekstra (hoogstens 6 mense per staanplek).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 044 272 5811 kleinpls@mweb.co.za kleinplaas.co.za

Naaste dorp Op Oudtshoorn.

Hoe lyk die pad? Teer tot voor jou staanplek.

GPS S33.575665 E22.205490

Ry & Sleep sê Agter die kantoor is hokke met 'n klompie kalkoene en eende as jy die kinders verder wil vermaak.



Molenrivier

Hulle is 'n groep van sewe Mosselbaaise kampgesinne wat een keer per maand iewers in die omgewing probeer kamp. Hulle laaste besoek aan Molenrivier was só aangenaam dit was tyd om weer 'n draai daar te maak, sê **Theron Strauss**.



“ Ons groep kamp al die laaste drie jaar saam. Ons is almal in die veertig en noem onself die Campmasters. Dis sommer net 'n naam en niks ampteliks nie. Ander vriende van ons het ons van Molenrivier vertel, en dit was tyd dat die Campmasters gaan kyk hoe lyk dit daar.

PLA DIE GRONDPAD?

Die kampplek is anderkant Groot-Brakrivier, maar op 'n plaas – daarom verwag 'n mens grondpad. Ons moet goed weet waarvoor ons ons inlaat, want daar is nie minder nie as vier dubbelas-woonwaens onder ons: drie Jurgens Exclusive-modelle en 'n Elegance. Vir veiligheid het ek, Herman Liebenberg en Stan Fry besluit om 'n dag vóór die tyd te gaan kyk hoe die pad lyk. Die uiteinde? Ons het kans gesien!

Die lang waens het nêrens vasgehaak of gekrap nie. Die tweespoorpad teen die berg af word naderhand 'n tweespoor met 'n betonoppervlak, wat beteken hier is genoeg vastrapplek.

HOE LYK DIE KAMPTERREIN?

Jy kamp in 'n vallei, en hier is nege staanplekke op 'n groot grasperk. Die eerste paar

is links langs mekaar soos jy die kampplek binnery met 'n afgrond aan die ander kant. Die meerderheid van die staanplekke is nog 'n entjie aan, regs om 'n draai.

Jy het 'n driepuntkragsok op jou staanplek plus 'n kraan én 'n losstaande braai-plek. Van die staanplekke is nie te gelyk nie, maar dit vat nie veel moeite om die waens gelyk te laat staan nie.

As 'n mens al nege die staanplekke met groot woonwaens beset, kan dit beknop raak. Ons het net ons stoeptente opgeslaan en hier was genoeg plek vir almal.

HOE LYK DIE BADKAMERS?



Oorkant die laaste staanplekke is 'n dammetjie, en die water strek tot onder die

badkamergebou op pale. Die geriewe is natuurlik skoon en netjies, maar die water in die badkamer was vir die kinders 'n aardigheid: Dit is bruin en smaak effens brak. Dit is veilig om te drink, maar die kinders dink dis vuil. Ons het ieder geval ons eie drinkwater saamgeneem.


ONTSPAN IS DIE EINTLIKE IDEE?

'n Mens is hier in die natuur, weg van die bedrywige lewe, maar dis ook soveel lekkerder as jy saam met jou eie mense die stil omgewing kan geniet.

Hier is 'n staproete, maar dis straf en ek sal dit nie vir kinders onder 6 aanbeveel nie. Die drie jong stappertjies onder ons het dit wel gate uit geniet.



Kortliks | Molenrivier



Kampplek 9 staanplekke op gras.

Ablusiegeriewe 1 ablusieblok wat daaglik skoongemaak word.

Prys R130-R300 p.n. per staanplek plus R60-R80 p.p. ouer as 6.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak ☎ 083 216 0018 of 082 854 8805

✉ myburghs.molen@gmail.com

🌐 facebook.com/molenriverfarm

Naaste dorp Groot-Brakrivier 10 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die hek en dan 400 m goeie grondpad tot by die kampplek.

GPS S33.968933 E22.183484

Ry & Sleep sê Hulle laat tot 6 mense op 'n staanplek toe, en as jy vooraf reëlings tref, is jou troeteldiere ook welkom.



Gouritsmond

Die kusedorpie Gouritz het die harte gesteel van **Josef en Johanna Tolmay** van Drie Riviere – dit is nou nadat hulle onlangs die Gouritsmond-woonwapark besoek het.



“Nadat ons by Die Punt-woonwapark op Mosselbaai gekamp het, het ons wes gery en halfpad tussen Mosselbaai en Albertinia opgeëindig. By dié munisipale kampterrein is jy sowat 500 m van die see en die getypoele af.

HOE LYK DIT IN DIE KAMPTERREIN?

Hier is 130 afgebakende staanplekke en jy slaan jou kamp op groen gras op. Elke staanplek het sy eie vullisdrom wat drie keer per week skoongemaak word, en jy kry 'n kragpunt waarvoor jy jou blou prop moet saambring.

Daar's ook 'n baksteenbraaiplek, maar jy moet jou eie rooster bring. Die naaste kraan is nie verder as 15 m weg nie; dus is dit maklik om koffiewater te tap.

Hier is heelwat bome in die kampterrein wat vir wisselende vlakke van koelte sorg, maar van die boompies is onlangs eers geplant en dit gaan nog 'n rukkie wees



voor hulle genoeg skaduwee gooi. Hier is heelwat geveerdes wat jy met jou verkyker kan dophou en dis ook nie 'n ongewone gesig om tarentale tussen die tente te sien nie.

WAS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Die groot ablusieblok word elke dag van die week skoongemaak en is netjies en oor die algemeen in 'n heel aanvaarbare



toestand. Vir die mans is hier ses wasbakke met handseephouers, papierhanddoeke en lugdroërs. Die badkamers het nie proppe nie, en hier is vyf storte met klerehake. Twee van die storte het glasdeure. Bring jou eie witgoud.

Vat 'n prop wanneer jy gaan skottelgoed was, want die wasbakke het nie proppe nie.


WAARMEE HOU 'N MENS JOU BESIG?

Dis 'n gewilde visvangplek en 'n mens sien heelwat hengelaars wat kom lyn ingooi. Hier is 'n jukskeibaan langs die woonwapark – iets wat 'n mens nie aldag sien nie. Vir stappers is hier vier roetes in die omgewing wat wissel van 1,6 km tot 8 km. Dit word regdeur die jaar onderhou en is relatief veilig danksy lae misdaadsyfer in die gebied.

Die dorp se biblioteek is 'n lekker bederf vir boekwurms en dis boonop somer stapafstand van die kampterrein af. Hier is ook 'n restaurant en drankwinkel by die ingang na die woonwapark as jy lus voel vir iets te drinke of wil aansit vir 'n bord kos wat iemand anders gaargemaak het.



Kortliks | Gouritsmond



Kampplek 130 afgebakende staanplekke op gras.

Ablusiegeriewe Een groot en netjiese ablusieblok.

Prys R190-R550 p.n. per staanplek vir 6 mense, afhangend van die seisoen en of jou staanplek krag het of nie.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 082 713 7855

✉ gourits@hessequa.gov.za


✉ kampe@hessequa.gov.za

Naaste dorp Die oord is op Gouritz.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S34.351697 E21.878292

Ry & Sleep sê Hier is ook 'n waskamer waar jy kan klere was.




Warmwaterberg

Die fonteinwater by Warmwaterberg was presies wat **Martin en Sue Briggs** van Onrusrivier nodig gehad het.

“ Ons het ons Isuzu-4x4-dubbelkajuitbakkie se neus in die pad gedruk en sowat twee uur later by die Warmwaterberg-spa-en-mineralebaddens net langs die ikoniese R62-roete stilgehou.

Omdat ons bakkie met 'n daktent toegerus is, is ons altyd gereed om te kamp. >



Kortliks | Warmwater-berg



Kampplek 25 staanplekke op gras en oorwegend in die koelte. Net 16 van hulle het elektrisiteit.

Ablusiegeriewe Skoon en netjies met die bron wat vir warmwater sorg.

Prys R90-R140 p.p.p.n. afhangende van jou staanplek en wanneer jy kamp.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 028 572 1609

warmwaterbergspa.co.za

book@warmwaterbergspa.co.za

Naaste dorp Barrydale 30 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek.

GPS S33.765096 E20.900968

Ry & Sleep sê As jy jou bergfiets gelaai het, kan jy die grondpaaie in die omgewing gaan verken, óf jy kan sommer net in die veld gaan stap.

HOEKOM HET JULLE HIER KOM KAMP?

Dit het baie aanloklik gelyk en ons het iets nodig gehad om ons af te koel. Die water was lou en verfrissend, ondanks die buitetemperatuur wat gevoel het of dit naby kookpunt draai. Ons wou ook die oorspronklike badhuis sien wat in 1186 gebou is. Dit was die eerste ontwikkeling hier.

HOE LYK DIT DEESDAE?

Ons neem aan dit het aansienlik verander van die oorspronklike geriewe, wat bestaan het uit ses aparte kamers, elk met 'n bed en bad. Dit is nou omskep in 'n kombuis en tweeslaapkampereenhede. Hier is ook 'n nuwe studio-badhuis met deurvlegte ysterware en hekwerk van gietyster. Die luukste eenhede op die eiendom is in 2015 voltooi en dít is omtrent iets om te sien.

VERTEL ONS MEER OOR DIE KAMPTERRAIN...

Hier is wisselende vlakke van skaduwee

oor die staanplekke, maar elkeen het sy eie braaiplek en kragpunt (as jy op een van die staanplekke met krag kamp). Die ablusiegeriewe is eenvoudig en basies, maar dit word netjies en skoon gehou.

HOE BESTEE 'N MENS JOU TYD HIER?

As jy 'n smulpaap is, soos ons, kan jy dit gate uit geniet hier. Die omgewing se kookkuns hou vir ons 'n groot bekoring in, en by so te sê elke restaurant in die omgewing het hulle volstruis op die spyskaart.

Dit is nie net smaaklik nie, maar ook 'n gesonde vleisopsie. Ons het geregte teëgekom soos volstruisfilet met appelfie-en-Amarulasous, volstruisschnitzels, volstruisnek in 'n tradisionele bredie, die heerlikste volstruislewerpatee, volstruis-hart in 'n rooiwynsous en 'n volstruismaag wat op dieselfde manier as beestong gebind word.

Hier is ook 'n verskeidenheid wildsvleis-geregte om van te kies en dan die heerlik-

ste vrugte soos granaat en songedroogde vye vir nagereg.

Maar die Romeinse baddens is natuurlik die groot attraksie. Hier is twee buitebaddens, die een warmer as die ander, én dan 'n kouewaterswembad.



Tussen die heuwels van die Langeberg en die oewer van die Buffeljagsdam lê Umshanti, die volmaakte plekkie om heen weg te breek, sê **Susan Skog** van Onrusrivier.



“Ons is ’n groep stapvriende wat onlangs die Swellendamroete in die nabygeleë Marloth-natuureservaat voltooi het en toe die rus en vrede by Umshanti gaan opsoek het. Dit is ’n private kamp-terrein tussen Swellendam en Suurbraak, sowat 250 km van Kaapstad af.

HOE LYK DIT BY UMSHANTI?

Met die berge om jou en water oral is daar nie veel meer waarvoor ’n mens kan vra nie.

Die kampterrein het heelwat groot koelte-bome waar jy in die Overbergse somer teen die son kan skuil.

VERTEL ONS MEER OOR DIE STAANPLEKKE.

Elke staanplek het sy eie braaigeriewe, skadunet-afdak en houttafel-en-bankies wat die eienaar, Kosie van Zyl, self gemaak het. Daar is krag op jou staanplek en hier is genoeg hout dat jy ’n ordentlike >



kampvuur kan bou. Hier is drie klein ablusie-blokke, elkeen met 'n stort, toilet en wasbak. Die warm water is voldoende.

HOE HOU JY JOU BESIG?

Die kinders sal gaande wees oor die groot grasperke waar hulle kan hardloop, spring en met 'n bal kan speel. Onthou ook om fietse saam te bring.

Jy kan in die heuwels gaan stap, maar die groot attaksie hier is op die water. Hier is kano's waarmee jy op die dam kan gaan

roei en jy kan ook vir Kosie vra om vir julle 'n skemerkelkvaart op sy boot te reël – daar is plek vir tot 35 mense, en die boot het selfs braaigeriewe. Die meer avontuurlustige kampeerdere kan gaan waterski, en as jy jou visgerei saamgebring het, kan jy 'n blinklyf in die dam probeer uittrek.

Hier is ook rotspoele naby waarin 'n mens heerlik kan swem. Umshanti is alles wat 'n waterentoesias wil hê.

Jou klein hondjie kan saam kom kamp as jy met Kosie-hulle reël.



Kortliks | Umshanti



Kampplek 5 onafgebakende staanplekke met krag, water, braaiplek en lig.

Ablusiegeriewe 3 klein ablusies met 'n stort, toilet en wasbak.

Prys R130 p.p.p.n (halfprys vir kinders jonger as 12 jaar).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 028 512 3787 of 072 601 0797

umshanti.co.za

Naaste dorp Swellendam 12 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2 km is goeie grondpad.

GPS S34.019402 E20.538901

Ry & Sleep sê As jy sake uit 'n ander hoek wil sien, kan jy saam met Kosie in sy muggievliegtuig 'n draai gaan vlieg.

“ Mense raak maklik lirie oor hoe mooi dit by Montagu in die Klein-Karoo is en wat 'n goeie plek dit is om jou batterye te herlaai. Nadat ons van die Montagu Guano Cave-oord te hore gekom het, het ons drie paartjies (en vyf kinders) uit Kaapstad vertrek en met die N1 in Worcester se rigting gery. Ons het op die R62 afgedraai en deur Robertson en Ashton koers gekies Montagu toe.

Die oord is 8 km anderkant die dorp, steeds op die R62, en is tot by die hek geteer. Die stuk tussen die hek en die staanplek ry jy grondpad, maar dit was geen moeite in ons Toyota Hilux met 'n Venter-sleepwa op die haak nie.

HOE LYK DIT BY DIE OORD?

Die kampterrein is aan die voet van die berg met 'n magdom bome wat vir koelte oor die groot en netjiese staanplekke sorg. Hier is 'n kragpunt en kraan by elke staanplek en elkeen het ook sy eie braaier en vullisdrom.

Die kampterrein is sowat 500 m van die ontvangskantoor en winkel af en hier is wonderlike paadjies waarlangs 'n mens kan gaan stap.

Guano Caves

Die Guano Caves-oord naby Montagu is 'n puik kampplek met vermaak vir die hele gesin, sê **Maryke Tredoux** van Kuilsrivier.





VERTEL ONS MEER OOR DIE ABLUSIEGERIEWE.

Ons het geen klagtes oor die geriewe nie. Hier is groot gesinsbadkamers met storte, wat beteken dis geen moeite om die kinders skoon te kry nie. Trouens, hulle het die gesinstyd in die badkamer nogal geniet. Dit was 'n verligting, want dit kan 'n storie wees om twee kleuters in die kampterrein gebad te kry. Maar die geriewe is ruim, netjies en skoon – en daar is oorgenoeg warm water.

WATTER AKTIWITEITE IS HIER OM 'N MENS BESIG TE HOU?

Waar moet ek begin... Diereliefhebbers kan die hasies, perde, varke, kamele en lamas kom kosgee. Hier is selfs emoes. Hier is ook groot buiteswembaddens.

Soos ons reeds genoem het, kan jy na hartelus kom stap en draf en hier is heelwat roetes om die kampterrein om van te kies. Dan kan jy ook die grot gaan besoek. Jy ry die helfte van die pad met 'n sleepwa agter 'n trekker en stap en klim dan verder.

Die roete is op sommige plekke glad en ek sou mense met kinders onder 3 jaar eerder aanraai om agter te bly.




WAT MOET EK ALLES INPAK?

Hier is 'n klein winkel met basiese voorraad, maar hier is ook 'n restaurant en kroeg waar jy skemerkelkies kan bestel. Montagu is net in die pad af as jy iets anders nodig kry of brandstof moet ingooi.



Kortliks | Montagu Guano Caves



Kampplek 32 staanplekke met krag, van hulle heeldag in die koelte en ander in die oopte.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou wat skoner as skoon is.

Prys R80-R150 p.p.p.n., afhangend van die seisoen (R80-R120 vir kinders o.12). Gedurende Desember, Januarie en oor die Paastyd kos dit R610 vir die eerste 4, daarna R150 p.p. tot 6 (kinders R120).

Aankoms- en vertrektyd Sondag tot Donderdae 14:00-17:00, Vrydae tot 21:00; vertrek teen 10:00.

Kontak 023 100 2972 bookings@rmgc.co.za montaguguanocave.co.za

Naaste dorp Montagu 6,5 km.

Hoe lyk die pad? Grondpad tot by die kantoor en 'n verdere 1 km netjiese grondpad tot in die kampplek.

GPS S33.820861 E20.182424

Ry & Sleep sê 'n Besoek aan die grot is 'n moet, maar as jy die vlermuise wil sien, moet jy in die somermaande kom.



Montagu

Minstens een keer elke drie maande haak hulle die wa en gaan kamp saam met hulle vriende by die Montagu-woonwapark, sê **Erika Oosthuizen** van Hermanus.



“ Die grootste rede waarom ons so graag by die Montagu-woonwapark kom uitspan, is omdat die oord troeteldier-vriendelik is en ons worshond, Trixie, altyd saam met ons kamp.

VERTEL ONS MEER VAN DIE OORD.

Dit is 'n gewilde en gesinsvriendelike oord, en daarom kan jy nie sommer net opdaag en hoop jy kry plek nie – dit is altyd beter om vooruit te bespreek. Dit is 'n bietjie meer as twee uur se ry van ons af, wat beteken Kapenaars kan maklik vir die naweek kom uitspan. Ons geniet dit hier omdat 'n mens presies weet wat die oord-reëls is en dit streng toegepas word. Ons én ons kampvriende hou daarvan om in só 'n omgewing te kamp. Alles in die oord word goed versorg en die ganse wat hier rondstap, sorg vir 'n gawe plaasatmosfeer.

HOE LYK DIE KAMPTERREIN?

Hier is meer as 80 staanplekke wat op drie terrasse uitgelê is. Die staanplekke



is groot genoeg vir jou wa en tent, en hier is 'n baksteenbraaier. Bring net jou eie rooster saam. Elke staanplek het krag en hier is krane deur die kampterrein versprei – 'n mens hoef dus nie te ver te stap om koffiewater te tap nie.

Gepraat van water: Weens die droogte-krisis wat die Wes-Kaap enkele jare gelede ervaar het, het die oordbestuur begin om plaveiblaaie op al hoe meer van die staanplekke aan te bring.

WAT IS JOU INDRUKKE VAN DIE ABLUSIEGERIEWE?

Ek het nog nooit in een van die kere wat ons al hier gekamp het, 'n vuil ablusieblok teëgekom nie. Die geriewe word deurentyd skoongehou en hier is genoeg warm water vir almal omdat elke stort sy eie gasgeiser het. Die kampplek het altesame ses ablusieblokke waarvan twee aparte geriewe vir mans en vroue het. Die res is almal vir albei se gebruik. Elke ablusieblok het ook opwasgeriewe vir jou skottelgoed en hier is selfs 'n bak vir oorskietkos wat aan die DBV geskenk word.



WATTER AKTIWITEITE IS HIER?

Hier is swembaddens (warm en koud), 'n waterwurm, klimrame en trampoliens vir die kinders, en as jy jou hengeltgerei saambring, kan jy in die oord se dam probeer 'n karp, baber of bloukurper aan jou hoek kry. Laat net die vis weer vry.

IS HIER 'N OORDWINKEL?

Hier is 'n kafee wat dinge soos roomys, koeldrank en wegneemetes verkoop, en by die ontvangskantoor is hout en ys te koop.

Kortliks | Montagu-woonwapark



Kampplek 82 staanplekke op gras met 'n kragpunt en braaiplek.

Ablusiegeriewe 6 ablusieblokke wat skoon en netjies gehou word.

Prys R135-R155 p.p.n. afhange van wanneer jy kamp (R80-R90 vir kinders 2-12 jaar). Minimumtarief R270-R420.

Aankoms- en vertrektyd 13:00 en 11:00.

Kontak 082 920 7863

montagucaravanpark.co.za

montagucp@gmail.com

Naaste dorp Op Montagu.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S33.787500 E20.113056

Ry & Sleep sê Hier is 'n ontspanningskamer met 'n grootkerm-TV en pool-tafel.

Bonnievale

By die Bonnievale-rivierlodge kan jy swem, roei en hengel... of sommer net lekker saam met vriende kuier, sê **Evan Lodewyks** van Southfield in Kaapstad.



Vriende van ons wat voorheen hier gekamp het, het die Bonnievale-rivierlodge aanbeveel, en toe ons onlangs in Robertson se omgewing uitspan, het ons besluit om sommer 'n paar dae hier ook te kom staan.

HOE LYK DIE KAMPTERREIN?

Die omgewing is skilderagtig. Hier is groen gras oral, 'n netjiese tuin en die Breërivier vloei langs die oord verby. Die staanplekke is groot met plek vir meer as een tent en genoeg ruimte om te ontspan. Die kampplekke wissel in grootte.

Die plekke langs die water is groter, maar jou kar mag nie op jou staanplek bly nie. Op die terras is die staanplekke effens kleiner, maar van hier af het jy 'n beter uitsig. Dit lyk na die beter staanplekke vir braai en lekker kuier.



WAS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Die badkamers is basies en sonder tier-lantyntjies, maar dit word regdeur die dag mooi skoon gehou. Die water word uit die rivier gepomp en gefiltreer; dus is dit veilig om te gebruik.

WATTER AKTIWITEITE IS HIER OM JOU BESIG TE HOU?

Die oord het 'n swembad skaars vyf minute se stap van die kampterrein af. Hier kry jy leunstoele waarop jy onder 'n gazebo kan ontspan of in die son baai. Hier is kano's

wat jy by die ontvangskantoor kan huur as jy wil roei, maar jy mag nie aan die ander kant van die rivier afklim nie, want dit is private grond.

Onthou jou hengelgerei, want hier is baars, karp en baber (jy moet die vis teruggooi). Maar jy kan ook – soos ons – net kom ontspan en saam met vriende kuier.

IS HIER 'N OORDWINKEL?

Die winkel het die nodigste dinge soos hout, ys, peuselgoed, koeldrank en roomys. Maar as die nood druk, is jy naby genoeg aan Bonnievale.



Kortliks | Bonnievale- rivierlodge



Kampplek 25 staanplekke waarvan die meeste 'n uitsig oor die rivier het.

Ablusiegeriewe Basies en sonder tier-lantyntjies, maar skoon.

Prys Vanaf R160 p.p.p.n. in die stiller seisoen.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 10:30.

Kontak 081 799 2152

 bonnievaleriverlodge@gmail.com

 bonnievaleriverlodge.co.za

Naaste dorp Bonnievale 3 km.

Hoe lyk die pad? Geteer tot by die hek.

GPS S33.943799 E20.077128

Ry & Sleep sê Die oord lê tussen 'n klomp wynplase – gaan proe gerus.



Onrus

Hulle het al die wêreld platgekamp,
en die Onrus-woonwapark is ongetwyfeld
een van die beste munisipale oorde in die land,
sê **Hannes Swanepoel** van Langebaan.



“ Ek en my vrou, Annatjie, is lid van die Suid-Afrikaanse Woonwa-vereniging en het al baie met saamtrekke by Onrus gekamp. Ons sleep 'n Jurgens Penta met ons BMW X5, en Spyker, ons miniatuurobermann, kom kamp altyd saam. Hy het selfs sy eie Sawa-kleure.

'N MENS IS DEESDAE LUGTIG VIR MUNISIPALE OORDE. HOE LYK DIT BY ONRUS?

Hier is regtig nie baie om oor te kla nie. Buiten Sawa-saamtrekke het ons al baie op ons eie hier kom kamp en selfs al 'n semi-voltydse woonwa gehad.

Die groot kommer met munisipale oorde is veiligheid, maar hier by Onrus het hulle die nodige maatreëls ingestel. Hulle het 'n mooi hoë heining opgerig en aan die see se kant is 'n hek by Davies' Pool wat snags gesluit word. 'n Mens voel dus veiliger hier, maar dit is nie te sê jy hoef nie na jou besittings om te sien nie. Goed soos fietse moenie snags buite rondlê nie.

HOE LYK DIE KAMPTERREIN?

Dit is 'n groot oord met digby 240 staanplekke, waarvan 'n goeie 50 of 60 teen die see is. Jy kan egter nie van al dié staanplekke af die see sien nie, want die melk-houtbome groei dig.

'n Mens soek gewoonlik vir jou 'n plek waar jy 'n bietjie koelte kan kry, maar hier soek jy 'n plekkie waar jy 'n bietjie son kan kry. Soos wat 'n mens verwag, groei hier nie gras in die koelte nie, maar in die res van die kampplek is 'n heerlike groen tapyt. Die ander voordeel is dat die wind jou omtrent nooit pla hier nie.

Ek steek my vuur saans aan en dan trek die rook reguit die lug in op. Ons het al reg oor die land gekamp, maar hierdie is een van die beter munisipale kampe wat netheid en instandhouding betref.

IS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Hier is vier ablusieblokke met aparte badkamers vir mans en vroue. Dit is meer as genoeg geriewe vir die staanplekke en 'n mens hoef nie te wag vir 'n storkans nie. Ek sou reken die ablusiegeriewe verdien minstens drie, selfs vier sterre.

WATTER AKTIWITEITE IS HIER OM JOU BESIG TE HOU?

Hier is heelwat restaurante en besienswaardighede in die omgewing, en >



Kortliks | Onrus- woonwapark



Kampplek Digby 240 staanplekke, waarvan 'n goeie 50 of 60 teen die see is.

Ablusiegeriewe 4 ablusieblokke met aparte badkamers vir mans en vroue.

Prys Op aanvraag.

Aankoms- en vertrektyd 11:00 en 10:00.

Kontak 028 313 8000  enquiries@overstrand.gov.za  overstrand.gov.za/en/onrus-caravan-park

Naaste dorp Op Onrusrivier.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S34.4145 E19.1717

Ry & Sleep sê Jy braai op 'n halwe drom wat jy kan skuif tot waar jy hom wil hê, maar jy moet jou eie rooster saambring.

'n mens kan vir jou 'n heerlike dagreis beplan om al die plekke soos Hawston en Gansbaai te sien.

In die oord self is hier nie 'n swembad nie, maar daar is die geboude Davies' Pool buite die hek én hier is gras en bankies waar jy heerlik kan uitspan. En vir

die kinders is hier ook 'n speelplek met 'n klimraam.

IS HIER 'N OORDWINKEL?

Net buite die hek is 'n hele paar winkels waarheen jy sommer kan stap as jy iets nodig het. ”



Kleine Eike

Sowat 9 km buite Greyton, in Riviersonderend se rigting, is 'n plek waar jy heerlik saam met jou gesin in die natuur kan kamp, sê **Nico Heunis** van Durbanville, Kaapstad.



“ Ek en my vrou, Marelize, het besluit om saam met ons twee seuns, Jesse (5) en Jamie (3), én ons hond, Juno, te gaan kamp en het op die internet gaan soek vir kampplekke waar troeteldiere welkom is.

Ons het op Kleine Eike buite Greyton afgekom en dié uitstekende kampplek het ons aangenaam verras.

HOE LYK DIE KAMPTERRAIN?

Die hele kampterrein is langs die Riviersonderend uitgelê, en die lekker ding is almal kamp langs die water. Hier is 15 staanplekke van wisselende groottes, elkeen met 'n kragpunt, kraan, piekniek-bankie en braaiplek.

Die ding wat egter vir ons belangrik is, is die feit dat ons hond mag saamkom.



Jy moet net die oordmense voor die tyd laat weet.

WAS JULLE TEVREDE MET DIE ABLUSIEGERIEWE?

Omdat die kampterrein nog byna splinternuut is, is die ablusieblok dus ook. Dis 'n groot en moderne gebou van klip, beton en sinkplaat met aparte geriewe vir mans en vroue. Elkeen het vier stortkamertjies met genoeg pakplek en hakies vir jou droë goed. Hier is ook opwasgeriewe. Die ablusiegeriewe word oor naweke drie keer per dag skoongemaak. Hier is dus niks om oor te kla nie.

WATTER AKTIWITEITE IS HIER OM JOU BESIG TE HOU?

Hier is nie 'n swembad en waterwurm en dié klas van dinge nie, maar dit beteken nie die kinders gaan sit en tone tel nie. Soos ek vroeër gesê het, kamp jy teen die rivier; dus kan jy in die heerlike rivierwater afkoel wanneer dit warm is.

Bring natuurlik ook jou hengelsingere en kano saam. Hier is onder meer baars, karp en baber wat jy kan haak. Ek en die seuns







het dit baie geniet om hier vis te vang. Jy kamp op die plaas, waar hoofsaaklik met uitvoervrugte geboer word, maar hier is ook perde, beeste en skape. Solank jy jou gedra, het jy toegang tot die hele plaas en jy kan met die oordmense reël as jy die kinders 'n bietjie wil laat perdry.

Dan is hier ook heelwat stap-, draf- en fietsroetes en jy is natuurlik naby aan

Greyton, 'n pragtige dorpie wat beslis 'n dagbesoek werd is.

IS HIER 'N OORDWINKEL?

Nee, maar Greyton is nie te ver as jy iets nodig het nie. Wanneer jy egter hout of ys kort, kan jy met die eenaar, Nic Scholtz, reël en dan kom lewer hy dit by jou staanplek af.



Kortliks | Kleine Eike



Kampplek 15 staanplekke van wisselende grootte, elkeen met 'n kragpunt, kraan, piekniekbankie en braaiplek.

Ablusiegeriewe 1 moderne ablusieblok.

Prys R500 p.n. per staanplek (vir 1-4 mense). Bykomende gaste betaal R120 p.p.p.n. Die kleintjies jonger as 3 jaar kamp gratis.

Aankoms- en vertrektyd 11:00 en 10:00.

Kontak 082 809 9896 info@kleineeike.com kleineeike.com

Naaste dorp Greyton 10 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 10 km is 'n goeie grondpad.


GPS S34.102617 E19.669205

Ry & Sleep sê Sowat 120 mense kan hier inpas, en die kampterrein is só uitgelê dat niemand voor iemand kamp en in mekaar se pad is nie.



Dwarsberg

'n Mens moet vroeg bespreek as jy by Dwarsberg Trout Hideaway buite Rawsonville wil kamp, maar dis deur en deur die wag werd, sê **Annine le Roux** van Kaapstad.



“Dwarsberg se kampplek is op 'n werkende vrugte-en-wynplaas en nét die plek waar 'n mens vir 'n klompie dae kan wegkruip saam met jou mense. En dis minder as twee uur se ry van Kaapstad af.

VERTEL ONS MEER OOR DIE KAMPTERREIN.

Jou staanplek is eintlik 'n kampterrein in die klein met 'n private badkamer. Hier is 11 staanplekke, sommige met plek vir 20 mense, terwyl die ander 'n maksimum van 15 kampeerders kan huisves.

Die staanplekke is baie ver van mekaar af en jy weet nie van jou kampbure verder teen die Holslootrivier af nie.

Ons verkies dit om op nr. 5 te kamp en was gelukkig om met ons laaste besoek weer daar te staan.

Hier is 'n dik mat gras, 'n heerlike swembad rég voor die staanplek en 'n lekker vuurput waar ons om die kampvuur



gekuier het. Die koeltebome is yl gesaai, maar hier is 'n groot afdak waaronder 'n mens teen die son kan skuil.

Ons staanplek is een van dié wat nie krag het nie, maar op sommige van die ander is daar wel kragpunte. Ons het ook twee sakke hout per aand gekry.

Die ander lekker ding is dat jy hier maar jou selfoon kan wegsit. Vir sommige netwerke is hier geen ontvangs nie en ander is swak.

HOE LYK DIE ABLUSIEGERIEWE?

Op nr. 5 is een badkamergebou met 'n stort, toilet en wasbak. 'n Gasgeiser sorg vir die warm water, en buite die deur is die opwasplek vir skottelgoed.

Daar is dubbele geriewe op die staanplekke wat vir 20 mense bedoel is. Op elke staanplek is ook twee vullisdromme.

WAARMEE HOU 'N MENS JOU BESIG?

Om die kampplek lê die plaas wyd en oop, en jy kan die stap- en bergfietsroetes aandurf of in die skoon rivier en poele swem óf jou visgerei bring en kyk of jy



'n forel aan die hoek kan kry. Bring jou voëlboek en verkyker ook saam. Verder is hier 'n magdom wynlandgoedere in die omgewing en jy kan by kelders soos Merwida, Avondrood, uniWines en Kirabo gaan inloer.

IS HIER 'N KAMPWINKEL?

Ja, dit is langs die ontvangsgebou en jy kan hier kom aanklop wanneer jy goed soos koffie, suiker, rakmelk, koeldrank, lekkers en vuur-aanstekers nodig het.



Kortliks | Dwarsberg Trouthaven



Kampplek 11 private staanplekke met plek vir 15-20 mense. Nie almal het krag nie.

Ablusiegeriewe Elke staanplek het sy eie klein badkamer.

Prys R220 p.p.n. (R110 vir kinders tussen 4 en 12 jaar). Oor naweke en skoolvakansies word 'n minimum van 6 gaste verlang.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 023 349 1919 of 082 840 8365

info@trouthaven.gov.za

trouthaven.co.za

Naaste dorp Rawsonville 20 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste kilometer of wat is goeie grondpad.

GPS S33.786852 E19.327612

Ry & Sleep sê Hier is ook 'n bistro waar jy kan kom aansit vir ontbyt en middagete.

Leserskeuse WESKUS & KALAHARI



“ Ek en my vrou, Cara, het albei ons eie mooi herinneringe van Yzerfontein se munisipale kampterrein. Ons ruil soms stories uit van daai eerste soen en kattekwaad in die skoolvakansie.

Dit is seker 15 jaar sedert ek óf sy laas daar was, en daarom het ons besluit om weer daar te gaan kamp en te sien hoe die kampterrein verander het sedert ons jongdae – somer net vir nostalgie.

HOE LYK YZERFONTEIN SE KAMPTERREIN?

Die kampterrein is baie soos ons dit onthou, selfs deur die rooskleurige bril van ons herinneringe. Ons het 'n staanplek naby aan die see gekry met genoeg bome vir koelte.

Dit was maklik om kamp op te slaan, want jy sukkel nie om jou tentpenne in die sand-en-skulpiesgrond in te slaan wat die grootste deel van die kampterrein bedek nie.

Die opvallendste eienskap van ons staanplek was dat ons 'n braai met ons bure moes deel. Hoewel dit seker nie in almal se smaak val nie, was dit vir ons >

Yzerfontein

Die stille eenvoud van die Weskus neem 'n mens terug na vervloë dae, sê **Laudo Liebenberg**, sanger en kitaarspeler van die rockgroep aKING.



opwindend om vreemdelinge te leer ken en vinnig vriende te raak terwyl ons 'n vuur, kole en drankies deel.

Myns insiens is kampmense 'n unieke soort mens met baie dinge in gemeen – hulle is meestal gesellig, mededeelsaam en op soek na dieselfde vreedsame ervaring wat ontspanning betref.

Ek en my vrou het elke dag op die strand gaan lê. As jy ons nie hier raakgeloop het nie, was ons op ons fietse met die kuspadd langs na Yzerfontein se hawe op pad, sowat 2 km suid van die kampterrein.

Hier is restaurante en kroë langs die kuspadd waar jy middagete en drankies teenaan die see kan geniet.

HOE LYK DIE ABLUSIEGIERIEWE?

Hier is vyf ablusieblokke – een grote en vier kleineres. Die toestand van die een naby ons staanplek was heel skaflik, veral as 'n mens in ag neem dit is 'n munisipale kampterrein, maar ek dink tog die ablusiegeriewe kort 'n bietjie aandag, veral omdat dit so 'n gewilde kampplek is.

Jy kry darem 'n persoonlike stel sleutels vir die ablusieblokke.




Dit laat 'n mens veiliger voel as jy of jou vrou in die middel van die nag 'n draai moet loop.

IS HIER 'N KAMPWINKEL?

Hier is 'n algemene handelaar wat stapafstand van die kampterrein se hoofhek af is (dit is op die hoek van Park- en Volstruisstraat). 'n Mens hoef dus nie ver te

soek vir voorraad nie. En dan is daar ook allerhande soorte winkels in Yzerfontein se middedorp.

Ons het 'n heerlike ervaring by Yzerfontein se kampterrein gehad, selfs al was dit 15 jaar ná ons vroeëre besoek. Ons sal dit beslis aanbeveel as jy hou van 'n Weskus-naweek vol samesyn teenaan die see. ”



Kortliks | Yzerfontein-woonwapark



Kampplek 121 staanplekke met braai-plek, water en 'n kragpunt.

Ablusiegeriewe 1 groot ablusieblok en 4 kleineres.

Prys R330-R435 per staanplek vir 4 mense, afhangende van die seisoen. Bykomende kampeerders (maksimum 2) betaal R100 p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 10:00.

Kontak 022 451 2211 swartland.org.za yzftnpark@swartland.org.za

Naaste dorp Op Yzerfontein.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S33.338656 E18.162238

Ry & Sleep sê Jy betaal met jou aankoms R100 as deposito vir die hekskyfie en die ablusieblok se sleutel.



Balie se Gat

Sy verkies rus en vrede, en by Balie se Gat kry 'n mens dit in oorvloed, sê **Susan Skog** van Onrusrivier.

“As jy nodig het om van die stad se dulle gejaag te ontsnap en in die natuur te wees, is Balie se Gat naby Citrusdal 'n gawe bestemming. Hier is nie elektrisiteit óf selfoonontvangs nie; jy het dus net die son (onthou die sonbrandroom, verkieslik faktor 40), die maan en die sterre snags, en stilte en vreedzaamheid. Ek het al 'n klompie kere vantevore hier gekamp en is ook deel van 'n groep stappers en buitelewe-entoesiaste.

HOE LYK DIE PAD TOT HIER?

Die grondpad tot by Balie se Gat is nogal moeilik en bestaan uit klein draaie wat jou afdraande neem tot op die valleivloer. Jy het 'n voertuig met 'n goeie grondvryhoogte nodig, maar viertrek is nie noodsaaklik nie. Op sommige plekke is die pad breed genoeg dat jy kan omdraai of plek maak vir aankomende verkeer. Die Leeurivier vloei deur die vallei en van die pad af kan jy die groot swemgat in die rivier sien.



VOLDOEN DIE STAANPLEKKE EN ABLUSIEGERIEWE AAN JOU VEREISTES?

Hier is meer as genoeg koeltebome en daar is dele waar die gras volop is. Op een staanplek is 'n groot rots, Boesmanklip, wat nie net vir skaduwee sorg nie, maar ook beskerming teen die wind. Die ablusiegeriewe is netjies en skoon en heel voldoende, selfs toe ons in 'n groot groep hier kom kamp het. Die gasgeisers maak die water heerlik warm.

Hier is ook twee selfsorgchalets.

WAARMEE HOU JY JOU BESIG?

Ons was heeldag in die swemgate in die rivier, veral die een die naaste aan die kampterrein. 'n Entjie weg van dié swemkol af is 'n klein waterval, en as 'n mens onder dit sit, voel dit of jy gemasseer word. Die groot waterval is heelwat verder van die kampterrein af, maar dit is die moeite werd om soontoe te stap. Ons het ook die roete in die kloof gaan stap en in die klein poele langs die pad afgekoel. >



Jy hoef egter nie in die swemgate te gaan swem nie, want hier is ook 'n swembad in die kampterrein. Ons het ook tuinkrieket gespeel op die grasperk. Vir 4x4-geesdriftiges en bergfietsryers is hier heelwat roetes in die omgewing.

IS HIER 'N WINKEL?

Die eienaars, Marius en Yvonne Bothma,

het 'n winkel-op-wiele wat onder meer ys, hout, droëvrugte, tuisgemaakte konfyt, blikkieskos en heuning verkoop – dit is amper soos 'n padstal!

Jy kan ook roosterkoek by hulle bestel. Dit was oestyd toe ons hier gekamp het en ons kon geelperskes pluk. Vir vleis en drinkgoed gaan jy egter dorp toe moet ry.



Kortliks | Balie se Gat



Kampplek 4 staanplekke op gras met koelte.

Ablusiegeriewe 1 skoon en netjiese ablusieblok.

Prys R140 p.p.n. (R70 vir kinders; gratis vir o.10's), en klein hondjies kan saamkom teen R35. Gesels egter eers met die eienaars om te hoor of jou brakkie klein genoeg is.

Aankoms- en vertrektyd In die besige tye 13:00 en 11:00.

Kontak 023 001 0810 admin@baliesgat.co.za baliesgat.co.za

Naaste dorp Op-die-berg 35 km.

Hoe lyk die pad? Jy het 'n ryding met 'n goeie grondvryhoogte nodig vir die laaste deel van jou reis.

GPS S32.746130 E19.291545

Ry & Sleep sê As jy in die week kom kamp, kry jy 15% afslag.

Marcuskraal

As jy 'n lid van 'n 4x4-klub is, behels jou kampnaweke gewoonlik 'n veldryroete. Dis presies wat **Llewellyn Pieterse** van Parow-Noord in die Sederberg gaan soek het.



“ Ons is lid van die Wes-Kaapse Veldrykampeerklub (oftewel die Western Cape Off-road Camping Club) en kamp gereeld saam in 'n groep.

Ek en my vrou, La Tanya, het onlangs ons Conqueror Companion aan ons Toyota Prado gehaak en by die Marcuskraal-4x4-kampterrein gaan uitspan.

Ons seuns, Jason en Kyle, dogter, Stephanie, en haar kêrel, Jonty, het later by ons aangesluit. Ons vriende Roland en Marlow Straub en hulle drie seuns, Jared, Jordy en Joshy, asook Chris en Claudia Sobolewski en hulle dogter, Mila, het ook saam kom kamp.

Marcuskraal is sowat 20 km anderkant die Citrusdal-afdraai op die N7, skaars twee uur se ry uit die Kaap.



VERTEL ONS MEER OOR DIE KAMPTERRAIN.

Dit lyk soos 'n oase met 'n skoon en sprankelende swembad en pragtige groen grasperke en palmbome – presies die plek waar jy met 'n koue drankie teen die son kan skuil. Al die staanplekke is met gras bedek en is groot genoeg vir 'n goeie mate van privaatheid.

As jy nie 'n wa of kamptoerusting het nie, kan jy ook in een van die selfsorg-chalets plek bespreek. Elkeen van hulle het sy eie borrelbad op die stoep.

Die ablusiegeriewe is modern en word regdeur die dag skoongehou.

HOE BRING 'N MENS JOU TYD HIER DEUR?

Die swembad is onweerstaanbaar, maar dit is ook lekker om die wêreld te gaan verken. Hier is heerlike veldrygeleenthede in die Sederberg en 'n mens kan hoog teen die berg uitry en dan die uitsig oor die vallei geniet waarin die kampterrain lê. Jy sien selfs die Atlantiese Oseaan.

Hier is 'n klimraam vir die kinders en staproetes waarop jy kan gaan stap. Ons het alles saamgebring, maar as jy iets nodig het, is daar 'n vulstasie op die N7 tussen Citrusdal en die afdraai na Marcuskraal.



Kortliks | Marcuskraal



Kampplek 15 afgebakende staanplekke met krag, water en braaiplek.

Ablusiegeriewe 2 ablusieblokke met aparte geriewe vir mans en vroue.

Prys R140 p.p.p.n. (R100 vir kinders 2-12 jaar; gratis vir die heel kleintjies).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 082 551 1668 marcuskraal.co.za info@marcuskraal.co.za

Naaste dorp Citrusdal 25 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot op die plaas.

GPS S32.439352 E18.942330

Ry & Sleep sê Hier is hout en ys beskikbaar en dit werk op die eerlikheidstelsel.

NOU TE KOOP!

Berei jou trokkie voor vir avontuur!



**Weg!
Ry & Sleep**

Kom meer te wete oor 4x4-onderdele,
toebehore en veldryuitdagings in die natuur.



HOOGS AANBEVEEL

Handgemaak om te hou!

4 Groottes beskikbaar

Self-opblaas



Tel: 021 976 3924

Sel: 082 3456 878

info@carmaquip.co.za

www.carmaquip.co.za



GELEE LANGS DIE OEWER VAN DIE VAAL RIVIER!

GPS: S26.51.74' & E27.28.11'

3 x Swembaddens, Sportskroeg & onthaalsaal.
Speelpark, visvang & kaai vir die bote. Stap & Fietsry roetes
6 x 4-Persoon Chalets
10 x 6-Persoon Chalets
39 x Tent/ Karavaan Staanplekke

MID-WEEK TARIEWE OOK BESKIKBAAR!!!

BESPREKINGS: 082 312 4123 |

EPOS: info@umfula.net | WEB: www.umfula.net |



DUBE
PRIVATE GAME RESERVE

MIDWEEK, SPESIALE AANBOD:
KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG
SLEGS 2 PERSONE R650,00


EENHEDE, SPESIALE AANBOD:
BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG
SLEGS 2 PERSONE R2 140,00

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied

- Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits.
- Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer.
- Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild
- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazyriver" • Waterglybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 / +27 82 375 6179

E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za • **Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za**






Vakansiebeplanning vir die hele familie kan nogal 'n tawwe toffie wees. Gelukkig bied Forever Resorts 'n wye verskeidenheid aktiwiteite! Van ontspannende spa-sessies, visvang en putt-putt, tot water-aktiwiteite, swembaddens, wildritte en vele meer – **FOREVER HET WERKLIK IETS VIR ALMAL!**



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER TSHIPISE:**

Rumatiek Bad | Wildritte | Wandelpaaie | Perderitte |
Kinderpretpark | Koue & Warm Swembaddens | Restaurant |
Plons-Poel


Besoek www.forevertshipise.co.za vir 'n volledige lys
van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER BLYDE CANYON:**

Wandelpaaie | Perderitte | Kadise Restaurant & Kroeg
| Troues | Konferensies | Partytjies | Spanbou | Koue
Swembad | Geriefswinkel | Drankwinkel

Besoek www.foreverblydecanyon.co.za vir 'n volledige
lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER SWADINI:**

MTB & Wandelpaaie | Plons-Poel | Warm Swembad | Koue Swembad | Restaurant | Chip 'n Dip | Dog Box Pub & Grill | Jive Café


Besoek www.foreverswadini.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER BADPLAAS:**

Hidro | Spa | Waterglybaan | Rinkhals | Swembaddens | Natuurreservaat | Wildritte | MTB Roetes | Staproetes | Perderitte

Besoek www.foreverbadplaas.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER PHALABORWA SAFARI PARK:**

Voëlkyk | Kamp & Karavaanplekke | Rotspoel | Safari Toere | Bootritte


Besoek www.phalaborwasafaripark.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER GARIEP:**

Visvang | Motorboot | Seilboot | Kano's | Bootritte | Swembad | Kinderswembad | 4x4-roetes | Staproetes


Besoek www.forevergariep.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER LOSKOPDAM:**

Visvang | Bootritte | Spa | Kamp & Karavaanplekke | Koue & Warm Swembaddens | Wandelpad | Voëlkyk | Restaurant | Troues

Besoek www.foreverloskopdam.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER PLETTENBERG:**

Visvang | Motorboot | Kano's | Ferry-ritte | Roeibootjies | Wandelpaaie | Voëlkyk | Swembad | Plons-Poel

Besoek www.foreverplettenberg.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER ISİYALA:**

Voëlkyk | Swembad | Wildritte | Wildkyk | Wandelpaaie | Spanbou | Konferensies | Troues

Besoek www.foreverisiyala.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER WARBATHS:**

Kinderswembad | Waterglybaan | Water Park | Borrelbad | Spoedglybaan | Branderpoel | Rivierritte | Hidro | Spa

Besoek www.foreverwarmbaths.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



VAN DIE AKTIWITEITE BY **FOREVER MATOMBU:**

Voëlkyk | Koue Swembad | Wildritte | Wildkyk | Uitkykpunt | MTB-roetes | Natuurreservaat | Konferensies | Troues

Besoek www.forevermatombu.co.za vir 'n volledige lys van aktiwiteite.

TEL: +27 (0) 12 423 5600

E-POS: info@foreversa.co.za

WEBTUISTE: www.foreversa.co.za





Nooitgedacht-forellodge



Jy kry plekke waar die vissies heeldag byt... en dan kry jy 'n plek soos die Nooitgedacht-forellodge waar jy jou kamp reg langs 'n vistelery opslaan. Dié telery is net anderkant Lydenburg en bestaan al langer as 'n halwe eeu. Nooitgedacht se kampplek is 'n entjie van die broeiplaas af, teen die Spekboomrivier.

Die enigste voorwaarde om Nooitgedacht te besoek is 'n voertuig met hoë grondvryhoogte: Die laaste 16 km tot by die kantoor is grondpad, en op die 1,5 km van hier af tot by die kampplek moet jy oor drie waterhindernisse kan kom.

Die kampplek self is 'n netjiese grasperk.

Die rivier met sy skoon water vorm die een grens, en tussen jou en die veld is 'n klompie bome rondom die grasperk geplant. 'n Gemesselde braaiplek is omtrent in die middel van die grasperk gebou, en langsaan staan 'n ronde vuurput van klip as julle ná ete oor die dag se vangs wil spog.

As meer as twee gesinne bespreek, hou die eienaars die plek uit vir jou en jou mense. Hier is plek vir tot 30 gaste.

Jy moet selfversorgend wees, want hier is nie krag nie en ook geen selfoonontvangs nie. Jy hoef darem nie koud te stort nie, want in die badkamer sorg 'n gasgeiser vir warm water.

Kortliks | Nooitgedacht-forellodge



Vis Bruin- en reënboogforel.

Kampplek 1 groot grasperk teen 'n rivier met plek vir tot 30 mense.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou met warm water.

Prys R200 p.p.p.n. (R150 vir kinders; gratis vir o.2's).

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak 071 088 0606 nooitgedachttroutlodge.co.za enquiries@nooitgedachttroutlodge.co.za

Naaste dorp Lydenburg 22 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 16 km is grondpad, en jy moet deur 3 waterhindernisse ry om by die kampplek uit te kom.


GPS S25.067153 E30.574511

Ry & Sleep sê Troeteldiere is welkom, maar reël vooraf.




As jy vliegengel geniet, gaan jy in die sewende hemel wees. Jy kan teen die rivier kamp opslaan en omtrent uit jou kampstoel hengel. Diegene wat wil hengel, moet wel 'n eenmalige hengeltarief van R350 betaal. Die vang-en-laat-gaan-reël geld, en as die vis per ongeluk seergekry het, moet jy hom neem en vir die vis betaal.

Die kamp is langs die Nooitgedachtdam, een van die twee groot damme op die plaas. Hier kan jy ook lyn natmaak – en as jy dan nóg nie genoeg gehad het nie, is daar nog drie kleiner damme.



Visvangoord SENTRAAL-NOORDE



Gasteplaas Hartebeesfontein

Dis nie aldag dat 'n mens 'n hele kampplek net vir jouself en jou mense kan bespreek nie. Hartebeesfontein, net anderkant Mookgophong in Limpopo, is so 'n plek – en dan kamp jy nog teenaan 'n dam.

Die Bad se Loop-stroom ontspring op die plaas van 800 ha en die eienaars het 'n hele paar keerwalle in die stroom gebou waar die water opdam. Soos jy aangery kom, kan jy langs een van die heel linkerkantse damme kamp. Dié dam is ongeveer 40 jaar oud en het 'n oppervlakte van 7 ha (afhangend van die watervlak).

'n Mens slaan op die westelike oewer van die dam kamp op. Agter jou is 'n sitrusboord, en tussen die waters en die boord 'n paar groot ou koeltebome en 'n netjiese grasperk. Jy kan jou staanplek inrig waar dit vir jou gerieflik is, want hier is nie afgebakende staanplekke nie. Maar as jy afhanklik is van krag, hou naby die grasdaklapa wat omtrent in die middel van die grasperk staan. Die kombuis is ook deel hiervan en het 'n opwasgedeelte, yskas en gasstoof (bring jou eie gassilinder). Verder is die badkamers met geriewe soos 'n stort, bad, >



toilet en wasbak ook hier. As jy net vinnig 'n draai wil loop of afspoel, kan jy die buite-toilet of -stort gebruik.

Tussen die lapa en die waters is 'n ronde betonblok waar jy veilig jou lekker groot vuur kan stook – jy is immers nou op 'n plaas. Jy mag ook van die braaigeriewe met hulle roosters gebruik as jy nie jou eie saamgebring het nie.


Die damme se visgetalle word jaarliks aangevul, maar dit wat jy vang, moet weer terug water toe – wat beteken jy het 'n beter kans om een van die groter menere aan wal te kry. Vir die hengelaars wat dit rustig wil

vat, kan jy jou karpstokke uitpak, maar hier is ook kurpers en swartbaars wat 'n groter bohaai maak as hy 'n hoek in die bek kry. As dit voel jy het 'n dooie gewig gehaak, wees maar rustig, want die damme het ook babers.

Al is hier nie 'n swembad nie, is jy welkom om in die water af te koel.

Hartebeesfontein is veral gewild in vakansietye en oor langnaweke. Maar jy sal vroeg moet spring vir plek. Die kampplek is ruim genoeg vir 30 kampeerders, maar as jy bespreek, word die plek vir jou en jou mense uitgehou.

Kortliks | Gasteplaas Hartebeesfontein



Vis Karp, swartbaars, baber en kurper.

Kampplek Plek vir tot 30 mense op 1 groot grasperk met koelte teenaan 'n dam.

Ablusiegeriewe 'n Netjiese badkamer, kombuis en grasdaklapa – alles mooi bymekaar.

Prys R100 p.p.p.n. (R50 vir laerskool-leerlinge; gratis vir die voorskoolse outjies). Afhangend van die seisoen geld 'n minimumtarief van R400-R1 000 p.n. Jy moet ook vir minstens 2 nagte bespreek, vir 'n minimum van 4 mense (maksimum 10).

Aankoms- en vertrektyd Die tye verskil na gelang van die seisoen en hoe besig dit is. Tref reëlins met die plaas se mense.

Kontak 073 041 4353

denemuller2@gmail.com

Naaste dorp Mookgophong 22 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 15 km is grondpad, maar 'n mens kan 'n gewone padwa sleep mits jy dit stadig vat.

GPS S24.543154 E28.558207

Ry & Sleep sê Onthou, die damme se watervlak is afhanklik van die reën-seisoen. Hier is wel al 'n hele paar kne-wels uitgetrek, waaronder 'n karp van 15 kg en 'n swartbaars van 3,6 kg.





Bush 'n Buck- private wildplaas

Bush 'n Buck is 'n pynlik netjiese kampplek net buite Brits. Die staanplekke van hierdie lieflike stukkie bosveld is op 'n groen grastapyt weerskante van twee reguit paaie uitgelê.


Elke staanplek het 'n eie kraan – van hulle is gemerk vir drinkwater en ander vir tuinwater. Die staanplekke is duidelik genommer langs 'n lig op 'n hoë paal, en word met kniehoog stompe afgebaken. Elkeen het 'n los staalbraai en vullisdrom, en die gras is mooi netjies gesny.

Die bome is nie te groot nie, maar staanplek nr. 11 het 'n ordentlike koelteboom.

Hier is vier badkamers reg oor die kampplek versprei – dit maak nie saak waar jy kamp nie, jy is altyd stapafstand van 'n badkamer. (Hier is nie simbole vir mans en vroue nie; al vier badkamergeboue bestaan uit 'n klompie private gesinsbadkamers – vier van hulle het baddens en die res storte.) Elke badkamer het sy eie donkie wat sorg vir warm water en daar is ook 'n opwasplek langs elkeen.

Die 9 private staanplekke met hulle eie badkamergeriewe is nuut en op die verste punt van die kampplek.

Hier is 'n algehele ryverbod in die oord. Jy mag wel met jou kar tot by jou kampplek ry, maar niks verder nie – ook nie om te gaan wild kyk nie. Langs die ontvangsgebou is 'n lang gebou vol gholfkarretjies. As jy wil



gaan rondrits, moet jy een van dié karretjies huur. Dit kos R125 per uur vir 'n tweesitplek-model en R225 vir een met vier sitplekke – bespreek by die ontvangsgebou.

Hier loop 'n hele klompie wildsbokke op die plaas van 120 ha rond, en jy mag tussen seweur soggens en seweur saans gaan

wildkyk. Dalk sien jy koedoes, rooihartbeeste en sebras, of dalk blouwildebeeste of rooibokke... en, wie weet, dalk selfs 'n Mosambiekse spoegkobra.

Hier is ook 'n dam met 'n voëlskuiling langsaan waar jy kan kyk of jy een van drie soorte vis – swartbaars, karp en baber – >

kan uittrek. Geniet dit wanneer jy daardie vis aan die hoek kry, maar onthou, hy moet weer terug water toe.

Die swembaddens – twee koud en een onderdakswembad wat verhit word – is seker so 150 treë van die kampplek af. So ook die minigholfbaan en tennisbaan. Hierdie is 'n behoorlike pretpark vir die jong

klomp met enigiets van klouterplek, swaai en trampoliens tot 'n opelugskaakbord en twee glybane.

Die kiosk is oop van 08:00 tot 17:30, en buiten snoepgoed soos lekkergoed, koeldrank en roomys, kan jy ook wegneem-etes bestel vir daardie hol kolletjie vóór vanaand se braai.

Kortliks | Bush 'n Buck



Vis Swartbaars, karp en baber.

Kampplek 62 gelyk staanplekke op gras met krag waarvan 9 luukse staanplekke is met hulle eie badkamergeriewe.

Ablusiegeriewe 16 private badkamers vir die gemeenskaplike staanplekke en 9 badkamergeboue by die private staanplekke.

Prys Afhangend van die seisoen R470-R510 p.n. per staanplek vir die

gewone staanplekke en R510-R640 vir die private staanplekke. Dié tariewe is vir 5 mense.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 11:00.


Kontak 082 772 4747 bushnbuck.com info@bushnbuck.co.za

Naaste dorp Brits 37 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die oord en netjiese grondpad binne die oord.

GPS S25.374499 E27.587810

Ry & Sleep sê Die oord is net oop oor naweke en langnaweke, en in vakansietye. Jy mag vir 'n spesifieke staanplek vra wanneer jy bespreek.



Bass Lake



Dis nie alte dikwels dat 'n mens die woorde “kamp” en “weelde” in een asem hoor nie, maar tog is daar al hoe meer oorde wat hulle toespits op die gemak van kampeerders, veral in die noorde van Pretoria.

Die 34 netjies afgebakende staanplekke is weerskante van twee “hoofstrate” uitgelê en elkeen het 'n netjiese randsteen rondom met 'n bedding langsaan.

Die groen tapyt van buffelsgras op die staanplekke is trouens plat genoeg om enige rolbalgeesdriftige se hart vinniger te laat klop. Net soos die heining is van die bome tussen die staanplekke nog aan die jong kant, maar die staanplekke in die westelike ry het 'n paar groot koeltebome nefe hulle wat sorg vir heerlike skaduwee in die middag. Terloops, staanplek nr. 28, 29 en 30 is die beste vir mense in 'n rolstoel, want die badkamergeriewe wat vir rolstoel aangepas is, is digby. Die meeste staanplekke is groter as 100 m².



Die kragpunte is tussen die staanplekke in die beddings; elke punt met sy woonwatipe sok word tussen 2-4 staanplekke gedeel, en afhangende waar jy jou wa op die staanplek staanmaak, gaan jy 'n verlengkoord van 10-15 m nodig kry. Die kraan en vullisdrom deel jy met jou buurman.

Langs die ontvangslokaal is 'n winkeltjie met 'n soetigheid vir iedereen.

Die twee badkamers is aan teenoorgestelde punte van die kamp geleë. Die wasbakke staan op 'n marmerblad, en teen die muur hang spieëls waarvan die rame selfs 'n Van Gogh-skildery tot sy reg sal laat kom. Nie net is die afwerking uit die boonste rak nie, maar die badkamer is ook prakties: Op die punt, langs die groter wasbakke, is die marmerblad laer, met

'n eie spieël daarby, spesiaal vir die kinders.

Die storthokkies is meer soos jou eie storkamer. Jy het genoeg hangplek vir jou klere met 'n bankie aan die droë kant en 'n glasdeur aan die storkant.

Langs die vrouegeriewe is 'n gesinsbadkamer vir almal, en al twee badkamers het 'n onderdakopwasplek.

Hier is ook 'n private boskamp as jy en van jou kampvriende saam 'n laer wil trek. Dis eenkant en so 300 m weg van die gewone staanplekke af. Hier is genoeg kampplek vir vier gesinne, en al is dit 'n boskamp, is hier drie kragpunte (ook die blou prop). Boonop het dié kamp sy eie moderne badkamergebou wat netjies met die omgewing saamsmelt en bestaan uit 'n stort, toilet en opwasgedeelte.

Kortliks | Bass Lake



Vis Swartbaars en kurper.

Kampplek 34 groot, gelyk en afgebakende staanplekke op lieflike gras, plus 'n private boskamp vir tot 4 gesinne.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue wat jou soos 'n koning laat voel by die algemene staanplekke, en 'n badkamergebou in die boskamp.

Prys Afhangend van die seisoen en spesifieke dag R300-R750 p.n. per staanplek vir die eerste 4 mense by die gewone staanplekke, plus R60-R150 p.p. daarna (maksimum 6 mense). R1 125-R2 100 p.n. vir die boskamp (vir tot 16 mense en 4 voertuie).

Aankoms- en vertrektyd In spitstye 12:00 en 12:00, maar tye verander na gelang van die seisoen.

Kontak 012 735 1650 info@basslakelodge.co.za

Naaste dorp Cullinan 26 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2,5 km is 'n grondpad wat goed genoeg is vir 'n gewone padwoonwa.

GPS S25.51502 E28.48862

Ry & Sleep sê Van Mei tot Augustus kan jy nou ook forel hier vang.



Wonderland 45

Dit is nie dikwels dat 'n mens hoor van 'n kampplek waar al die staanplekke rondom 'n hengeldam uitgelê word nie.

Wat die kampplek vir hengelaars nóg unieker maak, is die verskeidenheid varswatervis wat jy kan vang. Jy kyk na swartbaars, baber, kurper en karp en, glo dit of nie, ook forel. Wanneer laas het jy soveel uiteenlopende vis by een oord teëgekom? Dis behoorlik die varswaterviswêreld se eie Groot Vyf op een erf.

Wanneer jy die kampplek binnery, is die badkamers direk voor jou, met die eerste ry van nege staanplekke links langs die eerste dam – 110 m lank, 15 m breed en 3 m diep – waar jy kurper en forel kan uittrek. Al die staanplekke in die oord het 'n eie braaiplek met 'n rooster, kragpunt, kraan en lig.

Voor die badkamers is 'n vierkantige dam, die sesde een in die oord, maar hier word visvang nie toegelaat nie. Dit is ook net 1 m diep en heerlike speelplek vir die jong klomp as hulle begin tone tel in die

Kortliks | Wonderland 45



Kampplek 25 staanplekke op gras langs verskeie damme. Hier is nie veel koelte nie. Staanplek nr. 1-11 en nr. 20 is groot genoeg vir woonwaens en ryhuise.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou digby die ingang van die oord.

Prys R130 p.p.p.d. (R65 vir hoër- en R35 vir laerskoolkinders; gratis vir die kleintjies) plus R95 p.n. vir die staanplek. Tot 6 mense per staanplek word toegelaat, behalwe op staanplek nr. 20 – dié het plek vir 12 mense.

Aankoms- en vertrektyd 07:00 en 10:00.

Kontak 081 878 5891

wonderland45.co.za

admin@wonderland45.co.za

Naaste dorp Pretoria 20 km (van die Lynwoodweg- en Solomon Mahlanguweg-kruising)

Hoe lyk die pad? Die laaste 1,5 km is 'n skaflike grondpad.

GPS S25.875171 E28.492105

Ry & Sleep sê Die hengel vir forel en kurpers is seisoensgebonde: April tot die einde Oktober vir forel, en November tot April vir kurper.





kampplek. Die ander speelplek – 'n parkie – is langs die eerste dam en het onder meer 'n ronde opslaanswembad en 'n paar swaaie. Hier is selfs 'n paar plaasdiere wat jy oor naweke en op vakansiedae kan help kosgee. Dit sluit in bokke, skape, emoes, hoenders, hase en donkies.

Hiernaas is drie staanplekke, geleë langs die volgende dam, wat byna rond is (42 m breed, 34 m lank en 8 m diep) en forel, karp en kurper het. Die volgende dam lê in die lengte voor die eerste, met vyf staanplekke

nader aan die verste punt. Hierdie dam, met forel en kurper, is uitsluitlik vir die vlieghegelaars (slegs in die winter) en is 35 x 80 m groot en 6 m diep.

Die laaste twee damme lê ook in die lengte naas die vlieghegeldam, met agt staanplekke netjies in 'n ry tussen die twee. Die een die verste van die hek af is 150 m lank, 60 m breed en op 10 m die diepste van almal. Hier kry jy al die vis in die oord behalwe forel. Die dam langsaan is byna net so lank (130 m) maar is eerder opgedamde water van die Boschkoprivier wat 'n kilometer stroomop ontspring. Dié dam is 25 m breed en 3 m diep, en is die tuiste van karp, baber en swartbaars.

Vir al die visse geld die vang-en-laat-gaan-reël, maar as die vis seergekry het, moet jy hom vat, en afhangend van watter vis dit is, daarvoor betaal. Die kurpers is wel die uitsondering op dié reël: Hulle mag jy huis toe neem en per kilogram daarvoor betaal. Dieselfde geld ook vir die forel wat jy met aas vang. Maar as jy een met die vlieghegelmethode vang, kan jy hom weer laat gaan.



Visvangoord
VRYSTAAT TOT OOSKUS

Bassfeather Country-lodge

Die Bassfeather Country-lodge lê teenaan die Langspruit net buite Reitz in die Noordoos-Vrystaat.

As jy van die Reitz-pad afdraai, loop die spruitjie so 'n halwe kilometer regs van die netjiese grondpad tot waar 'n damwal gebou is. Die eienaar, Manie Fichardt, het die wal amper 40 jaar gelede hier in die spruit gebou juis met die gedagte om 'n plek op die been te bring waar mense rustig kan ontspan. Van hier af dam die water uiteraard op met Bassfeather aan die ander kant teen die oewer. Anders as op die Vrystaatse vlaktes rondom jou, is koel-tebome hier volop, en die netjiese grasperk strek tot teen die water.

Hier is 23 staanplekke, en hoewel hulle genommer is, word geen plekke vooraf toegeken nie. Elkeen van die gemesselde braaiplekke (elk met sy eie rooster) gee jou 'n aanduiding van waar jy kan kamp opslaan; hoe vroeër jy dus opdaag, hoe >





beter is jou kans om die beste kampkol te kry – veral as jy op een van die 14 staanplekke teenaan die waters wil kamp. Hier staan ook 'n paar vullisdromme elk met 'n swartsak wat elke dag vervang word.

Die badkamers is ewe netjies. Die storte en baddens is skoon en hier is genoeg badproppe en toiletpapier – daar is selfs hande-wasseep en handeroom.

Die kinders kan reguit vir die parkie en kouwaterswembad skiet, terwyl die hele


gesin saam 'n entjie kan gaan stap om die natuur te geniet.

Jy kan agter die oord teen die rantjie uitstap van waar 'n mens 'n mooi uitsig kry oor die omgewing. As jy gelukkig is, gaan jy blesbokke, swartwildebeeste, sebras of volstruise in die veld sien.

Natuurlik is hier 'n hele klompie voëlspesies naby die water, maar hou jou oë oop, want dalk is jy gelukkig om 'n verkleurmannetjie raak te loop.



Kortliks | Bassfeather Country-lodge



Vis Swartbaars, baber en karp.

Kampplek Onafgebakende staanplekke vir 23 woonwaens op 'n lieflike grasperk met heelwat koeldebome.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou.

Aan die manskant is 2 storte en 3 toilette, en aan die vrouekant dieselfde, maar met 2 ekstra baddens.

Prys Afhangend van die seisoen R200-R220 p.n. per staanplek plus R80 p.p.p.n. (R40 vir kinders o.12; gratis vir o.6'e).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak 082 378 6991 info@bassfeather.com

Naaste dorp Reitz 9,6 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste kilometer is 'n puik stukkie grondpad.

GPS S27.812397 E28.504346

Ry & Sleep sê Hengel is gratis, maar laat gaan die groter visse wat jy haak.



Uithoek-vakansieoord

Die Oos-Vrystaat is seker die bekendste wegkomplek in dié provinsie, en dit is waar 'n nuwe kampplek op die been gebring is. Die Uithoek-vakansieoord lê tussen Fouriesburg en Bethlehem en is nét die plek om 'n stukkie vrede in die natuur op te soek.

Die kampplek lê aan die noordelike voet van die Ventersberg, en jy ry die kampplek binne met 'n netjiese plaveipad. In die middel van die kampplek, tussen die staanplekke, is twee ablusieblokke. Dit is sandsteenwêreld dié, en 'n mens sien dit ook as jy na die badkamers kyk, want dit is met soliede blokke gebou. Hier is warm water en 'n opwasplek.

Die swembad is op die verste punt en hier is ook drie lapas vir koelte. Die kampplek self is een groot grasperk met verskeie mooi koeltebome. Elkeen van die 60 afgebakende staanplekke is 12 x 12 m groot en het sy eie driepunktkragpunt, kraan en losstaande braaier.

Links van die kampterrein is twee damme. Dis hier waar jy kan kyk of jy 'n swartbaars of karp kan uittrek, maar onthou, die vis moet teruggegooi word. Die damme se watervlak is afhanklik van die reënval, wat beteken dit is beter om



in die somermaande lyn nat te maak.

As die visse effens traag is, kan jy aan jou dryfhoue skaaf. In die middel van die eerste dam is 'n eiland met 'n gholfstel. Jy hoef darem nie jou gholfstel saam te piekel nie, want die oordmense sorg vir 'n stok en balle.

As jy deur die plaashek is, is die kans goed dat jy 'n paar wilde diere gaan sien – dié vlaktes is natuurlik swartwildebeeswêreld, maar jy kan ook springbokke, volstruise, gemsbokke, waterbokke en sebras verwag.

Buiten hengel en wildkyk is hier meer as genoeg om jou besig te hou. Stap die rantjie uit op een van die twee staproetes of spring in jou veldryer en durf die 4x4-roete aan.

Kortliks | Uithoek-vakansieoord



Vis Swartbaars en karp.

Kampplek 60 staanplekke op 'n grasperk met heelwat koeltebome.

Ablusiegeriewe 2 netjiese badkamergeboue tussen die staanplekke.

Prys R100 p.n. per staanplek plus R100 p.p.p.n. (R50 vir kinders o.12; o.3's gratis).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 072 660 0840 of 079 525 0401

uithoek.com info@uithoek.com

Naaste dorp Fouriesburg 11 km.


Hoe lyk die pad? Die laaste 2,5 km is 'n skaflike grondpad waarop jy 'n gewone padwa kan sleep.

GPS S28.542495 E28.213146

Ry & Sleep sê Honde van 15 kg en minder word hier toegelaat.



Dwesa-natuurreservaat



Die kampplek is in die ruigtes digby die see en in die vorm van 'n klawerblaar uitgelê. Die staanplekke het boonop 'n lieflike grastapyt.

Die groep staanplekke links in die kampplek, wat in 'n ry langs mekaar uitgelê is, gee jou die meeste privaatheid. Na die middel toe is staanplekke in 'n kring (langs 'n oop kol gras). Van dié staanplekke af loop 'n hangbrug oor 'n stroompie na die ander kampdeel op 'n grasvlakte met bome rondom. Van hierdie staanplekke is in die oopte en die res onder die bome.

Die badkamers is langs die middelste staanplekke en 'n stywe stappie van die ander staanplekke af. As jy hier in die middel kamp, moet jy dus vrede maak met die badkamerverkeer. By die regterkantse kampplek is 'n houtgeboutjie met ekovriendelike toilette – dis nou as jy nie al die pad

met die hangbrug oor die stroom badkamer toe wil stap nie.

Jy braai op 'n heel nuwe gemesselde braaiplek, maar moet jou eie rooster saambring. Die braaiplek het 'n kant vir jou en vir die buurman. Die krane staan weggesteek in die bosse en die amptenare sê dis veilig om die kraanwater te drink.

Die toegang tot die strand is regs net voor jy die kampplek binnery – omtrent 500 m ná die kantoor. Omdat Dwesa deel is van 'n bewarea, mag jy nie sommer enige plek hengel nie.

Drie sones is spesifiek hiervoor geoormerk: Dis van die strand in die suidelike gedeelte af, en dan twee sones in die noordelike gedeelte. Jy moet natuurlik 'n hengelpermit by jou hê. In elk van die sones word tot 6 hengelaars per dag toegelaat, maar nie meer as 12 in totaal nie.

Kortliks | Dwesa-natuurreservaat



Vis Kabeljou, bruinhottentot, elf, harder, strepie, knorder, galjoen, Kaapse stompneus, bloupylstert en skotsman.

Kampplek 40 genommerde staanplekke op gras en met koelte. Die meeste van hulle het 'n braaiplek, maar geen krag nie.

Ablusiegeriewe Basies en oud.

Prys Afhangende van die seisoen R281 of R305 p.n. per staanplek (hoogstens 6 mense per staanplek).

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 043 492 088

visiteasterncape.co.za/parks/dwesa/


info@ecpta.co.za

Naaste groot dorp Idutywa 78 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 47 km is 'n klipperige grondpad met slegte en steil dele. Hier kan jy nie met 'n voorwiel-aangedrewe voertuig sleep nie.

GPS S32.310088 E28.827139

Ry & Sleep sê Die vang-en-vrylaatreël geld. Jy mag een vis per dag hou, maar nie met die vis by die hek uitry nie. Dit geld ook net vir vier dae per maand van jou kwota.



Trennerys-hotel



Die Trennerys-hotel is teen 'n bult gebou met die kampplek aan die voet daarvan, aan die see se kant. Kyk sommer met die aankomslag mooi wat alles by die kantoor is, want jy gaan meer as een keer van jou kampplek af hierheen stap. Die wassery, winkel, speelkamer, kroeg én swembad is alles hier bymekaar.

Van die kantoor af maak die pad 'n slap draai na regs teen die bult af en loop dan tot in die kampplek op 'n terras onder die speelparkie.

Die onafgebakende staanplekke is nie genommer nie. Hulle is in 'n sirkel uitgelê en die kantoormense sê vir jou waar jy moet staan. Agt van die staanplekke is langs mekaar aan die rand van die sirkel, met die ander twee in die middel daarvan.

Die drie staanplekke heel regs in die


kampplek is die gelykste, maar op hulle het jy geen koelte nie. Die res het almal 'n effense helling, maar is beskut teen die son. Die twee middelste staanplekke is weerskante van 'n boom wat 'n paar verdiepings hoog staan – selfs die hoogste ryhuis sal hier inpas sonder dat jy sy dak skraap. Jou kragpunt ('n gewonde driepuntsok) is in 'n weerbestande boks teen 'n lae paaltjie.

Jy braai jou stukkies vleis of vis op 'n los staalbraaier.

Krane is skaars, en op van die staanplekke is dit makliker om badkamer toe te stap vir water. Dié gebou is op die verste punt van die sirkel, maar steeds naby vir almal.

Die kortpad see toe van jou staanplek af is 'n paadjie wat by die kampplek begin. Links waar jy inry, regoor die eerste staanplek, is 'n hek in die heining. Deur dié hek is dit net sowat 100 m tot op die strand.

Kortliks | Trennerys-hotel



Vis Onder meer wit- en swartsteenbras, kabeljou en bruinhottentot.

Kampplek 10 staanplekke in 'n sirkel met gras, krag en 'n lig. Die meeste van die staanplekke het koelte.

Ablusiegeriewe Basies en skoon met gasgeisers.

Prys Afhangende van die seisoen tussen R130 p.p.p.n en R930 p.n. vir die eerste 4 mense; daarna R125 p.p. Hoogstens 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd Ná 12:00 en 11:00.

Kontak 047 498 0004 trennerys.co.za info@trennerys.co.za

Naaste groot dorp Butterworth 59 km.

Hoe lyk die pad? 10 km klippegronde grondpad met steil dele voor die laaste stuk teepad.

GPS S32.635513 E28.426437

Ry & Sleep sê Bespreek vroegtydig, want hier is net 10 staanplekke.



L'Agulhas-woonwapark

Die L'Agulhas-woonwapark is die suidelikste kampplek op ons vasteland. Dit is 'n reghoekige blok gras, so te sê teen die dorpie se hoofstraat. In die lengte af is dit so groot soos 'n halwe rugbyveld, maar met 'n effense helling aan die see se kant. En net soos op 'n rugbyveld het jy g'n koelte nie.

Jy kamp hier tussen die inwoners se huise, in 'n onomheinde kampplek met net 'n kniehoogte paaltjiesheining en 'n ry huise tussen jou en die see.

In die kampblok staan twee rye wit paaltjies omtrent 18m uitmekaar. Jou staanplek se kraan staan teen die een paaltjie, en die kragboks met sy vier blou woonwasokke teen die paaltjie aan die oorkant. Jou staanpleknommer is op die kragboks aangebring en die vullisdrom staan langs dit.

Die staanplekke is nie duidelik afgebaken nie, maar as jy na die donkerder lyne op die gras kyk, kry jy 'n goeie idee van waar jou staanplek is.

Die kampplek het enkele ligte wat soos hoë straatlampe lyk. Hulle gee genoeg lig sonder om jou te verblind of te pla. Die vuurtoring se wit ligstraal swiep ook saans kort-kort oor die kampplek.

Aan die regterkant van die kampplek, tussen die chalets, is twee badkamergeboue met enkele storte en toilette, maar die eintlike badkamer is 'n vierkantige wit gebou.




Regs van hierdie gebou is die buite-wasbak vir visskoonmaak, en langs dit diep betontrôe vir jou wasgoed. In die middel van die gebou, tussen die mans- en vrouebadkamer, is die opwasplek vir jou kampskottelgoed.

Die see is skaars 100m van die kampplek af. Jy stap net regs by die hek uit, af in Skoolstraat. Hier by die strand is twee getypoele met 'n lieflike grasperk waar jy jou handdoek kan oopgooi. As jy nie omgee om 'n entjie te ry nie, neem die grondpaadjie verby die vuurtoring.

Die Punt is 2,8km van die kampplek af –

Kortliks | L'Agulhas-woonwapark



Vis Onder meer witbiskop, geelstert, galjoen en koperhaai.

Kampplek 39 gelyk staanplekke op welige groen gras sonder koelte.

Ablusiegeriewe Skoon en oud met nie veel pakplek nie.

Prys R235-R315 per staanplek vir tot 6 mense.

Aankoms- en vertrektyd 13:00 en 11:00.

Kontak 028 435 6015

capeagulhas.org/resorts

Naaste dorp Op L'Agulhas.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S34.826146 E20.012741

Ry & Sleep sê Onthou jou hengelpermit. Die naaste poskantoor is op Struisbaai as joune verval het.

hier kan jy verwag om witbiskop, geelstert, galjoen en koperhaai digby die kant raak te loop.



VAKANSIE IN DIE PALM VAN JOU HAND




ONS STEL BEKEND: FOREVER SE SPLINTERNUWE BESPREKING TOEP

– DIS MAKLIK, VINNIG EN **#AppYourFingertips!**

By **FOREVER RESORTS**, gryp ons elke geleentheid aan om ons vakansiegangers se lewens te vergemaklik. Met die bekendstelling van ons nuwe Toep, is vakansiebeplanning eenvoudiger as ooit tevore! Met slegs 'n paar kliks op jou selfoon, kan jy die nuutste pryse en spesiale pakkette aanskou, jou akkommodasie en datums bevestig, en jou volgende groot wegbreek by Forever bespreek! Om die waarheid te sê, dis só maklik, jy sal enige verskoning gebruik om jou foon te wil uithaal, 'n vakansie vir jou familie of vriende te wil bespreek, of ons beeldskone land te wil verken.

ONS TOEP IS BESIKBAAR OP



TEL: +27 (0)12 423 5600

E-POS: info@foreversa.co.za

WEBTUISTE: www.foreversa.co.za

